

**DIE ONTWIKKELING VAN 'n HOLISTIESE  
BEHUISINGSEVALUERINGSMODEL VIR  
LAEKOSTEBEHUISING**

Charlene Jennifer Erasmus  
8011635

Proefskrif ingelewer ter vervulling van die vereistes vir die graad  
van PhD in (Menslike Ekologie) in die Fakulteit  
Gemeenskaps- en Gesondheidswetenskappe,  
Universiteit van Wes-Kaapland

UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

Studieleier: Dr. R. Albertyn  
Medestudieleier: Dr. D. Schutte

November 2007

# **DIE ONTWIKKELING VAN 'n HOLISTIESE BEHUISINGSEVALUERINGS- MODEL VIR LAEKOSTEBEHUISING**

Charlene Jennifer Erasmus

## **SLEUTELWOORDE**

Laekostebehuising

Evaluering

Behuisingsevalueringmodel

Behuising vir gesonde lewensomstandighede of leefwyse

Behuisingswetgewing

Gemeenskappe

Gemeenskapsdeelname

Behuisingsindikatore

Voldoende behuising

Behuisingstruktuur



## OPSOMMING

Menslike ekoloë, voel, soos die regering, dat 'n huis meer as 'n struktuur is en dat die omgewing waarbinne die woning geleë is net so belangrik as die huis self is om in die behoeftes en vereistes van die bewoners te voldoen. Hierdie studie het bepaal of die regering se beleid ten opsigte van die beplanning en bou van behuisingseenhede aan die vereistes van “meer as net 'n struktuur” voldoen. Deur behuisingwetgewing te evalueer word verantwoordbaarheid ten opsigte van die toepassing daarvan verhoog en kan riglyne vir behuisingpraktisyns aangebied word.

Die doel van hierdie studie was om 'n holistiese behuisingsevalueringsmodel (HBEM) vir laekostebehuising vanuit 'n menslike ekologiese perspektief te ontwikkel. Die navorsingdoelwitte was om inligting oor omstandighede en toestande binne die gemeenskap in te win (doelwit 1) en 'n holistiese behuisingsevalueringsmodel, saamgestel uit behuising-indikatore vir gesonde behuising, te ontwikkel (doelwit 2). 'n Vraelys (doelwit 3) is na aanleiding van die saamgestelde model opgestel om die mate waartoe behoeftes van individue in die Wesbank-gemeenskap (doelwit 4) aan die hand van die indikatore bevredig was, te identifiseer. 'n Gemeenskapsprofiel (doelwit 5) van Wesbank is daarvolgens saamgestel.

Regeringswetgewing ten opsigte van laekostebehuising is in Wesbank aan die hand van die HBEM geëvalueer om te bepaal in hoe 'n mate behuising aan die behoeftes van gesinne voldoen. Evalueeringsnavorsing is gebruik, met meervoudige data-insamelingstegnieke soos 'n dokumentêre inhoudsanalise, 'n semantografiek, fokusgroepe en 'n opname deur middel van 'n gestruktureerde vraelys. Die HBEM is saamgestel uit die bestudering van regeringsbeleid en -wetgewing, analise van die literatuur, en die uitken van indikatore soos verkry uit die fokusgroepe met die doelwit om behuisingkwaliteit te bepaal. Deur die toepassing van die HBEM kan 'n gemeenskap se behoeftes en ander behuisingaspekte geïdentifiseer en 'n gemeenskapsprofiel saamgestel word. Sinvolle gevolgtrekkings oor die knelpunte in die gebied word dan visueel deur die model uitgebeeld vir maklike toepassing deur ontwikkelingspraktisyns. Die HBEM is as basis vir die ontwikkeling van 'n vraelys

gebruik wat dan toegepas is in 'n opname in die laekostebehuisingsgebied van Wesbank om te evalueer in hoe 'n mate dit aan die doelwit, dat 'n huis meer as net 'n struktuur moet wees, voldoen.

Die bevindings van die ondersoek in Wesbank het getoon dat aspekte soos die gehalte van die fisiese struktuur, ruimte en privaatheid, voldoende en volhoubare lewering van dienste en toeganklikheid van fasiliteite bepaal hoe inwoners van laekostebehuising hulle strukture ervaar. Sterk menings is uitgespreek oor 'n ernstige tekort aan privaatheid, en die swak gehalte van die woonstrukture wat tot siektetoestande lei. In die navorsing is bevind dat behuisingsontwikkeling in Wesbank beslis nie tot verbeterde gesondheid en lewensgehalte van inwoners bygedra het nie. 'n Gemeenskapsprofiel vir Wesbank is dus na aanleiding van die resultate van die opname saamgestel. Na aanleiding van die gemeenskapsprofiel wat vanuit die studie in Wesbank saamgestel is, word daar dus aanbeveel dat behuisingsopvoedingsprogramme aan begunstigdes gebied word. Gemeenskapsfasiliteite en fisiese ontwikkeling behoort tesame met alle sosio-sielkundige, kulturele en sport-ontwikkeling plaas te vind. 'n Ondersoek na alternatiewe behuisingsstipes, boumateriaal en konstruksietegnieke moet geloods word ten einde 'n geskikte produk te vind wat 'n bydrae tot verbeterde gesondheid en lewensgehalte sal lewer. Keuring van kontrakteurs, asook die monitering en toepassing van gehaltestandaarde moet streng toegepas word.

Aanbevelings is dat ontwikkelaars eers, 'n volledige en deeglike opname van die begunstigdes van beoogde behuisingsontwikkelings moet doen voor die ontwikkeling 'n aanvang neem. Die HBEM kan in gebiede met verskillende ekonomiese en inkomstevlakke, asook in verdere navorsing, toegepas word en sodoende kan vergelykende profiele van gemeenskappe saamgestel word. Deelname van begunstigdes in enige behuisingsproses moet aangemoedig word aangesien dit moontlik die volhoubaarheid van hulle gemeenskappe sal kan meebring. Met die HBEM kan die regering en behuisingsontwikkelaars dus in nuwe ontwikkelings vooraf seker maak dat die regte tipe behuising vir die regte tipe gemeenskap gebou en ontwikkel word. Die HBEM kan ook in bestaande gebiede toegepas word om 'n behoeftebepaling te doen wat as riglyn vir ontwikkeling kan dien.



## **ABSTRACT**

Human ecologists agree with the government's view that a house encompasses more than a structure, and that its environment and location are equally important in meeting the needs and expectations of the occupants. This study was undertaken to establish whether the planning and building of housing units do indeed comply with government policy and adhere to the set standards for houses being "more than just a structure". In evaluating the housing act, questions were raised about government's accountability regarding the enforcement of stipulations, with a view to offering guidelines that could be applied by housing practitioners.

The aim of the study was to develop a holistic evaluation model for low-cost housing from the perspective of human ecology. The research aims were to obtain information about circumstances and conditions within a specific community (Objective 1). The study endeavoured to develop a holistic housing evaluation model (Objective 2) based on housing indicators for healthy housing. A questionnaire (objective 3), corresponding with the compound model, was designed to ascertain to which extent the needs of individuals in the Wesbank community (Objective 4) had been met in compliance with the indicators. A community profile (Objective 5) of Wesbank was then drawn up accordingly.

Government legislation in respect of low-cost housing in Wesbank was evaluated according to the holistic housing evaluation model (HHEM) to determine to what extent the housing served the needs of families. Evaluation research was undertaken using multiple data collection techniques such as a documentary content analysis, a semantograph, focus groups and a survey conducted by means of a structured questionnaire. The HHEM was compiled by studying government policy and legislation, analysing the literature and identifying indicators as obtained from the focus groups, with the purpose of determining housing quality. By using the HHEM it became possible to identify community needs and other housing aspects, and to draw up a community profile. Meaningful conclusions about problematic areas in this particular environment were then presented visually by means of this model, which could readily be implemented by development practitioners. The HHEM served as a basis for the questionnaire used in a survey conducted in the Wesbank low-cost

housing area, evaluating to what extent the project complied with the objective of providing houses that would be more than mere structures.

From the findings of the study in Wesbank it appeared that aspects such as the quality of the physical structure, space and privacy, sufficient and sustainable provision of services and accessibility to facilities determine how the occupants of low-cost housing experience their structures. Strong opinions have been voiced about a serious shortage of privacy and the poor quality of the housing structures, the latter resulting in conditions of ill health. The research found that housing development in Wesbank definitely did not contribute to improved health and the quality of life amongst the inhabitants. A community profile for Wesbank was then drawn up in response to the results of the survey. Based on the community profile that ensued from the study in Wesbank, it is recommended that educational housing programmes be made available to beneficiaries. Concomitantly, community facilities and physical development should be provided to advance all forms of socio-psychological, cultural and sports development. A study of alternative types of housing, building material and construction techniques needs to be launched to find a suitable product that would contribute to improved health and living conditions. A careful selection of contractors, close monitoring of the construction operations and the application of quality standards should be strictly enforced.

Other recommendations are that developers should first undertake a complete and thorough survey of the beneficiaries of proposed housing developments. The HHEM could be enforced in areas with different economic and income levels, and applied in further research, thereby creating comparative profiles of the respective communities. Participation by beneficiaries should be encouraged in any housing process, as this could possibly ensure the sustainability of their communities. With the HHEM the government and housing developers in new developments could ensure beforehand that the right type of housing will be built and developed for the right type of community. The HHEM can also be applied in existing areas for executing needs studies to serve as a guideline for development.

## VERKLARING

Ek verklaar dat Die ontwikkeling van 'n holistiese behuisingsevalueringsmodel vir laekostebehuising my eie werk is, dat dit nie voorheen in sy totaliteit of in gedeelte by enige universiteit vir enige graad ingedien is nie, en dat al die bronne geraadpleeg en/of aangehaal, aangedui en erken word as volledige bronne.

Charlene Jennifer Erasmus

November 2007

Handtekening: .....

Datum: .....



## **BEDANKING**


By die afhandeling van hierdie verhandeling wil ek graag my opregte dank betuig aan die volgende persone:

Dr Albertyn vir die positiewe en inspirerende wyse waarop sy as studieleier leiding gegee het en vir haar geduld, ondersteuning, kennis, insig en bystand gedurende die proses

Dr De Wet Schutte vir ondersteuning, bystand en waardevolle wenke en riglyne in verband met die navorsingsmetodiek, en vir die statistiese verwerking van die gegewens

My wederhelf, Nathan, en ons seuns, Aidan en Lucian, vir hulle ondersteuning en motivering

Die inwoners van Wesbank vir hulle deelname aan die navorsing.



# INHOUDSOPGAWE

Lys van figure	vi
Lys van tabelle	viii
Lys van afkortings	ix
<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING EN MOTIVERING</b>	<b>1</b>
1.1 INLEIDING	1
1.2 DOEL VAN DIE NAVORSING	5
1.3 NAVORSINGSDOELWITTE	5
1.4 KONSEPTUELE RAAMWERK	6
1.5 VERKLARING VAN SLEUTELBEGRIPPE	8
1.5.1 Behuising	8
1.5.2 Behuisingseenheid	8
1.5.3 Behuisingsontwikkeling	8
1.5.4 Behuisingsbeleid en behuisingswetgewing	9
1.5.5 Gemeenskap	9
1.5.6 Holistiese evalueringsmodel	9
1.6 UITLEG VAN DIE NAVORSING	9
<b>HOOFSTUK 2: BEHUISINGSWETGEWING</b>	<b>11</b>
2.1 INLEIDING	11
2.2 KONSEPTE VAN BELANG MET BETREKKING TOT BEHUISING	13
2.2.1 Beleid	13
2.2.2 Definisies van behuising	14
2.2.3 Behuisingsbehoefte	17

2.2.3.1	<i>Fisiese behoeftes</i>	17
2.2.3.2	<i>Abstrakte behoeftes</i>	17
2.2.3.3	<i>Minimumstandaarde</i>	17
2.2.3.4	<i>Behuisingsstabiliteit</i>	18
2.2.4	Voldoende behuising	18
2.2.5	Behuising en gesondheid	19
2.2.6	Ontwikkeling	21
2.2.6.1	<i>Behuisingsontwikkeling</i>	22
2.2.6.2	<i>Gemeenskapsdeelname</i>	24
2.3	NASIONALE BEHUISINGSWETGEWING	28
2.3.1	Historiese agtergrond van behuising in Suid-Afrika	28
2.3.2	Die Grondwet van Suid-Afrika	31
2.3.3	Die Heropbou-en Ontwikkelingsprogram (HOP) ( <i>Reconstruction and Development Programme</i> )	32
2.3.4	Witskrif oor Behuising	33
2.4	TEORIEË EN BENADERINGS IN MENSLIKE EKOLOGIE	40
2.4.1	Ekologiese sisteemteorie	43
2.4.2	Bemagtigingsteorie	46
2.5	SAMEVATTING	49
<b>HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE</b>		<b>51</b>
3.1	INLEIDING	51
3.2	METODOLOGIE	51
3.3	NAVORSINGSKONTEKS: WESBANK	53
3.3.1	Agtergrond	53
3.3.2	Ligging	53
3.3.3	Behuising	55
3.4	DATA-INSAMELING	57
3.5	DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE	57
3.5.1	Fokusgroepe	58

3.5.2	Dokumentêre studie	61
3.5.3	Behuisingsevalueringsmodel	62
3.5.4	Vraelys	68
3.5.4.1	<i>(Loodsstudie) Toetsing van vraelys</i>	72
3.5.4.2	<i>Administrasie van vraelys</i>	74
3.6	DATA-ANALISE	75
3.7	SAMEVATTING	76
<b>HOOFSTUK 4: RESULTATE EN BESPREKING</b>		<b>77</b>
4.1	INLEIDING	77
4.2	INWIN VAN INLIGTING	77
4.3	DOKUMENTÊRE STUDIE	81
4.4	DIE OPNAME	81
4.4.1	Demografiese en sosio-ekonomiese inligting	81
4.4.1.1	<i>Geslag</i>	81
4.4.1.2	<i>Ouderdom</i>	82
4.4.1.3	<i>Huwelikstatus</i>	83
4.4.1.4	<i>Huistaal</i>	84
4.4.1.5	<i>Bevolkingsgroepe</i>	84
4.4.1.6	<i>Opvoedkundige kwalifikasies</i>	85
4.4.1.7	<i>Inkomste</i>	86
4.4.1.8	<i>Bronne van inkomste</i>	87
4.4.1.9	<i>Vaste inkomste</i>	88
4.4.2	Mikrovlak	90
4.4.2.1	<i>Ekonomiese aspekte</i>	91
4.4.2.1.1	<u>Huiseienaarskap</u>	91
4.4.2.1.2	<u>Bekostigbaarheid</u>	93
4.4.2.1.3	<u>Ekonomiese investering en inkomste</u>	95
4.4.2.1.4	<u>Broodwinning en inkomste</u>	96
4.4.2.2	<i>Fisiese struktuur</i>	98



4.4.2.2.1	<u>Tipe woning</u>	98
4.4.2.2.2	<u>Konstruksiemateriaal</u>	99
4.4.2.2.3	<u>Gehalte van fisiese struktuur</u>	100
4.4.2.2.4	<u>Grootte van fisiese struktuur</u>	105
4.4.2.2.5	<u>Fisieke gesondheid</u>	112
4.4.2.3	<i>Fisiese sekuriteit</i>	116
4.4.2.3.1	<u>Veilige woonomgewing</u>	116
4.4.2.3.2	<u>Basiese behoeftes</u>	117
4.4.2.4	<i>Sosio-sielkundige aspekte</i>	119
4.4.3	Gemeenskapsvlak	126
4.4.3.1	<i>Infrastruktuur</i>	127
4.4.3.1.1	<u>Verskaffing van dienste</u>	127
4.4.3.1.2	<u>Fasiliteite</u>	128
4.4.3.1.3	<u>Toeganklikheid van fasiliteite</u>	129
4.4.3.1.4	<u>Fasiliteite en aangeleenthede binne woonomgewing</u>	130
4.4.3.2	<i>Omgewing</i>	135
4.4.3.2.1	<u>Ligging en woonomgewing</u>	135
4.4.3.2.2	<u>Klimaatstoestande</u>	136
4.4.3.3	<i>Gemeenskapsbou</i>	139
4.4.3.4	<i>Grondgebruik</i>	140
4.5	HOLISTIESE EVALUERINGSMODEL	143
4.6	SAMEVATTING	148

## **HOOFSTUK 5: OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN**

	<b>AANBEVELINGS</b>	<b>149</b>
5.1	INLEIDING	149
5.2	GEVOLGTREKKINGS	150
5.2.1	MIKROVLAK	151
5.2.1.1	Ekonomiese aspekte	151
5.2.1.2	Fisiese struktuur	152



5.2.1.3 Fisiese sekuriteit	153
5.2.1.4 Privaatheid	153
5.2.1.5 Sosio-sielkundige aspekte	154
5.2.2 GEMEENSKAPSVLAK	154
5.2.2.1 Infrastruktuur	155
5.2.2.2 Omgewing	155
5.2.2.3 Gemeenskapsbou	156
5.2.2.4 Grondgebruik	156
5.3 AANBEVELINGS	158
5.4 VERDERE NAVORSING	159

## **BIBLIOGRAFIE**

**161**

### **ADDENDA**

Addendum A: Brief aan professionele behuisingkundige

Addendum B: Gestruktureerde vraelys

Addendum C: Fokusgroepdata

Addendum D: Ligging – Wesbank

Addendum E: Planne van enkelwoning en skakelwoning



## LYS VAN FIGURE

<b>FIGUUR 1.1:</b>	Konseptuele raamwerk van navorsing	7
<b>FIGUUR 3.1:</b>	Evalueringsmodel: mikrovlak	66
<b>FIGUUR 3.2:</b>	Evalueringsmodel: gemeenskapsvlak	67
<b>FIGUUR 4.1:</b>	Fokusgroepe: gemeenskap se beskouing van gesonde behuising	80
<b>FIGUUR 4.2:</b>	Geslag	82
<b>FIGUUR 4.3:</b>	Ouderdom	83
<b>FIGUUR 4.4:</b>	Huwelikstatus	83
<b>FIGUUR 4.5:</b>	Huistaal	84
<b>FIGUUR 4.6:</b>	Bevolkingsgroepe	85
<b>FIGUUR 4.7:</b>	Inkomstestatus van lede van huishouding	87
<b>FIGUUR 4.8:</b>	Totale inkomste	90
<b>FIGUUR 4.9:</b>	Huurbedrag	97
<b>FIGUUR 4.10:</b>	Gehalte van struktuur	100
<b>FIGUUR 4.11:</b>	Motivering: grootte van fisiese struktuur	105
<b>FIGUUR 4.12:</b>	Bydrae tot gesondheid	113
<b>FIGUUR 4.13:</b>	Redes: bydrae tot gesondheid	114
<b>FIGUUR 4.14:</b>	Veilige woonomgewing	117
<b>FIGUUR 4.15:</b>	Basiese behoeftes	118
<b>FIGUUR 4.16:</b>	Ek is gelukkig om in Wesbank te woon	120
<b>FIGUUR 4.17:</b>	Ek kan op die res van die gemeenskap vertrou om my te help as ek 'n probleem het	121
<b>FIGUUR 4.18:</b>	Goeie gebied om kinders in groot te maak	122
<b>FIGUUR 4.19:</b>	Behuisingsontwikkeling in Wesbank het gelei tot die verbetering in die sosio-ekonomiese welstand van die gemeenskap	123
<b>FIGUUR 4.20:</b>	Voordele verbonde om betrokke in die gemeenskap te wees	124
<b>FIGUUR 4.21:</b>	Kan my kulturele en godsdienstige gebruike in Wesbank uitleef	124

<b>FIGUUR 4.22:</b> Het 'n menswaardige bestaan in Wesbank	125
<b>FIGUUR 4.23:</b> Kan my uitleef in Wesbank	125
<b>FIGUUR 4.24:</b> Beskou my woning as plek waarna ek kan terugkeer as toevlug	126
<b>FIGUUR 4.25:</b> Woonomgewing	136
<b>FIGUUR 4.26:</b> Wind en reënskade aan woning	137
<b>FIGUUR 4.27:</b> Aangeboude of los struktuur	141
<b>FIGUUR 4.28:</b> Evalueringsmodel: mikrovlak	146
<b>FIGUUR 4.29:</b> Evalueringsmodel: gemeenskapsvlak	147



## LYS VAN TABELLE

<b>TABEL 3.1:</b>	Data-insamelingstegnieke	58
<b>TABEL 3.2:</b>	Stellingstoekenning volgens model	69
<b>TABEL 4.1:</b>	Fokusgroepe: gemeenskap se beskouing van gesonde behuising	78
<b>TABEL 4.2:</b>	Opvoedkundige kwalifikasies	86
<b>TABEL 4.3:</b>	Bronne van inkomste	88
<b>TABEL 4.4:</b>	Ontvangs van inkomste	89
<b>TABEL 4.5:</b>	Huiseienaarskap	91
<b>TABEL 4.6:</b>	Uitsit uit huis	93
<b>TABEL 4.7:</b>	Huur en huispaaieiment	94
<b>TABEL 4.8:</b>	Bedrag: Huur en huispaaieiment	95
<b>TABEL 4.9:</b>	Beskou u woning as...	96
<b>TABEL 4.10:</b>	Huurders	97
<b>TABEL 4.11:</b>	Behuisingseenheid of tipe woning	99
<b>TABEL 4.12:</b>	Motivering: gehalte van fisiese struktuur	102
<b>TABEL 4.13:</b>	Optrede ten opsigte van gehalte van fisiese struktuur	103
<b>TABEL 4.14:</b>	Optrede ten opsigte van grootte van fisiese struktuur	107
<b>TABEL 4.15:</b>	Groter/kleiner wonings	108
<b>TABEL 4.16:</b>	Motivering: basiese behoeftes	119
<b>TABEL 4.17:</b>	Toeganklikheid van Fasiliteite	130
<b>TABEL 4.18:</b>	Aangeleentheid en fasiliteit	133
<b>TABEL 4.19:</b>	Gevolge van wind en reënskade	137
<b>TABEL 4.20:</b>	Waar huurders slaap	142
<b>TABEL 4.21:</b>	Samestelling van struktuur	142

## **LYS VAN AFKORTINGS**

ANC	African National Congress
CSIR	Council for Scientific and Industrial Research
HBEM	Holistiese Behuisingsevalueringsmodel
HBIS	Holistiese Behuisingsimpakstudie
HOP	Heropbou-en-ontwikkelingsprogram (Reconstruction and Development Programme)
KMR	Kaapse Metropolitaanse Raad (Cape Metropolitan Council)
MOSS	Metropolitan Open Space System
MSDF	Metropolitan Spatial Development Framework
NBF	Nasionale Behuisingsforum
NBNI	Nasionale Bounavorsingsinstituut (National Building Research Institute)
PAWK	Provinsiale Administrasie van die Wes Kaap
PBOR	Provinsiale Behuisingsontwikkelingsraad
SOR	Stedelike Ontwikkelingsraamwerk (Urban Development Framework)
WNNR	Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN MOTIVERING

### 1.1 INLEIDING

Verstedeliking is 'n wêreldwye verskynsel wat aansienlike druk op stedelike en dorpsontwikkeling uitoefen. Heersende verstedelikingstendense lei tot die ontstaan van nuwe stedelike nedersettings, terwyl bestaande stede steeds groter word. Daarbenewens vind die vinnige toename van stedelike inwoners en ruimtelike groei dikwels plaas sonder die noodsaaklike uitbreiding van publieke dienste of fasiliteite (Mtembi-Mahanyele, 2002:1; Kiangi, 1998:1) en lei dit ook tot onbeheerde verstedeliking, onregmatige grondbesetting, en die styging in kostes en finansiering van noodsaaklike dienste en behuising (Mtembi-Mahanyele, 2001:2; Braaf, 1998:iii). Stedelike gebiede kan omskryf word as versameling geboue dig bymekaar op 'n beperkte stukkie grond met die kenmerkende veranderinge in karakter en leefstyl van 'n samelewing (Ferreira, Van Wyk en Odendaal 1994:2; Bernstein, 1989:18). 'n Stedelike lewenswyse word gekenmerk deur groot getalle mense wat nou saamleef in gebiede wat deur geboue, teer, geraas, verkeer en 'n verlies aan kontak met die natuurlike omgewing oorheers word (Hope, 1999 in Hope en Lekorwe, 1999:840).

Die impak van stedelike bestaan het reeds globale afmetings aangeneem (Hedding, 1999:11) en namate die stede uitbrei, styg die vraag en eise na hulpbronne, en word toenemende druk op geografiese gebiede, sanitasie, watervoorraad, vullisverwydering en vervoer geplaas (Gillis, Perkins, Roemer en Snodgrass 1996:200). Grootskaalse migrasie, 'n hoë natuurlike aanwas, stedelike nedersettings en armoede is maar enkele faktore wat bydra tot omgewingsagteruitgang, 'n onvoldoende fisiese infrastruktuur en dienste, die gesondheidsgevolge van oorbevolking en 'n verhoogde blootstelling aan

gekonsentreerde afval, nievolhoubare hulpbronverbruik, die oorbesetting van omgewingskwesbare grond en gesondheidsprobleme (Hope en Lekorwe, 1999:836-842; Satterthwaite, 1993:88).

Oor die eeue heen was stede instrumenteel tot ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling, met die voorsiening van residensiële akkommodasie as kernbestanddeel (Adler, 2000:1). Afgesien van die voordele soos versamelingseconomieë en werksgeleenthede wat binne stede bestaan, veroorsaak 'n oorkonsentrasie van mense, stedelike bevolkingsgroei en migrasie later dat werksgeleenthede geleidelik uitgeput raak, met die gepaardgaande stedelike probleme (Connell, 2002:1), soos die koste en finansiering van openbare dienste, horisontale uitbreiding, groot reisafstande, verkeersopeenhopings, besoedeling en onvoldoende behuising. Vinnige verstedeliking en grootskaalse migrasie vererger nie slegs sosiale probleme nie, maar verminder ook die vooruitsig op ordelike stedelike ontwikkeling weens onvermydelike tekortkominge in die verskaffing van stedelike dienste, infrastruktuur en behuising (Choguill, 1987:47).

Omgewingsprobleme is geneig om veral in arm gemeenskappe voor te kom. McGranahan (1993:106) beweer dat armoede die basiese rede is vir voortdurende omgewingsprobleme, en dat armoedeverligting 'n voorvereiste is vir die skep van 'n aanvaarbare huisomgewing is. Aangesien arm gemeenskappe die meeste ly, lê die oplossing in deelname wat tot bemagtiging lei. Oakley en Marsden (1991:6) is ook van mening dat stedelike armoede en omgewingsagteruitgang beperk kan word indien 'n gemeenskap aktief betrokke raak by besluitneming, beplanning en die uitvoer van projekte, omdat mense slegs kan ontwikkel deur middel van deelname aan besluitneming en deur aktiwiteite wat hulle welstand raak. Dit is hierdie bemagtiging van 'n gemeenskap of individue wat Brynard (1996:134) en verskeie ander navorsers (Lahiri-Dutt, 2004; Page en Czuba, 1999; McGregor, 1997; Vaines, 1993) as 'n leerproses beskou, deurdat mense bewus raak van gemeenskapsprobleme en insig kry in die moeite wat met die vind van oplossings gepaard gaan. Gemeenskapsdeelname is 'n onvoorwaardelike vereiste

vir gemeenskaps-bemagtiging. Dit is op hierdie wyse dat mense deurslaggewende sosiale veranderinge teweeg kan bring wat hulle in staat stel om deel te hê aan die voordele van 'n welgestelde gemeenskap.

Wesbank is teen hierdie agtergrond van verstedeling en gepaardgaande probleme en uitdagings gekies as die fokus van hierdie studie. Dit is 'n nuutontwikkelde behuisingsontwikkeling, geleë tussen die R300 en Kuilsrivier (Wes-Kaap), en bestaande uit 5174 behuisingseenhede wat gebou is om persone in die lae-inkomstegroep te huisves (Herandien, 1999:104). Dié lae-inkomste-behuisingsontwikkeling is ná 1994 deur die Provinsiale Behuisingsontwikkelingsraad (PBOR) as 'n vlagskipprojek vir die ontwikkeling van bekostigbare behuising in die Wes-Kaap van stapel gestuur (Anoniem, 1998: 24). Dié studie word vanuit die perspektief van die menslike ekologie onderneem. Vir Menslike Ekoloë is 'n huis meer as net 'n fisieke struktuur; dit is 'n entiteit waarin sosio-ekonomiese faktore 'n ewe belangrike rol speel. Die Heropbou- en ontwikkelingsprogram (HOP, 1994:23), en daarmee die Suid-Afrikaanse regering, huldig dieselfde standpunt.

Die konteks waarbinne menslike ekoloë praktiseer, is gebaseer op die teorieë van bemagtiging en die ekologiese-sisteemteorie; en binne hierdie bepaalde studie ook op die interdisiplinêre benadering ('n breedvoerige bespreking volg in Hoofstuk 2) (McGregor, 2007, 2006, 2004; Albertyn, 2005; Nicolescu, 2005, 1997; Nickels, 2003; Albertyn, Kapp en Groenewald, 2002; Stage en Vincenti, 1997; Trzcinski, 1995; Bubolz, 1995; Bubolz en Sontag, 1993). Menslike ekologie is gemoeid met die verbetering en verhoging van lewenskwaliteit, deurdat dit fokus op die onderlinge verwantskappe en wederkerige verhoudings tussen individue, gesinne en gemeenskappe, en die veelvuldige omgewings waarbinne hulle fungeer (Stage en Vincenti, 1997:306).

Menslike ekologie fokus op die ekologie van gesinne en huishoudings, en erken die kompleksiteit van interaksies tussen mense en hulle omgewing, asook die mens se kapasiteit om geaffekteer te word en die veelvuldige invloed op hulle te



wysig. Hierdie benaderings rig die missie en visie van menslike ekologie, en beklemtoon die unieke bydrae van dié dissipline tot die holistiese ontwikkeling van gesinne, individue en gemeenskappe. Dit is teen hierdie agtergrond dat die wenslikheid van die ontwikkeling van 'n evalueringsinstrument vir menslike ekoloë ontstaan het, en in die veld van gemeenskapsbehuising aangewend word. Die instrument sal nie slegs geskik wees om die kompleksiteit van die invloed van behuisingsprojekte te evalueer nie. Dit kan ook menslike ekoloë wat in die behuisingsveld as gemeenskapsontwikkelaars werksaam is, help met opnames vir die samestelling van 'n holistiese behuisingsimpakstudie (HBIS), soortgelyk aan 'n omgewingsimpakstudie wat aangeleenthede op die mikro- en gemeenskapsvlak van 'n bepaalde gemeenskap raak. Inligting wat tydens sodanige impakstudies ingewin word, kan dan gebruik word vir die beplanning van strategieë om die lewensgehalte van hulle teikengroep te verbeter. Menslike ekoloë kan hierin 'n bykomende rol vervul deur te help om die regering se beleid te evalueer en toe te pas, en tegelykertyd die verantwoordbaarheid ten opsigte van die toepassing van behuisingswetgewing in arm gemeenskappe te verhoog.

Die Wet op Behuising (107 van 1997:102) onderskryf artikel 26 van die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) wat bepaal dat elkeen die reg het op toegang tot voldoende behuising. Daarbenewens omskryf dit behuisingsontwikkeling as "*a variety of processes through which habitable, stable and sustainable public and private residential environments are created for viable households and communities*" (Witskrif oor Behuising, 1994:20). Behuising word ook omskryf as "*both a product and process that is vital to the socio-economic well-being of a nation*" (Wet op Behuising 107 van 1997:4). Hierdie dokument erken die vertrekpunt wat in beide van die voorafgaande aanhalings veronderstel word, naamlik dat die omgewing waarbinne 'n huis geleë is, net so belangrik is as die huis self om in die behoeftes en noodsaaklikhede van die bewoner te voorsien (Witskrif oor Behuising, 1994:21). Die vraag ontstaan dus of die gewenste uitkomst bereik word soos dit in artikel 152 van die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) vervat

is, en ten opsigte van behuisingsontwikkeling in die Wet op Behuising (107 van 1997:102) voorgehou word.

Hierdie studie wil vasstel of die regering se beleid wat tydens die beplanning en bou van behuisingseenhede toegepas word, wel aan die vereistes van behuising as "meer as net 'n struktuur" voldoen.

## **1.2 DOEL VAN DIE NAVORSING**

Die navorsing stel hom die volgende ten doel

- die ontwikkeling van 'n teoreties gefundeerde, holistiese behuisingsevalueringsmodel vir die evaluering van laekostebehuising, vanuit 'n menslik-ekologiese-perspektief;
- om bestaande wetgewing teen die holistiese model te meet;
- om te bepaal in welke mate die behuising aan die behoeftes van individue en gemeenskappe in Wesbank voldoen;
- om aanbevelings te maak ten opsigte van behuisingsonderrig en -opleiding vir persone in die behuisingsveld, asook vir behuisingspraktisyns.

## **1.3 NAVORSINGSDOELWITTE**

Die navorsing het die volgende spesifieke doelwitte:


1. Die inwin van inligting oor toestande binne die Wesbank-gemeenskap.
2. Om 'n behuisingsevalueringsmodel van indikatore van behuising vir gesonde lewensomstandighede saam te stel, soos geïdentifiseer ná 'n analise van regeringswetgewing en vakliteratuur.
3. Om 'n vraelys op te stel wat gegrond is op die behuisingsevalueringsmodel en op samesprekings met individue in die gemeenskap van Wesbank.
4. Identifisering van die mate waarin daar aan die hand van die indikatore aan die behoeftes van individue in die gemeenskap voldoen is.
5. Die samestelling van 'n gemeenskapsprofiel.

#### **1.4 KONSEPTUELE RAAMWERK**

Die konseptuele raamwerk van hierdie navorsing, soos uiteengesit in Figuur 1.1, toon die hoof fokusareas van die navorsing. Die navorsing het ten doel gehad die ontwikkeling van 'n holistiese behuisingsevalueringsmodel wat saamgestel is deur die (a) bestudering and analisering van vakliteratuur en behuisingswetgewing, (b) inwin van inligting binne die gemeenskap deur fokusgroepe en (c) die ontwikkeling van 'n gestruktureerde vraelys met gepaardgaande gemeenskapsopname. Na die opname is 'n gemeenskapsprofiel van Wesbank saamgestel.



Figuur 1.1: Konseptuele raamwerk van navorsing



## **1.5 VERKLARING VAN SLEUTELBEGRIPE**

Vir die doeleindes van hierdie studie dien die volgende operasionele definisies as vertrekpunt:

### **1.5.1 Behuising**

Behuising word omskryf as voldoende beskutting, bevrediging van basiese behoeftes as beide 'n produk en 'n proses, 'n produk van menslike strewes en ondernemingsgees, 'n deurslaggewende deel van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning, 'n sleutelsektor van die nasionale ekonomie, en deurslaggewend vir die sosio-ekonomiese welstand van die bevolking (Wet op Behuising 107 van 1997:102).

Die konsep gesonde behuising word beskou as behuising vir gesonde lewensomstandighede of leefwyse.

### **1.5.2 Behuisingseenheid**

'n Behuisingseenheid is 'n menslike skepping wat die ruimte van lede van 'n huishouding omskryf en beperk (Penderis, 1996:21).

### **1.5.3 Behuisingsontwikkeling**

Behuisingsontwikkeling soos beskryf in die Wet op Behuising 107 van 1997 beteken die daarstelling en instandhouding van bewoonbare, stabiele en volhoubare openbare en private residensiële omgewings om lewensvatbare huishoudings en gemeenskappe te verseker in gebiede wat gerieflike toegang tot ekonomiese geleenthede en tot gesondheids-, opvoedkundige en sosiale geriewe bied, waarin alle burgers en permanente inwoners van die Republiek op 'n progressiewe grondslag toegang sal hê tot die volgende:

- a) Permanente residensiële strukture met sekerheid van besitreg, waarin interne en eksterne privaatheid verseker kan word en wat voldoende beskerming teen elemente verskaf.

- b) Drinkbare water, voldoende sanitasie en huishoudelike energievoorsiening.  
(Wet op Behuising 107 van 1997).

#### **1.5.4 Behuisingsbeleid en behuisingswetgewing**

Behuisingsbeleid kan omskryf word as 'n politiese verklaring deur die regering met betrekking tot die wyse waarop hy gaan poog om aanvaarbare behuisingsalternatiewe vir sy mense te voorsien (Meyer, 1989:23).

#### **1.5.5 Gemeenskap**

Gemeenskappe word gewoonlik gedefinieer ingevolge geografiese gebied en gemeenskaplike belange en behoeftes (De Beer en Swanepoel, 1998:17-18; Hogg, 1998:23).

#### **1.5.6 Holistiese evalueringsmodel**

Die holistiese evalueringsmodel verskaf 'n algehele (holistiese) raamwerk vir ons beskouing van die werklikheid. Dit skep vir ons 'n oorsigtelike beeld van die werklikheid, bied die basiese elemente waaruit die werklikheid bestaan (ontologie), asook die aard en status van die kennis (epistemologie) (Silverman, 2001:3).

In hierdie proefskrif word die terme model, evalueringmodel en behuisingsevalueringmodel afwisselend gebruik.

### **1.6 UITLEG VAN DIE PROEFSKRIF**

**HOOFSTUK 1** bied die inleiding, die navorsingsvoorstel en agtergrond vir die navorsing. Die doelwitte sowel as die konteks en konseptuele raamwerk waarbinne die navorsing gaan geskied, word hier voorgestel en bespreek. Die doel van die navorsing is om regeringswetgewing te evalueer en 'n holistiese behuisingsevalueringmodel te ontwikkel.

**HOOFSTUK 2** bied 'n oorsig oor die relevante literatuur wat die nodige agtergrond inligting tot die navorsing verskaf ten einde die data soos in Hoofstukke 3 en 4 te interpreteer. Die sleutelareas en konsepte onderliggend aan die navorsing word geïdentifiseer en binne konteks geplaas. Dit handel ondermeer oor die inleidende perspektiewe tot behuising, behuisingsetgewing met die fokus op sleutelwetgewing en beleidstukke wat die regering gehelp het met die prioritering van hulle doelwitte vir herkonstruksie en ontwikkeling in Suid-Afrika. Die teoretiese onderbou van menslike ekologie en die holistiese behuisingsevalueringsmodel, wat uit hierdie navorsing voortvloei, word ook hier bespreek.

**HOOFSTUK 3** bied 'n uiteensetting van die navorsingsmetodologie, data-insamelingstegnieke en prosedure wat vir die verkryging en analise van data gebruik is. 'n Vraelys vorm die basis vir 'n kwantitatiewe informasiebasis rakende 'n lae-koste behuising woonbuurt (gemeenskap) waarvolgens 'n gemeenskapsprofiel van die inwoners en hul huise saamgestel kan word. Hierdie proses is verder verdiep en verryk met behulp van fokusgroepe.

**HOOFSTUK 4** dokumenteer en bespreek die resultate soos verkry uit die opname en fokusgroepe sessies ten einde die navorsingsdoelwitte, soos uiteengesit in Hoofstuk 1, te bereik en reflekteer die inwoners van Wesbank se persepsies ten opsigte van hul wonings en die woonomgewing.

**HOOFSTUK 5** bespreek die gevolgtrekkings en implikasies van die bevindinge van die navorsing. Voortspruitend uit die resultate word aanbevelings vir praktiese implementering, asook aanbevelings vir verdere navorsing gemaak.

## HOOFSTUK 2

### LITERATUUROORSIG

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n oorsig te gee van toepaslike literatuur wat met hierdie navorsing verband hou. Hierin word ook die sleutelareas en -begrippe onderliggend aan die navorsing geïdentifiseer en binne konteks geplaas. Die eerste gedeelte handel oor beleid, definisies van behuising en belangrikheid van voldoende behuising. Daarna word daar op behuisingswetgewing gefokus. Aan die einde van die hoofstuk word 'n bespreking van die teoretiese onderbou van menslike ekologie aangebied.

#### 2.1 INLEIDING

Die opvatting dat die regering verantwoordelik is vir die voorsiening van "huise vir almal", is nie nuut nie. Hierdie uitgangspunt het etlike dekades voor die verkiesing van 1994 ontstaan, en die African National Congress (ANC) se *Freedom Charter* het alreeds in 1955 'n alternatiewe visie vir behuising uiteengesit, naamlik 'n enkele unitêre staatstruktuur met sterk regeringsintervensie om behuising te verskaf aan diegene met die grootste behoefte (Gardner in Rust en Rubenstein, 1996: 89). Dit beteken dat opvatting oor die regering se verantwoordelikheid met betrekking tot behuising grondig in die Suid-Afrikaanse politieke diskoers gewortel is (Daniels, 2000:5).

Toegang tot behuising en veilige akkommodasie vorm 'n integrale deel van die regering se verbintenis tot armoedeverligting en die verbetering van mense se lewensgehalte (Suid-Afrikaanse Jaarboek, 2003/04:399). Hierdie voorrang wat behuising op die regering se agenda geniet, word bevestig in die voorwoord van die



Witskrif oor Behuising (1994:4): "*Housing the nation is one of the greatest challenges facing the Government of National Unity.*" Daar bestaan ook geen twyfel nie dat die armes die hoofbevoordeeldes van hierdie gebaar van welwillendheid, sal wees: "*[O]ur collective success in achieving this productive climate will be the essential foundation for removing the blight of homelessness – one of the most visible and destructive legacies of the past*" (Witskrif oor Behuising, 1994:4). Uit die bogenoemde kan ons dus aflei dat die regering dit volgens die amptelike siening hul erns maak om spesifiek aan die armes behuising te lewer.

Lae-inkomstebehuising is 'n integrale deel van Suid-Afrika se verlede, en ná die demokratiese verkiesing in 1994 het lae-inkomstebehuising 'n dinamiese proses geword waardeur die behuisingsbehoefte van groot hoeveelhede inwoners prioriteit moes geniet. Suid-Afrikaners het sedert 1994 die siklus van beleidsontwerp, wetgewing en die implementering daarvan in 'n versnellende graad en in alle sektore ervaar. Min van die beleidstukke van die apartheidsera was geskik vir die nuwe demokrasie, en 'n buitengewone vlak van intellektuele en politieke energie is aangewend om wettige beleidstukke daar te stel.

Behuising is een van die aangeleenthede wat beide sosiale en ekonomiese beleidsvraagstukke omvat, sodat ordelike behuising as een van die sleutels tot 'n stabiele samelewing beskou kan word. Suid-Afrika staan daarvoor bekend dat dit oor van die beste, asook van die swakste behuising in die wêreld beskik. Kenners is dit eens dat Suid-Afrika, grootliks as gevolg van die stadige ekonomiese groei en apartheidswetgewing, van die laagste huispryse-tot-inkomsteratio's in die wêreld het. Blankes het 'n hoë vlak van behuisingsvoorsiening teen 'n vergelykende lae koste ervaar. Daarteenoor het die apartheidswetgewing vir swart individue 'n reeks "belastings" meegebring, soos onder andere groot reisafstande, met gevolglike lae huur-tot-inkomsteratio's en 'n lae gemiddelde huisgrootte in vergelyking met die gemiddelde inkomste (Mayo, 1993:1236). Kritiek op die huidige beleid word later in hierdie hoofstuk bespeek.

## 2.2 KONSEPTE VAN BELANG MET BETREKKING TOT BEHUISING

### 2.2.1 Beleid

Die bekende politieke wetenskaplike, Easton (in Meyer, 1989:10), het beleid gedefinieer as die gesaghebbende toekenning van waardes vir die samelewing. Beleid word dus hier beskou as die reaksie van die politieke stelsel of besluitnemingsmasjinerie jeens die kragte van die omgewing (Dye, 1972 in Meyer, 1989:10). Dye (1987:1) stel dit kort en bondig as hy openbare beleid definieer as wat die regering ookal verkies om te doen of nie te doen nie.

Die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) verskaf die volgende definisie vir behuisingsbeleid: "*A housing policy normally includes a statement of the government's intent regarding the allocation of its resources to the housing of its people during one or more financial years. Along with other such settlement policies, it should form part of an overall national development policy framework that is based on a rationale, which is acceptable to all communities*" (NBNI, 1987 in Meyer, 1989:22). Duidelike aanduidings van doelwitte, beskikbare hulpbronne en tydvakke waarbinne lewering moet geskied, moet deur behuisingsbeleid weergegee word (Cloete en Wissink, 2000:2; Meyer, 1997:150).

Die primêre doel van 'n behuisingsbeleid is om veral lae-inkomste individue en -groepe te help om toegang tot voldoende behuising te verkry. Volgens Dewar (1988:2) moet behuisingsbeleid fasiliterend wees en die effektiwiteit daarvan gemeet word aan die graad waartoe dit die meerderheid mense se posisie, veral dié van die agtergeblewenes, verbeter. Doeltreffende behuisingsbeleid moet meer as net behuisingsvoordele bied; dit moet in staat wees om ekonomiese en sosiale voordele aan gemeenskappe beskikbaar te stel. Enige behuisingsbeleid moet gebaseer wees op behoeftes en, die realiteite van die heersende situasie, op 'n goedbeplande manier uitgevoer word en buigsaam genoeg wees om die veranderende situasie te kan

hanteer. Verskeie skrywers beweer dat die huidige Suid-Afrikaanse behuisingsbeleid misluk het ten opsigte van (a) toegang tot plek – dit het betrekking op die tekort aan gerieflike toegang tot ekonomiese geleenthede, gesondheid, opvoedkundige en sosiale fasiliteite wat bydra tot die volhoubaarheid van 'n redelike standaard in terme van 'n bestaanswyse. Die huidige beleid verstewig ook die ongelyke toegang tot genoemde fasiliteite deurdat dit steeds die afgesonderde patroon van die apartheidstaat laat voortbestaan; (b) die individu en gemeenskap – dit wil sê die mislukte pogings om ondersteunende leefomgewings te skep wat 'n gevoel van verwantskap, onderlinge gemeenskaplikheid en betekenisvolle lidmaatskap binne 'n samelewing meebring. Die oorweldigende fokus van die huidige behuisingsbeleid op die subsidieskema lei tot behuisingsontwikkelings wat op die individuele behuisingseenheid gebaseer is, eerder as op die kollektiewe leefomgewing (Pillay, Tomlinson en du Toit, 2006; Miraftab, 2003; Huchzermeyer, 2001; Lalloo, 1999).

Behuising word ook as 'n integrale deel van die ekonomie beskou, en die groeiende behuisingssektor is weer 'n belangrike komponent van politieke, sosio-ekonomiese en ontwikkelingsstrategieë. Die stimulering van openbare en privaatbeleggings in behuising kan as dryfkrag vir volhoubare ekonomiese groei en werkskepping dien. Dit blyk dus dat die staat 'n verantwoordelikheid het om 'n effektiewe beleidsraamwerk op te stel waar die klimaat en omstandighede geskep word om huiseienaarskap, veral in laekostebehuising, te bevorder (Penderis, 1996:23).

### **2.2.2 Definisies van behuising**

Behuising is 'n komplekse sisteem en 'n hele aantal betekenis is al daaraan toegeken, afhangende van die doelwit wat bereik moet word (Penderis, 1996:21). Behuising kan gedefinieer word as "*the placing of the individual family within an environment which is ideal for their well-being and to which they creatively respond*". Vir elke individu, as enkeling of as deel van 'n gesinseenheid, is 'n huis, hut of grot meer as net 'n besutting. Dit is 'n plek waarbinne hulle 'n vervulde lewe kan lei en wat ook 'n fundamentele gevoel van sekuriteit verskaf. Dit bied ook 'n gevoel van geborgenheid

binne 'n bepaalde gemeenskap. Dit beklemtoon die feit dat "... *only satisfying quantitative requirements of a house does not create the necessary physical environment which makes the user comfortable and it is necessary to fulfil qualitative aspects too*". Sover dit die kwalitatiewe aspekte van behuising aangaan, kan 'n bevredigende woonomgewing uitgedruk word beide in terme van fisiologiese behoeftes, soos gemak en beskerming teen die elemente aan die een kant, en sielkundige behoeftes soos 'n gemeenskaps- en gesinslewe aan die ander kant (De Silva, 2002:1).

Behuising beslaan 'n spesifieke ruimte binne 'n bepaalde fisiese omgewing; dit bestaan uit fisiese strukture wat beskerming aan inwoners verskaf, wat grond benut, basiese dienste soos water en sanitasiegeriewe benodig, en besonder geskik is vir die voorsiening van beskutting of skuiling (Sydow, 1993:4-5). Die term behuising omskryf dan ook alle vorme van skuiling wat verskaf word op die basis van versekerde besitreg vir huur of koop, wat bestaan uit formele en informele strukture op erwe waar dienste gelewer word (De Loor, 1992:92), en wat beskikbaar is teen 'n bedrag wat mense en die samelewing kan bekostig. Meyer (1998:3) tref 'n onderskeid tussen definisies van behuising wat saamhang met die operasionele vlak waarop dit voorkom. Op makrovlak word behuising omskryf as 'n instrument vir ekonomiese groei en politieke stabiliteit; op gemeenskaps(meso-)vlak word dit gedefinieer as die voorsiening van infrastruktuur, dienslewering en gemeenskapsbou; en op die mikro- of individuele vlak word dit omskryf as 'n instrument vir die verdien van inkomste, beskerming, persoonlike belegging en rus. Dieselfde elemente word in die Witskrif oor Behuising (1994:21) erken: die omgewing waarbinne 'n huis geleë is, is naamlik net so belangrik as die huis self om die behoeftes en benodigdhede van die inwoners te bevredig.

Desprès (1991:97-99) omskryf die betekenis van 'n huis volgens fisiese sekuriteit en beheer, die materiële eienskappe van 'n woning en woonbuurt, die wettige en ekonomiese betekenis soos investering en eienaarskap, kulturele en simboliese betekenis wat geassosieer word met selfverwesening, emosionele sekuriteit en sosiale status, asook met die gevoel van permanensie en kontinuïteit, en laastens sosiale betekenis toevoeg waar familie, vriende en sosiale aktiwiteite 'n bindende rol speel. Hieruit volg dus dat daar 'n noue verband tussen behuising en sosiale omgewings bestaan (Mtombi-Mahanyele, 2001:1). Die onderliggende tema van hierdie holistiese definisie is die skep van leefomgewings van 'n goeie gehalte.

'n Behuisingseenheid is 'n menslike skepping wat die ruimte van lede van 'n huishouding omskryf en beperk. Terwyl dit beskutting en beskerming vir daaglikse aktiwiteite bied, is skuiling meer as net 'n kern binne 'n geografiese ruimte. Dit vorm 'n eenheid van sosio-fisiese en persoonlike ruimte wat omskryf en gevorm word deur kulturele, sosio-demografiese, sielkundige, politiese en ekonomiese faktore (Arias, 1993, Saunders, 1989, Weightman, 1985 in Penderis 1996:21). Behuising as 'n sosiale en ideologiese konstruksie sluit gevoelens, geleefde ervarings en 'n bewuste en intellektuele realiteit in (Penderis, 1996:22). Die volgende aanhaling van Merrington in Meyer (1998:3) beklemtoon die bogenoemde: "*The residential environment mankind uses for shelter, including the shelter structure and all the facilities, utility and services which are necessary for the physical and mental health, and social well-being of the individual and the family and which are needed to link the individual and the family to the community...*"

Uit die voorafgaande blyk dit dat 'n holistiese definisie van behuising nie slegs moet verwys na die struktuur wat beskerming bied teen die elemente en toegang verleen tot veilige water en sanitasie, en voorsiening maak vir versekerde besitreg en persoonlike veiligheid nie, maar ook verwys na geredelike toegang tot werksgeleenthede, opvoeding en gesondheidsorg.

### **2.2.3 Behuisingsbehoefte**

Dwarsdeur die geskiedenis was beskutting nog altyd 'n belangrike oorweging vir die vervulling van menslike behoeftes, en word behuising beskou as 'n basiese behoefte wat 'n belangrike rol vervul in gesinne se welstand, gesondheid, veiligheid en lewensgehalte (Cohen, Mulroy, Tull, White en Crowley, 2004:510). Basiese behoeftes verwys na noodsaaklike voorwaardes vir 'n individu, as menslike wese, om te oorleef, en waarsonder hy nie sy volle potensiaal kan bereik indien hierdie behoeftes ontbreek of deurlopend bedreig word nie (Granruth en Smith, 2001:16).

#### **2.2.3.1 Fisiese behoeftes**

Behuising voldoen aan fisiese behoeftes van mense deurdat dit beskutting bied in uiterste weersomstandighede, 'n plek bied om te eet, te slaap en besittings te bewaar, en dien as 'n plek van veiligheid en 'n toevlugsoord. Gesinne vergelyk beskutting met 'n gevoel van identiteit (Jackson en Southers, 1993:17).

#### **2.2.3.2 Abstrakte behoeftes**

Basiese behoeftes is ook skoon (onbesoedelde) lug en water, voldoende en gebalanseerde voedsel, fisiese en emosionele sekuriteit, fisiese en verstandelike rus, kulturele en klimaatsgeskikte kleding en beskutting (De Silva, 2002:1; Dewar, 1999:6; Burkey, 1998:3). Die verbetering van lewens- en werksomstandighede op 'n gelyke en volhoubare basis beteken dat elkeen toegang moet hê tot voldoende, gesonde, veilige, toeganklike en bekostigbare beskutting, insluitende basiese dienste, fasiliteite en geriewe (Lohse, 2002:2; Max-Neef, 1991:22-32)

#### **2.2.3.3 Minimumstandaarde**

Die bepaling van 'n behuisingsbehoefte behels die identifisering van die minimum aan behuisingstandaarde wat deur bepaalde huishoudings benodig word, en die maatstaf

waarvolgens huishoudings hierdie standaard bereik. Dit behels 'n kwalitatiewe beoordeling van die vereistes van verskillende huishoudings, en van hoe die siening van behuisingsbehoefte met verloop van tyd verander (Harriot en Matthews, 1998:22).

#### **2.2.3.4 Behuisingstabieleit**

Behuisingstabieleit is 'n kernbehoefte van inwoners en gesinne aan verbeterde ekonomiese en sosiale welsyn. Volgens die Internasionale Menseregtebeleid moet voldoende behuising of toegang daartoe bekostigbaar wees, sodat dit nie op enige wyse tot die bedreiging of algehele ontneming van ander basiese behoeftes sal lei nie (Kok en Gelderblom, 1994:267). Dit moet dus gebaseer wees op vlakke van bekostigbaarheid (Kaapstad Stadsraad, 1999:2).

#### **2.2.4 Voldoende behuising**

Die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) waarborg aan elke Suid-Afrikaanse burger toegang tot voldoende behuising en verleen erkenning aan die reg op basiese behoeftes. Dit is dus die regering se plig om verantwoordelike wetgewing en ander maatstawwe, binne die beskikbare bronne, daar te stel om 'n progressiewe verwerkliking van hierdie reg te bewerkstellig. Die Witskrif stel dit baie duidelik dat die regering 'n verpligting het om stappe te doen en toestande te skep wat tot die effektiewe reg op behuising vir almal sal lei (Witskrif oor Behuising, 1994:22). Suid-Afrika se behuisingsbeleid en -programme is in ooreenstemming met die "International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights" van 1966 se definisie van voldoende behuising: “*[A]dequate housing' is measured by certain core factors: legal security of tenure, availability of services; materials, facilities and infrastructure; affordability; habitability; accessibility; location and cultural adequacy*” (The UN Committee on Economic, Cultural and Social Rights, 1992:230).



Dit blyk voorts dat die definisie van voldoende beskutting afhanklik is van sosiale en ekonomiese riglyne. 'n Gesin sonder beskutting kan byvoorbeeld gedefinieer word as "*inadequately housed*". 'n Gesin met substandaard-beskutting, of wat grond onwettig beset, kan ook beskou word as "*inadequately housed*" (Letompa, 2002:15). Onvoldoende beskutting bedreig die fisiese en geestelike gesondheid en die algemene lewensgehalte, met ander woorde, menswaardigheid. Elemente soos die wetlike beskerming van eiendomsreg, publieke goedere en dienste (water word beskou as noodsaaklike voorvereiste vir die reg op behuising), bekostigbaarheid, bewoonbaarheid, toeganklikheid, ligging, kulturele geskiktheid, vryheid van onteining, inligting, kapasiteitsbou; deelname en selfuitdrukking, hervestiging, 'n veilige omgewing, sekuriteit en privaatheid moet voldoende behuising omskryf (Smit, 2003a:1-2). Kothari, die Verenigde Nasies se spesiale verslaggewer, voer aan dat "*the deepening inequality of income and opportunities between and within nations has led to an increase in the number of people without adequate and secure housing. The human rights of people and communities to housing, water and sanitation (...) continue to erode as the process of privatization deepens and accelerates*" (ongedateer: 1).

### **2.2.5 Behuising en gesondheid**

Die gehalte van behuisingstoestande speel 'n beslissende rol in die gesondheidstatus van inwoners. Die intieme omgewing van hulle woning en woonomgewing het die grootste en die mees onmiddellike invloed op die inwoners se lewens, met inbegrip van hulle gesondheid en welstand (Harpham en Tanner, 1995; Satterthwaite, 1993). Baie gesondheidsprobleme hou direk of indirek verband met (a) die gebou self (binnenshuise luggehalte, humiditeit, tipe en gehalte van ventilasie), (b) die konstruksiemateriaal wat gebruik is (asbes), (c) die toerusting (higiëne en watertoevoer), (d) die grootte of struktuur van die individuele wonings (oorbewoning, ongelukke en geraas) (The World Health Organisation, 2002:1), asook die



onmiddellike omgewing en die gehalte en/of beskikbaarheid van dienste (Kiangi, 1998:27).

Behuising speel 'n belangrike rol as 'n plek van toevlug, en 'n woning is een van die min plekke waar 'n individu sosiale en wettige beskerming geniet en waarbinne die inwoners algehele beheer kan uitoefen. Individue se wonings is ook 'n belangrike bron van prestige, status, trots en identiteit, wat verhoog word deur huiseienaarskap. Huiseienaarskap kan belangrike emosionele, sielkundige en gesondheidsvoordele inhou. 'n Persoon se huis is 'n belangrike plek vir sosiale interaksie en dikwels ook die middelpunt van die individu se sosiale netwerke. Vanweë die permanensie van die struktuur en die feit dat dit ruimtelik onbeweeglik is, is 'n mens se huis, in die alledaagse lewe, 'n belangrike plek van kontinuïteit, stabiliteit en permanensie (Anderson, Shinn en St. Charles, 2002:3-6).

Die ruimtelike grootte van huise is van belang vir die gesondheid, omdat die huis as fokuspunt vir elke dag se aktiwiteite dien. Die belangrikheid van die ruimtelike afmetings van behuising kom byvoorbeeld na vore wanneer die plasing van die woning gekies word met betrekking tot dienste en fasiliteite soos skole, openbare ontspanningsfasiliteite, gesondheidsdienste en werksgeleenthede. Die sosiale, fisiese en ekonomiese kenmerke van gemeenskappe word ook toenemend erken deurdat dat dit beide kort- en langtermyngevolge vir inwoners se lewensgehalte en lewensduur het. Die algemeenste gesondheidskwellings wat met gesinsbehuising verband hou, is die onvoldoende voorsiening van bekostigbare behuising vir lae-inkomstegroepe (Anderson *et al.*, 2002:7, Dunn, 2002: 2-7), omdat dit die fisieke en geestelike gesondheid, asook die algehele lewensgehalte bedreig (Boyden en Dovers, 1997 in Diesendorf, 2000:24).

Vanweë die gekompliseerde verhouding wat tussen die omgewing en gesondheid bestaan, glo ontwikkelaars dat gesondheid en omgewings aansienlik kan verbeter deur die wysiging van sowel die lewensomstandighede as die fisiese, sosio-kulturele en ekonomiese omgewings. Terwyl oorbevolking 'n kernaspek van die behuisingskrisis vir armes en die uitgeslotenes uitmaak, bly die gehalte van behuising ook 'n knaende probleem. In baie gevalle is laekostebehuising eenvoudig swak ontwerp (Wilson en Ramphela, 1989:130). Volgens Rust (2003:10) was 'n hoof faktor die klagtes rondom die kwaliteit van huise wat met behulp van die subsidie gebou word. Die media rapporteer oor HOP-huise wat kraak, huise waarvan die dakke met die eerste storm afwaai, huise wat ná oorstromings verkrummel, ensomeer. Hiermee saam was daar ook die klagte dat huise te ver geleë is van sentra vir ekonomiese en sosiale aktiwiteite, en aan die buitewyke van stedelike gebiede voorkom. Die Departement van Behuising het alreeds in sy jaarlikse verslag (1996) erken dat daar 'n skakel is tussen die resies na getalle en die afname in gehalte (Rust 2003:10).




Die kern van behuisingsstrategieë is die erkenning dat gewenste residensiële omgewings geskep moet word. Die enigste manier om langtermyn-lewensvatbaarheid (en dus volhoubaarheid) teweeg te bring, is om te verseker dat behuisingsgebiede aan die voorkeure, strewes en veranderende behoeftes van bestaande en voornemende inwoners voldoen. Groot struikelblokke wat in die weg van die skep van volhoubare behuising staan, sluit onder andere swak ontwerp en lae gehaltestandaarde in, asook 'n onvermoë om aan mense die tipe behuising en tipe gemeenskappe waarbinne hulle wil leef, te voorsien.

### **2.2.6 Ontwikkeling**

Esman (1991:5) beskou ontwikkeling as geleidelike vooruitgang en verbetering van die menslike toestand, besorgdheid oor basiese behoeftes, vermindering en uiteindelijke uitwissing van armoede, onkunde en siekte, en die uitbreiding van

welstand en geleentede vir almal. Dit sluit verandering in wat op spesifieke behoeftes, deelname deur begunstigdes, en die verbetering van mense se vermoë om te kan kies, gerig moet wees (White, 1987:11). Ontwikkeling behels transformasie – polities, sosiaal en kultureel, sowel as ekonomies – en dus is die deelname van diegene wat uit ontwikkeling moet voordeel trek, belangrik. Burkey (1993:56) stem hiermee saam en stel dit as volg: "*[T]he process whereby people learn to take charge of their own lives and solve their own problems, is the essence of development.*" Ontwikkeling is dus 'n multidimensionele proses wat groot veranderinge in sosiale strukture, populêre houdings en nasionale instansies teweegbring. Dit lei ook tot die versnelling van ekonomiese groei, die vermindering van ongelykhede en die uitwissing van armoede (Todaro, 1994:16). Fowler (1994:26) bevestig die proses van ontwikkeling as "*an appropriate interweaving of three dimensions: improvement in physical well-being, local organizational strengthening, and community empowerment*".



Die verskaffing van behuising is een van die grootste uitdagings wat die Suid-Afrikaanse regering in die gesig staar. Die omvang van die uitdaging behels nie slegs die gevolge van die enorme behuisingsagterstand en die noodkreet en ongeduld van die dakloses nie, maar spruit ook uit die uiters gekompliseerde burokratiese, administratiewe, finansiële en institusionele raamwerk wat deur die vorige regering nagelaat is (Witskrif oor Behuising, 1994:4).

#### **2.2.6.1 Behuisingsontwikkeling**

Die stedelike visie van die Stedelike Ontwikkelingsraamwerk (SOR) (Urban Development Framework), wat gedurende 1997 vrygestel is as 'n beleidsraamwerk met die sewe strategieë soos voorgestel in die Witskrif oor Behuising (1994), definieer behuisingsontwikkeling as "*a variety of processes through which habitable, stable and sustainable public and private residential environments are created for viable*

*households and communities*" (Stedelike Ontwikkelingsraamwerk, 1997:24). Hierdeur erken en beklemtoon die Wet op Behuising (107 van 1997) dat die omgewing waarin die huis geleë is net so belangrik as die huis self is, dat die behoeftes en wense van die inwoners bevredig moet word en dat die behuisingsproses uiteindelik 'n positiewe bydrae tot 'n nie-rassige, nie-seksistiese, demokratiese en geïntegreerde samelewing moet lewer (Departement van Behuising, 2001:2).

De Beer en Swanepoel (1994:629) voer onder meer aan dat die nuwe regering gaan streef na die vestiging van 'n mensgeoriënteerde samelewing met belangrike gemeenskapsdeelname in die behuisingsproses, en na 'n aktiewe rol vir lae-inkomstegroepe as vennote van die regering en die privaatsektor in die ontwikkeling van behuising. Die Witskrif (1994:22,23) stel dat as die regering hierdie doel wil bereik, hulle 'n ontwikkelingsgeoriënteerde fokus op die behoeftes van mense sal moet hê, en maniere moet vind om hierdie behoeftes aan te spreek. Die kultuur van burokrasies gedwonge dienste moet plek maak vir oorlegpleging en gemeenskapsdeelname (Mokhobo, 1996:44). Volgens die Witskrif (1994:22,23) moet hierdie nuwe verbintenis tot behuising nie net beskou word as 'n massiewe huisbouveldtog nie, maar eerder 'n behuisingsvoorsieningsproses waarin 'n mensgeoriënteerde, holistiese benadering gevolg word. Die behuisingsleweringsproses moet beide gemeenskaps- en individuele bemagtiging bevorder, met die oog op werkverskaffing en die ontwikkeling van vaardighede (Janse van Rensburg, 1994:310).

Afgesien van die goeie vooruitsigte soos vervat in beleidsdokumente, blyk dit egter uit studies wat sedert 1995 in Suid-Afrika, gedoen is hoe beperk gemeenskapsdeelname in die prosesse van behuisingsontwikkeling onder die regering se behuisingsbeleid is (Tomlinson, 1999; Jenkins, 1999; Ruiters en Bond, 1996; Bolnick, 1999; Bond, 2000 in Miraftab, 2003:226). Die teenstrydige aard van die behuisingsbeleid word weerspieël deur die feit dat die regering poog om 'n mensgeoriënteerde beleid deur

middel van ontwikkelaarsgedrewe strategieë toe te pas (Bond, 2000; Jenkins, 1999; Lalloo, 1999; Tomlinson, 1998). Ontwikkelaarsgedrewe strategieë het tot gevolg dat gemeenskappe se onmiddellike probleme aangespreek word, maar selde voortgesit word ná afhandeling van projekte, en dus nie lei tot groter gemeenskapsinvloed in die besluitnemingsproses nie (Miraftab, 2003:227). Hierdie strategie lei tot 'n konflik in visie tussen 'n mark-georiënteerde strategie wat deur die private sektor gelei word, en 'n mensgesentreerde benadering waar gemeenskappe veronderstel is om 'n sentrale rol te speel (Tomlinson, 1999:1358).

Volhoubare behuisingsontwikkeling behels die fisiese lewering van huise, die ontwikkeling van die vermoëns van gemeenskappe, die uitbreiding van geleenthede vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling en die daarstelling of versterking van gemeenskapsorganisasies (Lombard en Van Wyk, 2001:28; Lombard, 1998:18).

#### **2.2.6.2 Gemeenskapsdeelname**

Swanepoel (1992:11) definieer 'n gemeenskap as 'n lewende entiteit wat voortdurend, soos sy mense, fisies en psigologies, verander. In die Suid-Afrikaanse konteks is dit moeilik om die term gemeenskap te definieer, aangesien dit nie eenvormig is nie en al die lede van 'n gemeenskap ook nie noodwendig dieselfde belangstellings en behoeftes deel nie. 'n Gemeenskap bestaan nie binne 'n lugleegte nie (Swanepoel, 1997:61), want dit vorm deel van 'n lewende omgewing wat sigself op politieke, sosiale, ekonomiese, kulturele en sielkundige vlakke manifesteer (Mansuri en Rao, 2004: 8). 'n Deeglike begrip van die sosio-politieke en demografiese eienskappe van 'n gemeenskap is noodsaaklik vir die beplanning van betekenisvolle deelname deur die hele gemeenskap.

Die HOP (1994:23-28) beklemtoon die belangrikheid van gemeenskappe se deelname aan behuisingsontwikkeling. Julius Nyerere, die voormalige president van Tanzanië, het in reeds 1968 gesê dat mense nie ontwikkel kan word nie, maar slegs self kan

ontwikkel deur deelname aan besluitneming en deelnemende aktiwiteite wat hulle welstand bepaal (Oakley, 1991:2). Mansuri en Rao (2004:6) en Oakley en Marsden (1991:6) definieer gemeenskapsdeelname as 'n vrywillige en aktiewe betrokkenheid van 'n gemeenskap by besluitneming, beplanning en die uitvoering van projekte, sodat hulle die rigting van projekte kan beïnvloed en in die voordele daarvan kan deel. Die proses van deelname lei tot 'n herverspreiding van mag binne die samelewing met die doel om aan mense deeglike verantwoordelikheid vir beheer oor hulle lewens te gee (Lahiri-Dutt, 2004:15). Dinham (2005:3) stel dit onder meer dat gemeenskapsbenaderings daarna moet streef om gemeenskappe te ontwikkel en te bemagtig. Die "African Charter for Participation and Development" van 1990 beskou deelname of gemeenskapsbetrokkenheid as "*empowerment of the people to effectively involve themselves in creating the structures (and) in designing the policies and programmes that serve the interest of all, as well as to effectively contribute to the development process and share equitably in its benefits*" (Meyer-Weitz, 1998:21). Die uiteindelige doelwit moet dus die verbetering van lewensgehalte wees – en dit kan slegs met die deelname van gemeenskappe bereik word (Harding, 1994:13; Jeppe, 1992:68; Jeppe, 1985:27). Die vryheid om betekenisvolle keuses tussen verskeie opsies te kan uitoefen, is die kern van ontwikkeling en die voorvereiste vir persoonlike welsyn. 'n Kernwoord in hierdie verband is eienaarskap, want deur hul betrokkenheid by die ontwikkeling en produksie van fasiliteite kan mense meer verantwoordelik voel vir die onderhoud daarvan (Berner en Phillips, 2003: 1).

Ook die Departement van Grondwetlike Ontwikkeling (1997 in Erasmus, 2000:1) beskou deelname as belangrik, en stel dit dat "[d]emokrasie oor deelname gaan". Elke individu het die reg om aan ontwikkeling deel te neem, om sy eie spesiale behoeftes en kwellinge te hanteer en bewuswording aan te wakker. Hoewel ontwikkeling van sodanige deelname afhang, kan deelname ook in die wiele gery word as die deelnemende proses ongebalanseerd, nie-opbouend, selfsugtig en kunsmatig is, of deur persone of instansies gemanipuleer word (Erasmus, 2000:2; Paul, 1987:95-96).

Deelname word egter as 'n bemagtigingsproses beskou waardeur mense ontwikkelingsaktiwiteite kan beïnvloed (Erasmus, 2000:7). Volgens Theron en Barnard (1997:3) is deelname die noodsaaklike voorwaarde vir ware ontwikkelingsbeplanning. Openbare deelname aan ontwikkelingsprogramme is 'n manier om mense te bemagtig om hulle afhanklikheid van die regering te verminder (Mfalatsane, 1999:2; Swanepoel, 1997:5). McGregor (2006), Vaines (1993) en Burkey (1993) beskou bemagtiging as 'n proses waardeur mag aan die gemeenskap beskikbaar gestel word vir die verkryging van direkte toegang tot hulpbronne wat vir ontwikkeling benodig word. Hierdie proses van bemagtiging verseker verder 'n groter toewyding van die plaaslike gemeenskap. Gemeenskappe ervaar probleme en hul omstandighede verskil, en derhalwe benodig elke gemeenskap 'n ander benadering. Suksesvolle ontwikkeling word voorafgegaan deur die besef dat die probleme, beleidsbepalings en oplossings ondersoek moet word deur diegene wat daardeur geraak word (De Wet, 1997:61).

Gemeenskappe se deelname aan projekte wat bemagtiging, kapasiteitsbou en volhoubaarheid in die vooruitsig stel, dra daartoe by om 'n gemeenskap selfonderhoudend te maak. Wanneer mense as deelnemers optree, raak hulle bewus van hulle omgewing deur hul probleme, behoeftes en hulpbronne te identifiseer en gevolglik verantwoordelikheid vir hulle eie ontwikkeling te aanvaar (Burkey, 1993:59). 'n Leerproses ontstaan, en die voordeel van hierdie opvoeding lê daarin opgesluit dat elke landsburger in staat gestel word hul oordeel uit te oefen en 'n bydrae tot beleidsdebatte te lewer. Die inwoner raak bewus van gemeenskapsprobleme en die moeite wat dit verg om oplossings te vind (McGregor, 2006; Lahiri-Dutt, 2004; Page en Czuba, 1999; Brynard, 1996). Openbare deelname beteken dus dat die besluitnemingsproses oopgestel word vir lede uit die gemeenskap, en om sodoende aan hulle 'n groter en meer diepgaande verantwoordelikheid te gee vir die beheer oor hulle eie lewens (Lahiri-Dutt, 2004:15). Arnstein bied die volgende definisie vir deelname: "*Citizen participation is a categorical term for citizen power. ... It is the*



*means by which they can induce significant social reform which enables them to share in the benefits of the affluent society"* (Arnstein, 1969:216). Lahiri-Dutt (2004:15) stel dit onder meer dat gemeenskapsdeelname aan besluitneming en staatsbestuur ten doel het om sosiale ongeregtighede deur die verspreiding van politieke mag te herstel.

Die sleutelkenmerk van die Suid-Afrikaanse behuisingsbeleid is die subsidieskema waar alle gesubsidieerde projekte vereis dat begunstigdes en ontwikkelaars moet saamstem oor die terme van die projek, en 'n sosiale ooreenkoms moet onderteken. Hierdie sosiale ooreenkoms is daarop gerig om die deelnemende faktor van hierdie projekte af te dwing deur gemeenskapsdeelname aan besluite wat hulle lewens raak, as voorvereiste te stel (Miraftab, 2003: 233). In die praktyk was dit egter van korte duur (Jenkins, 1999; Tomlinson, 1999, 1998). Ontwikkelaars hou vol en argumenteer dat gemeenskapsdeelname die proses langdradig en omslagtig maak, en dat dit gevolglik nie uitvoerbaar is nie. In ander gevalle is die vereiste van gemeenskapsdeelname uitgebuit waar een of twee gemeenskapslede die sosiale ooreenkoms as formaliteit namens die gemeenskap moes onderteken, (Miraftab, 2003:233). Ewaluerings soos vervat in die verslag deur die Public Service Commission (2003:18) wys daarop dat sosiale ooreenkomste oor die algemeen misluk en 'n lae vlak van gemeenskapskonsultasie en deelname aan alle aspekte van projekte behels, onder andere die ligging, uitleg en ontwerp, voorsiening en finansiering van dienste, toeganklikheid van fasiliteite, ens.

Met die beplanning van lae-inkomstebhuisingsprojekte moet die klem dus val op die behuisingsbehoefte en -verwagtinge van die gemeenskap waarvoor daar beplan word. Weens die gekompliseerde stedelike probleme moet dit op 'n omvattende en geïntegreerde wyse hanteer word, met inagneming van die ekonomiese, sosiale, institusionele, tegniese, finansiële, ekologiese en ander dimensies van ontwikkeling (Erasmus, 2000:25; De Wet, 1997:60). Deur ontwikkelaars as tussengangers te laat optree, het gemeenskappe hulle rol in en beheer oor die ontwikkelingsproses



prysgegee, waardeur hulle ontnem is van gesamentlike optrede of refleksie in die oplos van hulle eie behuisingsbehoefte, soos informeel opgerigte nedersettings of meer georganiseerde ontwikkelde nedersettings (Taylor, 2006: 8). Volgens Wyngaard (2002:85) se studie oor Wesbank, het bemaatiging hoegenaamd nie gemanifesteer nie, omdat daar geen teikengemeenskap in plek was wat geraadpleeg kon word omtrent die ontwikkeling van dié woongebied nie. Die Oostenberg Munisipaliteit het gevolglik sy behuisingskomitee aangewys om die rol as teikengemeenskap te vervul.

Die voorafgaande inligting het verwys na konsepte wat verband hou met behuising en behuisingsontwikkeling, asook na behuisingswetgewing. Hierdie behuisingswetgewing is geïmplementeer om die behuisingsbehoefte van die armes aan te spreek, en om die behuisingsongeregtighede van die vorige regering reg te stel. Vervolgens word die Suid-Afrikaanse behuisingswetgewing bespreek.

### **2.3 NASIONALE BEHUISINGSWETGEWING**

Sleutelwetgewing en -beleidstukke (Grondwet van Suid-Afrika (1996), die Wet op Behuising (Wet 107 van 1997), die Heropbou- en ontwikkelingsprogram (1992) en die Witskrif oor Behuising (1994) waaruit die regering se bereidwilligheid tot behuisingsvoorsiening aan armes blyk, is geraadpleeg en word hierna bespreek. Die genoemde dokumente het hul ontstaan gehad in periodes voor en ná die 1994-verkieping en is van belang, aangesien behuisingswetgewing hierdie beleidstukke duidelik identifiseer as belangrike vertrekpunte wat poog om ontwikkeling te bevorder.

#### **2.3.1 Historiese agtergrond van behuising in Suid-Afrika**

’n Analise van die struktuur van behuisingsadministrasie in Suid-Afrika is onvolledig sonder ’n verwysing na die wetgewing ten opsigte van afsonderlike ontwikkeling en die geografiese verdeling van rassegroepe wat die kern van die apartheidsbeleid

gevorm het. Die Suid-Afrikaanse behuisingsbeleid van die vyftiger- tot die negentigerjare van die vorige eeu is deur die ideologie van apartheid onderlê, met die uitgangspunt dat die staat die hoofrol moet speel in die voorsiening van maatskaplike welsyn, waarby behuising ingesluit word. Behuisingsvoorsiening deur die staat het die skep, toekenning en administrasie van behuising behels. Die behuisingsbeleid was egter nie ekonomies volhoubaar nie en omgewings is geskep wat nie aan die behoeftes van mense voldoen het nie, met gevolglike sosiale probleme (Mackay, 1996:134).

Die Groepsgebiedewet van 1950 en 1966 was die boustene van apartheid en het gelei tot "*distinctive apartheid cities which represent a major reordering of the segregation cities which preceded them*" (Lemon, 1991:8). Apartheid se stootskrapers het gevestigde, lewendige en nouverweefde gemeenskappe ontwortel, en terselfdertyd ook die kragtige gevoel van plek en samehorigheid, gemeenskapsbou en gedeelde herinneringe wat die gemeenskap onderlê het, verwoes. Die hervestiging van ontwortelde gemeenskappe in barre, eentonige en beperkende woonbuurte verhoog inwoners se isolasie en vervreemding – "*an alienation exacerbated in many cases through change in tenure status from owner to renter*" (Lalloo, 1999:37). Wilkinson (1998:216) skryf onder meer dat "*problems of the past have profoundly shaped the situation to which the present policy seeks to respond*". Die Suid-Afrikaanse behuisingstelsel word as gevolg van die vorige diskriminerende wetlike vooroordeel steeds deur die fisiese en sosio-ekonomiese strukture van die verlede oorheers.

Afsonderlike ontwikkeling, instromingsbeheer en gedwonge verskuiwings het 'n bepaalde ruimtelike orde ten opsigte van beide die aard van en toegang tot behuising geskep. Afgesien van die groot ongelykhede in voorsiening tussen rassegroepe, is daar ook die gepaardgaande ongelykhede en agterstand in die voorsiening van infrastruktuur. Die "apartheidstad" weerspieël die oneweredige patrone van behuisingsvoorsiening in 'n hele reeks aangeleenthede, soos die ontwerp en

besikbaarheid van inkomste en finansies. Die huidige beleidsraamwerk is "kleurblind" en nierassig, wat in 'n sterk teenstelling met die verlede staan. Kernelemente van die beleid kan net ten volle begryp word wanneer die nalatenskap van Suid-Afrika se uitsonderlike geskiedenis verreken word. Die probleme van die verlede vergestalt die situasie waarop die huidige beleid poog om te reageer (Gusler, 2000:8-13; Abrahams, 1998:14-20; Merg, 1993:3).

In die vorige bedeling was die staat se behuisingswerkzaamhede tussen 'n groot aantal nasionale en provinsiale owerhede gefragmenteer. Owerhede het min aandag aan die behuisingsbehoefte van die swart bevolking geskenk, terwyl die eiesake-administrasies in die res van die land behuisingssubsidies tot voordeel van 'n paar uitverkorenes toegeken het (Huchzermeyer, 2001; Lalloo, 1999; Tomlinson, 1998; Wilkinson, 1998). Die beste wat die hawelose bevolking kon verwag, was toegang tot 'n bouperseel met elementêre dienste, sonder enige hulp met die konstruksie van slegs 'n basiese skuiling. Die omvang van die behuisingsagterstand wat deur die Regering van Nasionale Eenheid geërf is, verbaas dus nie (Abrahams, 1998:37).

Die Nasionale Behuisingsforum (NBF), 'n veel party-onderhandelingsorganisasie, bestaande uit verskeie verteenwoordigers van politieke partye, sakegemeenskappe, die boubedryf, finansiële instansies en ontwikkelingsorganisasies, is in Augustus 1992 gestig. Die NBF moes 'n nuwe behuisingsstrategie en -beleid vir Suid-Afrika help ontwikkel en was 'n reaksie op die voormalige regering se rassebaseerde behuisingsbeleid (Budlender, Mokate, Rogerson en Stravrou, 1998:1). Die NBF onderskryf 'n fundamentele visie van 'n permanente struktuur, versekerde besitreg, voldoende water, sanitêre fasiliteite en elektrisiteitsvoorsiening, volhoubare behuisings- en lewensvatbare gemeenskappe (Jenkins, 1999:433; Tomlinson, 1998:137). Die nuwe regering se behuisingsbeleid aanvaar die beginsel van die "bou-omgewing", waar die fisiese omgewing waarbinne die huis geplaas is net so belangrik is as die huis self. Daar het 'n klemverskuiwing plaasgevind van die huis as 'n fisiese struktuur, na

bewoonbare, stabiele en volhoubare openbare en private residensiële omgewings, insluitende toegang tot ekonomie, geleentehede, gesondheids- en opvoedkundige geriewe. (Brügge, 1996:72).

### **2.3.2 Die Grondwet van Suid-Afrika**

Artikel 26, Afdeling 2, onderafdeling 5, van die Grondwet van Suid-Afrika (1996:12-14) stipuleer dat "elkeen die reg het tot toegang tot voldoende behuising". Met die Nasionale Behuisingsvisie soos vervat in die Witskrif van 1994 en die Behuisingswet (107 van 1997), strewe die regering na die daarstelling en instandhouding van bewoonbare, stabiele en volhoubare openbare en private residensiële omgewings om lewensvatbare huishoudings en gemeenskappe te verseker in gebiede wat gerieflike toegang bied tot ekonomiese geleentehede en tot gesondheids-, opvoedkundige en sosiale geriewe. Op hierdie wyse sal alle burgers en permanente inwoners van die Republiek op 'n progressiewe grondslag toegang hê tot:

- Permanente residensiële strukture met sekerheid van besitreg, waarin interne en eksterne privaatheid verseker en voldoende beskerming teen elemente verskaf word.
- Drinkbare water, voldoende sanitêre geriewe en huishoudelike energievoorsiening (Witskrif oor Behuising, 1994: 12).

Hierdie holistiese en omvattende benadering tot volhoubare geïntegreerde nedersettings vertoon baie indrukwekkend, maar terwyl die Grondwet behuisingsontwikkeling as 'n ontwikkelingsprioriteit bevestig, kan dit slegs beperkte leiding verskaf ten opsigte van hoe hierdie prioriteit verwesenlik moet word. Begrippe soos "redelike maatreëls" en "binne beskikbare middele" is moeilik definieerbaar in streng wetlike terme, aangesien dit keuses en besluite binne 'n politieke en ekonomiese terrein behels. Dit bevestig die beginsel, maar kan op sigself nie beleid implementeer nie. Met die implementering van hierdie plan was daar dus besliste tekortkominge.


### **2.3.3 Die Heropbou- en ontwikkelingsprogram (HOP) (*Reconstruction and Development Programme*)**

Die Heropbou- en ontwikkelingsprogram (HOP), die voorganger van die Witskrif oor Behuising, is in 1992 van stapel gestuur en het ten doel gehad om 'n geïntegreerde, omvangryke en lewensvatbare sosio-ekonomiese beleidsraamwerk daar te stel ten einde apartheid finaal uit te wis en wanbalanse en verwingings van die verlede te herstel (Scholand en Tubeni-Ndzube, 1999:176; Heropbou- en ontwikkelingsprogram, 1994:1). Die HOP erken ook dat behuising 'n fundamentele menslike reg is, en benadruk die beginsel dat alle Suid-Afrikaners die reg het om in vrede en veiligheid te leef. Die benadering van die HOP beklemtoon dat behuising, infrastruktuur en dienste die gemeenskappe moet betrek en bemagtig; bekostigbaar, ontwikkelend en volhoubaar moet wees; befondsing en hulpbronbeperkings in ag moet neem; en tegelyk ook geslagsgelykheid moet bevorder. Die HOP is tot die vestiging van lewensvatbare gemeenskappe verbind in omgewings wat naby genoeg geleë is aan ekonomiese geleenthede, gesondheids-, opvoedkundige en sosiale fasiliteite en 'n vervoerinfrastruktuur (Heropbou- en ontwikkelingsprogram, 1994:23). Sosio-ekonomiese agterstande moes veral aandag kry deur die verskaffing van basiese dienste en infrastruktuur (met inbegrip van behuising), en in die proses werksgeleenthede te voorsien en werkskepping te verhoog (Heropbou- en ontwikkelingsprogram, 1994:15, 23).

Basiese standaarde vir behuisingstipes, konstruksie, beplanning en ontwikkeling moet opgestel word. 'n Minimum aan behuisingstandaarde wat 'n duursame struktuur met redelike leefruimte en privaatheid insluit, met die gepaardgaande beskerming teen weerstoestande, het die kern van die program gevorm. 'n Woning moet sanitêre fasiliteite, stormwaterdreinerings, huishoudelike energietoevoer (gekoppel aan elektriese toevoer of verkry vanaf ander bronne, soos sonenergie), en gemaklike toegang tot skoon water insluit. 'n Groot verskeidenheid moontlikhede van besitreg, insluitende individuele en kollektiewe huiseienaarskap, sowel as die huur en die

fasilitering van die koop van verskillende behuisingstipes, moet deur die regering verseker word. Die HOP het dit duidelik gemaak dat die regering toegang tot geskikte grond vir behuising, wat geografies gerieflik en in omgewings met ekonomiese geleenthede en sosiale geriewe geleë is, beskikbaar stel (Heropbou- en ontwikkelingsprogram, 1994:23, 24).

Gemeenskapsbeheer en -deelname is noodsaaklik, aangesien gemeenskappe wat by die projekte baat vind, op alle vlakke van die besluitneming en implementering daarvan betrokke moet wees (Heropbou- en ontwikkelingsprogram, 1994:28). Met die ontwikkeling van 'n behuisingstrategie wat die lewensgehalte van individue en gemeenskappe moet bevorder, is dit belangrik om vas te stel wat hierdie persone ten opsigte van behuising verlang. Dit beteken dat hulle sosiale ervaringswêreld, behoeftes en verwagtinge bepaal moet word (Van Rensburg, Botes en De Wet, 2001:107-108).



Alhoewel die heropbou- en ontwikkelingsprogram die basiese beginsels en riglyne vir die rekonstruksie en heropbou van Suid-Afrika omskryf en uitgestippel het, word die Witskrif oor Behuising egter as dié toonaangewende behuisingsdokument beskou, en sal dit derhalwe gepas wees om nou na die Witskrif te verwys, wat sê “*This White Paper marks the beginning of a process*” (1994:4).

#### **2.3.4 Witskrif oor Behuising**

Hierdie dokument verteenwoordig 'n fundamentele wegdraai van die vorige benadering – naamlik dié van afsonderlike ontwikkeling. Volgens die Witskrif oor Behuising (1994:4) is dit idealisties gestel dat behuisingsbeleid en -strategieë 'n langtermynvennootskap tussen die staat, gemeenskappe, en die privaatsektor verteenwoordig, nie net om huise op te rig nie, maar ook om betekenis aan mensgesentreerde ontwikkeling te gee.

Dié beleidsdokument beskryf die regering se benadering tot bekostigbare behuising, wat opgesluit lê in die feit dat die lae inkomste wat deur baie Suid-Afrikaners verdien word, 'n hoofoorweging tydens die formulering van 'n toekomstige behuisingstrategie is (Witskrif oor Behuising, 1994:4). Die dominante element van die Suid-Afrikaanse behuisingsbeleid is 'n inkomste-verwante kapitale subsidieskema, met die lae-inkomstehuishoudings as teikengroep, gemik op 'n gestandaardiseerde en gedienste erf met gratis eiendomsreg en 'n kern-behuisingstruktuur vir kwalifiserende huishoudings (Charlton en Kihato, 2006; Miraftab, 2003; Smit, 2003b; Witskrif oor Behuising, 1994). Die Subsidie is 'n eenmalige bydrae deur die Regering met die doelwit om "behuising vir almal" in die vorm van volledige huise daar te stel en om behuisingsvoordele wyd te versprei (Lalloo, 1999; Jenkins, 1999; Witskrif oor Behuising, 1994).

Die behuisingssubsidie is ook die sleutelinstrument vir die implementering van doelwitte vir die ontwikkeling van permanente residensiële nedersettings. Die verwysing na "permanente residensiële strukture" stel 'n norm vir behuising wat dit onderskei van die "erf-en-diensskemas" wat deur die vorige regering opgerig is. Die fokus val dus op 'n produk wat 'n waardige huis met redelike leefarea en privaatheid insluit (Witskrif oor Behuising, 1994:12). Die beleid vervat in die Witskrif voorsien dat die subsidieskema meer as net huise sal bou, en dat dit tot die skep van lewensvatbare, geïntegreerde nedersettings sal lei waar huishoudings gemaklike toegang tot geleentheid, infrastruktuur en dienste het, maar die dimensie van goed funksionerende gemeenskappe het grootliks in gebreke gebly om te materialiseer (Khan en Ambert, 2003; Rust, 2003).

Terwyl die subsidie verskeie vorme aangeneem het, was die mees sigbare manifestasie daarvan die produksie van "HOP"-huise. Die aard van die "basiese huis" is bevraagteken, aangesien die oogmerk die lewering van 'n beginnershuis was, waar begunstigdes oor tyd kon aanbou en konsolideer (Charlton en Kihato, 2006; Khan en Ambert, 2003). Teen die laat negentigerjare het die aard van die wonings wat met



behulp van die staatsubsidie gebou is, verander na die oop konsep van 'n beginnershuis, met variasies in die interpretasie daarvan, tot die minimum van 'n 30m<sup>2</sup>-eenheid met gedefinieerde spesifikasies (Charlton en Kihato, 2006: 254).

Die *State of Human Settlement*-verslag (CSIR,1999: 46,70) het egter bevind dat daar baie probleme rakende die kwaliteit en veral die grootte van eenhede bestaan, omdat die subsidie onvoldoende is om 'n vrystaande woning van voldoende grootte en kwaliteit te verskaf. Swak vakmanskap, ongeskikte materiaal en konstruksievaardighede is ook as probleme genoem. Evalueerings wat gedoen is, bewys ook dat aangeleenthede soos die tekort aan ruimte en, privaatheid, asook die verskaffing van basiese dienste, probleme oplewer, en dat toegang tot sosiale fasiliteite soos skole, klinieke, kleuterskole en ontspanningsfasiliteite onvoldoende is. As gevolg van die ligging van die tipe behuisingsontwikkelings (met behulp van die kapitale subsidie) aan die buitewyke van stedelike en/of dorpsgebiede, is vervoerrotetes na werkskeppingsareas nie voldoende gevestig nie (Charlton en Kihato, 2006; Hurchzermeyer, 2003; Public Service Commission, 2003; CSIR, 1999). Laekostebehuisingsontwikkeling bring mee dat huise ook gekonsentreerd en binne 'n geformaliseerde stadsuiteensetting (Hurchzermeyer, 2003 in Taylor, 2006: 6) in swak geleë gebiede voorkom, wat lei tot voortdurende hoë vervoerkoste en sosiale en ekonomiese geïsoleerdheid (Baumann en Mitlin, 2003; Tomlinson, 1999). Die voorafgaande tekortkominge word deur die meeste stedelike praktisyns, asook deur die regering betreur. Dit is teenstrydig met die idealistiese siening wat die Witskrif (1994:4) voorhou en die regering erken dit in die Departement van Behuising se *Breaking New Ground*-beleidsraamwerk van 2004, deur dit as volg op te som:

*After the 1994 elections, Government committed itself to developing more liveable, equitable and sustainable cities. Key elements of this framework included pursuing a more compact urban form, facilitating higher densities, mixed land use development, and integrating land use and public transport planning, so as to ensure more diverse and responsive*



*environments whilst reducing travelling distances. Despite all these well-intended measures, the inequalities and inefficiencies of the apartheid space economy, has lingered on (2004:11).*

Die substandaardgehalte van die "HOP-huise" is 'n belangrike rede vir toenemende ontevredenheid onder die inwoners (Greenberg, 2003:21). Dit is ook gesê dat die najaag van getalle die gehalte laat afneem. *"We approached mass delivery with a very real threat: that in our chase for quantity we fall short of quality. It will be no solace at all that we created our new ghettos democratically"* (Nxumalo-Nhlapo, 1998:9). Die klem moenie wees op die hoeveelheid huise wat gelewer word nie, maar op die gehalte daarvan. Gehaltebehuising wat lewenstoestande sal verbeter is nodig, eerder as groot getalle huise van 'n substandaard (Nxumalo-Nhlapo, 1998:9).

Daar bestaan probleme rondom die algemene stedelike kwaliteit, die gehalte van openbare ruimtes en die digtheid van behuising, en baie van die nuwe woongebiede wat ontwikkel word, bly hoofsaaklik mono-gebruik residensiële areas, soortgelyk aan die *"dormitory townships"* van die verlede (CSIR, 1999: 46,64,70). Alhoewel die optimale plasing van woonbuurte 'n sleutelkwaliteit van lewensvatbare gemeenskappe uitmaak, bly die beginner-behuisingsprojekte wat meestal aan die buitewyke van dorpe en stede geleë is, die mees algemene tipe nedersetting as 'n uitvloeisel van die behuisingssubsidie (CSIR, 1999:64). Aangesien die huidige beleidsraamwerk klaarblyklik "kleurblind" en nierassig is, ontstaan die vraag of hierdie tipe behuising enigsins beter is as die vorige regering se behuising, en die verskil nie bloot daarin geleë is dat apartheid nou op ekonomiese verskille, en nie meer op ras gebaseer is nie.

Verskillende besitreg-opsies word ook as algemene beginsel in behuisingsontwikkeling in die Behuisingswet (107 van 1997) aanvaar, waar dit onomwonde gestel is dat daar verseker moet word dat behuisingontwikkeling voorsiening maak vir 'n wye keuse van behuising en besitregopsies (Wet op Behuising, 1997:6). Die subsidie is verbind tot eienaarskap, die vrye besit van 'n erf,

en kan slegs gebruik word indien die erf aan iemand behoort en of dit die doel was om dit te koop. Die behuisingssubsidieskema konsentreer op nukleêre gesinne en die eienaarskap van afsonderlike boupersele waarvan die ontwikkeling gelei het tot homogene laeinkomstenedersettings (CSIR, 1999: 44,46). Huchzermeyer (2002 in Rust, 2003:14) stel dit dat die ekstreme standaardisering van die behuisingssubsidie die inheemse en evolusionêre prosesse van huisbou, soos deur gemeenskappe en huishoudings nagestreef word, ondermyn. Die feit dat subsidies van 'n gelyke grootte is, ongeag die grootte van die huishouding, bemoedig die versplintering van uitgebreide gesinne en familiegroepe, wat belangrike oorlewingstrategieë van die armes vorm (Yose, 1998 en Smit, 2000 in Smit, 2004:10). Huur is 'n belangrike behuisingsreg vir armes, omdat dit groter beweeglikheid toelaat, wat 'n belangrike komponent van hulle oorlewingstrategieë uitmaak.

Volgens die kapitale subsidie word behuising as 'n produk beskou en hanteer, en nie as 'n proses nie, met die gevolg dat subsidies die ware behoeftes van lae-inkomstegemeenskappe nagelaat het (Taylor, 2006: 8). Die subsidiebeleid is gebaseer op die beginsel van wydte (wye beskikbaarheid van bystand), eerder as diepte (die lewering van 'n voldoende produk), waar 'n groot aantal gesinne kleiner subsidies kry, eerder as 'n kleiner hoeveelheid gesinne met 'n groter subsidie (Nasionale Behuisingskode, 2000: 15UF; Napier, 1998:393). Deur hierdie program is honderde duisende huise op goedkoop grond aan stedelike buitewyke gebou, met minimumvlakke van beskutting of dienste. Die tipiese produk, bekend as die sogenaamde “*matchbox*”, word oor honderde hektaar aangebring met weinig agting vir identiteit, voetgangerssirkulasie, stedelike ontwerp en digtheid, oop ruimtes en integrasie van sosiale dienste (skole, polisiekantore, biblioteke, klinieke, ens.). Alhoewel minimumstandaarde vir sanitasie, elektrisiteit en watervoorsiening daargestel word, is die algemene behuisingsprestasie en die standaarde van ontwerp en konstruksie nouliks beter as die “*shack*” wat die sogenaamde “*matchbox*” veronderstel is om te vervang (Irurah en Boshoff, 2003 :254).

Volgens Gilbert (2004 in Charlton en Kihato, 2006: 255) word die behuisings- 'eksperiment' binnelands wyd gekritiseer as gevolg van die tekort aan nedersettingsintegrasie en die swak skakeling tussen die lewering van huise en geleenthede in stedelike gebiede. Die program is ook baie gekritiseer vir sy bydrae tot stedelike uitgestrektheid wat die verontregting van armes laat voortbestaan, en lei tot hulle onmag om 'n sleutelrol in die verdigting, integrasie en herkonstruksie van die apartheidstad te speel (Bond, 2003; Todes, 2003; Zack en Charlton, 2003; Huchzermeyer, 2001; Narsoo, 2000). Volgens Charlton en Kihato (2006: 256) blyk dit duidelik dat dit nie werklik beter gestel is met Suid-Afrika se mees weerlose huishoudings as gevolg van hierdie program nie, en dat die verlies aan gemeenskapsamehorigheid en sosiale netwerke verdere leemtes in sulke nedersettings tot gevolg het, in teenstelling met informele nedersettings. Die genoemde faktore, tesame met andere, soos die afwesigheid van stedelike integrasie, die swak markwaarde van die ontwikkelde eiendomme en die implikasies van hoë lewensikluskostes, dra by tot die voortbestaan en verdieping van armoede, segregasie en omgewingsagteruitgang (Irirah en Boshoff, 2003; Thurman, 1999 en Hifab International, 1998 in Public Service Commission, 2003; Adebayo en Adebayo, 2001).

'n Belangrike beperking is dat 'n groot persentasie van die lae-inkomstebevolking onbevoeg en/of nie in staat is om voldoende behuising deur eie finansiële bronne te bekostig nie (Witskrif oor Behuising, 1994:12). Derhalwe moet regeringsbronne die fokus laat val op die armste dele van die bevolking, waar armoede 'n invloed het op mense se vermoë om huise te kan bekostig. 'n Lae inkomste plaas ook 'n aansienlike beperking op die behuisingsopsies wat vir hierdie groep beskikbaar is. 'n Tekort aan eindgebruiker-finansies, veral vir lae-inkomstehuishoudings wat gebuk gaan onder finansiële instellings se onwilligheid om geld in sekere gebiede en aan sekere inkomstegroepe te leen, en die vasgestelde subsidiebedrag, beteken dat die kwaliteit

van behuising laag is, en tot onderhouds- en gezondheidsprobleme, sowel as grootskaalse ontevredenheid lei (Baumann, 2003:38).

Navorsing soos weergee in die *State of Human Settlements in South Africa*-verslag (CSIR, 1999:95-96), wys daarop dat nuwe munisipale dienste en tariewe oorweldigend kan wees, en gevolglik ook nie deel vorm van hulle begrotingspraktyke nie. Dit kan lei tot die verkoop van regeringsbates. Dikwels wanneer die huise nie vir die armes bekostigbaar is nie, mag hulle die wooneenhede verkoop aan relatief welaf huishoudings, wat daardeur die doel van die beleid om die armes te bereik, omverwerp (Tomlinson, 1996 in Mmakola, 2000; Baumann, 1998). Die subsidiebedrag is te klein om 'n gepaste topstruktuur te kan bou nadat die grond van dienste voorsien is. Die begunstigdes is gewoonlik ook te arm om uitbreidings aan te bring en om vir basiese dienste te betaal, en baie is ook onbewus daarvan dat hulle verantwoordelik sal wees vir kostes aan dienste en huisonderhoud (Blake, 2000 in Public Service Commission, 2003:18). Tensy die ekonomiese toestande van huishoudings verbeter om die stygende lewenskostes te kan akkommodeer, sal die verbetering van behuisingstoestande 'n stygende bron van huishoudelike armoede en/of verminderde betaling van dienste tot gevolg hê (Mmakola, 2000: 33). Alhoewel die subsidiebedrag sedert die instelling daarvan herhaaldelik verhoog is, bly dit egter nie in pas met inflasie nie (Charlton en Kihato, 2006: 254). Hierdie tekortkominge en onderbesteding op HOP-projekte het ook geleidelik 'n simbool geword van die regering se onvermoë om verkiesingsbeloftes na te kom en ontwikkelings programme beskikbaar te stel (Blumenfeld, 1997:65-68).

Uit die voorafgaande inligting blyk dit duidelik dat die ontwikkeling van 'n behuisingsevalueringsinstrument noodsaaklik sal wees om eerstens te help met opnames vir die samestelling van 'n gemeenskapsprofiel van die sosiale, sosio-ekonomiese en maatskaplike aangeleenthede binne 'n bepaalde gemeenskap met betrekking tot behuising. Inligting wat tydens sulke opnames verkry word, kan

gebruik en toegepas word tydens die beplanning van strategieë om die lewensgehalte van hulle teikengroepe te verbeter. Tweedens kan die behuisingsevalueringmodel dien om die regering, behuisingspraktisyns en ontwikkelaars te help met die toepassing van die beleid, en tegelykertyd bydra om die verantwoordbaarheid ten opsigte van die toepassing van behuisingswetgewing in arm gemeenskappe te verhoog.

## **2.4 TEORIEË EN BENADERINGS IN MENSLIKE EKOLOGIE**

Hierdie gedeelte bied 'n bespreking van die verskeie teorieë onderliggend aan en kenmerkend van menslike ekologie, met spesifieke verwysing na die ekologiese sisteem- en bemagtigingsteorieë, en vanuit die interdisciplinêre benadering wat hierdie studie onderlê. Eerstens word die definisie van menslike ekologie weergee, waaruit verskillende kernaspekte duidelik na vore sal kom. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die onderskeie teorieë.



Menslike ekologie, ook bekend as Gesins- en Verbruikerstudie, word gedefinieer as 'n studieveld met 'n geïntegreerde benadering, wat gemoeid is met die verhoging van lewenskwaliteit deur te fokus op die interverwantskappe tussen gesinne en gemeenskappe, en die veelvuldige omgewings waarbinne hulle fungeer (Stage en Vincenti, 1997:306). Menslike ekologie word ook omskryf as 'n interdisciplinêre toegepaste wetenskap wat gemoeid is met die fisiese, sielkundige, sosiale en materiële welstand van individue, gesinne en ander groepe, deur die gebruik van kennis, hulpbronne en die toepassing van tegnologie om behoeftes en verwagtinge te bevredig (Boshoff, 1997:1) en hulle menslike potensiaal binne hulle mikro-omgewing te verhoog (Nicolescu, 1997:1). Uit bogenoemde definisies kan die elemente van die missie, die benadering en die toepassingsopset waargeneem word. Die missie sluit die bemagtiging van individue in, deur te fokus op die verhoging van hulle lewenskwaliteit, die bevrediging van verwagtinge en die ontwikkeling van hulle

potensiaal deur 'n interdisiplinêre benadering en binne 'n holistiese toepassingskonteks.

Hierdie dissipline word onderskei en gekenmerk deur 'n interdisiplinêre studieterrein. Dit is gebaseer op 'n probleemoplossende benadering met samewerking tussen meervoudige rolspelers, insluitende akademici, ten einde die komplekse uitdagings wat die samelewing in die gesig te staar, die hoof te bied. Hierdie benadering, met menslike welstand as kern, oorskry grense tussen dissiplines ten einde inligting en perspektiewe uit wetenskaplike en nuwetenskaplike bronne te integreer. 'n Interdisiplinêre studie verwys na die gekoördineerde interaksie tussen twee of meer dissiplines met die voorneme om metodes van een dissipline na 'n ander oor te dra deur middel van (a) nuwe toepassings, (b) nuwe analyses, en (c) selfs die voortbring en ontwikkeling van 'n heel nuwe dissipline (McGregor, 2007; Darling, 1995 in Cornelissen, 2006; Grigg (1999) in Manathunga, Lant en Mellick, 2006; Nicolescu, 2005, 1997; Colins, (2002) in McGregor, 2004), terwyl die kennis van alle deelnemers deur wedersydse leer verhoog word (McGregor, 2004; Lerner, Miller en Ostrom, 1995).

Deur die mededeling van verskillende perspektiewe en aannames wat uit die dialoog ontstaan, word nuwe benaderings tot komplekse sosiale aangeleenthede gevind (Lattanzi, 1998 in McGregor, 2004:2) om op 'n kollektiewe wyse oplossings vir ingewikkelde en verweefde gemeenskapsprobleme te konseptualiseer (Regeer, 2002 in McGregor, 2004:2). Ivanitskaya, Clark, Montgomery en Primeau (2002:98) demonstreer dat 'n interdisiplinêre ingesteldheid die navorsers, gemeenskappe en behuisingsamptenare in staat stel om strukturele kennis te ontwikkel wat bydra tot die begrip van hoër-ordeverhoudings, kritiese en kreatiewe probleemoplossing en metakognitiewe vaardighede, deur die oënskynlik nieverwante kennis met behulp van doelgerigte denke te verbind, en ook die effektiwiteit daarvan te evalueer. Interdisiplinariteit stel navorsers, behuisingsamptenare en gemeenskappe bloot aan

veelvuldige, somtyds konflikterende perspektiewe, en moedig hulle aan om kennis saam te stel en toe te pas wat sal lei tot die oplossing van gemeenskapsprobleme en die verbetering en verhoging van omstandighede en lewenskwaliteit (Jones, Merrit en Palmer 1999, Bradbeer, 1999 in Manathunga, *et al.*, 2006; Ivanitskaya *et al.*, 2002).

Hierdie aspek van die filosofie van menslike ekologie help met die insig dat 'n individuele of gesinsprobleem nie opgelos kan word deur slegs na een gedeelte van die probleem te kyk nie. Insigte moet vanuit ander dissiplines verkry word en hierdie inligting moet saam met ander individue gebruik word om hulle probleme op te los. Holistiese sisteme se denkwyses is die dryfveer agter die interdissiplinêre benadering van ons praktyk (McGregor, 2006:8). De Wet (1997:60) en Erasmus (2000:25) is dit eens wanneer hulle skryf dat gekompliseerde stedelike probleme op 'n omvattende en geïntegreerde wyse hanteer moet word, met inagneming van die ekonomiese, sosiale, institusionele, tegniese, finansiële, ekologiese en ander dimensies van ontwikkeling. Dit is duidelik dat menslike ekoloë oor die nodige agtergrond en kennis beskik om die knelpunte van gesinne aan te spreek.

Die interdissiplinêre aard van navorsing in menslike ekologie laat navorsers toe om die positivistiese, interpretatiewe en kritiese wetenskapsbeskouinge toe te pas sodat sosiale probleme op 'n komplementêre wyse opgelos word om sodoende die relevansie en veralgemening van bevindings te verhoog (Family and Consumer Sciences at Western Michigan University, White Paper: ongedateer). Die aard van die behuisingsevalueringsmodel leen hom daartoe dat enige menslike ekoloog die model as maatstaf kan gebruik.

Die ekologiese sisteemteorie en die bemagtigingsteorie word algemeen binne die vakgebied van menslike ekologie gebruik en is derhalwe ook van toepassing binne hierdie studie. Aangesien gesinne binne bepaalde omgewings woonagtig is en elke dag in noue interaksie daarmee verkeer, en omdat dié studie handel oor die impak van



die omgewing (natuurlik en mensgemaak) op die inwoners, is dit belangrik om die interafhanklikheid daarvan te verstaan en begryp. Hierna volg 'n bespreking van die ekologiese sisteemteorie.

#### **2.4.1 Ekologiese sisteemteorie**

Die ekologiese sisteemteorie erken die interafhanklikhede van gesinne en omgewings (Rice en Tucker, 1986 in Williams, 1998:3; Deacon en Firebaugh, 1988) en gevolglik gebruik menslike ekoloë die sisteemteorie vir die bestudering en analise van die interaksie tussen individue en gesinne as fisies-biologiese en sosiaal-sielkundige organismes, in interaksie met mekaar en met hulle omgewings, en die effek wat dit op menslike lewens het (Brown, 1993; Bubolz en Sontag, 1993; Key en Firebaugh, 1989).

Bronfenbrenner (1979:4) definieer die sisteemteorie as die kompleks van “lae” in die omgewing, elk met sy besondere effek op individuele ontwikkeling binne die konteks van kulturele oortuigings, waardes en houdings – die makro-sisteem (die instellings van die samelewing), die mesosisteem (die gemeenskapsweergawe van hierdie instellings) en die mikrosisteem (werklike sisteme waarbinne individue op mekaar reageer, soos die gesin, skool of portuurgroep) wat die moderne individu en gesinne omring (Deacon en Firebaugh, 1988:28). Bubolz en Sontag (1993 in Bubolz, 1995:4) konseptualiseer drie analities beslissende, maar interafhanklike omgewings: i) die natuurlike fisies-biologiese, ii) die sosio-kulturele en iii) die mensgemaakte omgewing.

Gesinne in alle samelewings is as sosiale instansies en individuele eenhede verantwoordelik vir die reprodutiewe, fisiese-biologiese lewensmiddele, ekonomiese onderhoud (byvoorbeeld voedsel, kleding, beskutting, gesondheidsorg) asook vir sosio-emosionele versorgende funksies, en hulle benodig hulpbronne vanuit hulle omgewings om hierdie behoeftes te kan vervul (McGregor, 1997; Bailey, Firebaugh,



Haley en Nickols, 1993). Dit is belangrik dat die individu en die gesin in sy totaliteit, asook in sy wedersydse interaksie met verskeie omgewings bestudeer word om 'n beter begrip en hantering van die impak van hierdie veranderinge op gesinne te verseker (Melson, 1980 in Nickols, 2003:6). Die welstand van veranderende individue en gesinne kan nie afsonderlik van die welstand van 'n veranderende omgewing gesien word nie (Bubolz en Sontag, 1993: 424-425). Aangesien omgewings menslike gedrag beïnvloed, lê dit vir gesinne sekere beperkinge en stremminge op, maar bied dit ook moontlikhede en geleenthede; derhalwe kan gesinne nie in isolasie buite hulle omgewings bestudeer en verstaan word nie. Gesinne het wisselende grade van beheer en vryheid met betrekking tot omgewingsinteraksies en toegang tot hulpbronne. Gesamentlik het besluite en aksies van individuele gesinne 'n impak op die samelewing, kultuur en die natuurlike en geboue van hulle omgewing (Bubolz en Sontag, 1995:4). Hierdie aspek tree ook in dié studie sterk na vore wanneer die impak van behuising op die inwoners van Wesbank bespreek word.

Die gesinsisteem vereis 'n holistiese perspektief wat navorsers in staat stel om die volle omgewingskonteks te oorweeg wanneer hulle probeer om 'n bepaalde situasie te verstaan. Hierdie perspektief identifiseer onafhanklike, maar ook interafhanklike lae wat oorweging moet geniet wanneer transaksies tussen individuele gesinne en omgewingsisteme vertolk word (Goldsmith, 1996; Hook en Paolucci, 1970). Daarom word menslike ekologie gesien as die geïntegreerde som van sy onderdele, wat as sodanig interdisiplinêr van aard is. Vanuit 'n sisteem-teoretiese perspektief behels die geheel altyd meer as die somtotaal van sy onderskeie dele. Gesinne kan nie in afsonderlike kompartemente bestudeer word nie, en om die regering se beleid van volhoubare menslike nedersettings te implementeer, is dit soveel te meer noodsaaklik om te verstaan dat die gesin nie slegs van 'n struktuur voorsien moet word nie, maar dat die totale invloed van behuising as proses, asook die gesin se interaksie met sy omgewing, verstaan moet word. Uit die voorafgaande bespreking word die interaksie en interafhanklikheid van gesinne en hulle omgewings weereens duidelik, sowel as die

noodsaaklikheid dat ons dit sal verreken ten einde gesinne en hulle wisselwerking met omgewings te verstaan.

Teen hierdie agtergrond is die konsepte van die evalueringsmodel vir menslike ekologie geïdentifiseer, en omvat dit aspekte uit die natuurlike, fisies-biologiese omgewing, tesame met die mensgemaakte omgewing, bestaande uit huise, paaie, en verbruikersprodukte, wat op hul beurt tot stand kom deur die wysiging en transformering van natuurlike hulpbronne. Die sosio-kulturele omgewing bestaan uit versamelings van mense, sosiale en kulturele elemente soos waardes, taal en wette, en sosiale, politieke en ekonomiese instellings. Dit vind beslag in die ekonomie, regering, gemeenskappe, die opvoedings- en regstelsel, die kerk en die werkplek (Bubolz en Sontag, 1993; Bubolz, 1990). Huishoudings en gesinne kan dus nie van hulle verskeie omgewings losgemaak word nie, en dit word ook weerspieël deur 'n behuisingsbeleid wat daarna strewende om goeie gehalte lewensomgewings te skep. Verskeie skrywers is dit eens dat daar 'n onlosmaaklike verbintenis bestaan tot die daarstelling van behuisings- en omgewings wat die fisiese en verstandelike gesondheid en die sosiale welsyn van individue en gesinne wederkerig beïnvloed (Anderson, Shinn en St Charles, 2002; Dunn, 2002; Mtembi-Manyele, 2001; Meyer, 1998; Penderis, 1996; Després, 1991).

Die ekologiese sisteemteorie behels alle relevante invloede in die mikro-, meso- en makro-omgewings wat mense affekteer. Terwyl bemagtiging opgesluit lê binne die onderskeie vlakke, fokus dit terselfdertyd op die ekonomiese, sielkundige en sosiale vlakke waar hierdie faktore intrinsiek op die welsyn van gesinne en huishoudings inwerk. Terwyl die mikro-omgewing vir menslike ekoloë van primêre belang is, fokus die meso- en makro-omgewings op die doeltreffendheid van programme wat gerig is op die verligting en/of uitskakeling van armoede, en op voorkomende maatreëls wat die basis of kern vorm van die holistiese benadering in die bestudering van gesinne en huishoudings in hul mikro-omgewings (Griffore en Phenice, 2004; Nickols, 2001 in Nickols, 2003). Hierdie aspek word bevestig waar die Wet op Behuisings (107 van

1997) dit onomwonde stel dat die omgewing waarbinne die huis geleë is, net so belangrik is as die huis self (Departement van Behuising, 2001:2). Menslike ekoloë, met hul geïntegreerde kennis en interdisiplinêre benadering, blyk hier die mees aangewese kundiges te wees om leiding te gee. Met inagneming hiervan is die evalueringsmodel met sy verskillende vlakke saamgestel, aangesien alle aspekte van die individu in sy totaliteit waargeneem en verstaan moet word.

Afgesien van die ekologiese sisteemteorie, het die bemagtigingsteorie ook deel van hierdie studie gevorm, en word dit vervolgens bespreek.

#### **2.4.2 Bemagtigingsteorie**

Die missie stel dit dat menslike ekoloë gesinne, beide as individuele eenhede en as sosiale instelling, in staat moet stel om aksiesisteme te bou en in stand te hou (Vaines, 1980:111). Die teorie ter ondersteuning van hierdie sisteme van aksie is dié van bemagtiging, wat gedefinieer word as 'n multidimensionele (soos dit binne sosiologiese, sielkundige, ekonomiese en ander dimensies plaasvind), sosiale proses wat individue help om beheer oor hulle lewens uit te oefen. Dit is 'n proses wat mag bevorder deurdat individue handelend optree by aangeleenthede wat hulle en hulle gemeenskap as belangrik definieer (Page en Czuba, 1999:1). Die bemagtigingsteorie vereis erkenning en hantering van 'n verskeidenheid van inligting, betekenis, interpretasies en waarneembare struikelblokke tot by probleemoplossing, vóórdat daar met individue, gesinne en gemeenskappe tot handeling oorgegaan word (Vaines, 1988 en Vaines en Wilson, 1986 in McGregor, 1997:11).

Die kritiese bemagtigingsteorie het oorwegend te make met die vrystelling van mag binne 'n samelewing, en hoe hierdie mag die welsyn, lewenskwaliteit en welstand van individue en gesinne affekteer. Dit fokus op die daarstelling van veilige omgewings waar individue met andere in gesprek kan tree, sodat hulle hul eie “stem” en “mag” kan vind, hulle persoonlike waardes, oortuigings en houdings kan verstaan, en daaruit

vir hulself betekenis konstrueer. Met hierdie insigte verkry hulle “ek-mag” (bemagtiging) (McGregor, 2006:9). Hierdie teorie lei daartoe dat mense saamwerk vir die welsyn van almal, want deelname beteken dat mense deel word van iets groter as hulself. Vaines (1993:23) stel dit onder meer dat deur die krag van bemagtiging te deel, leierskap inklusief word, en mense dan saamspan om met belangrike gemeenskapsaangeleenthede te worstel. Veranderinge, vanuit hierdie perspektief, is ’n proses van herskepping van onself binne die gemeenskap.

Toepassing van bemagtiging deur menslike ekoloë lei daartoe dat huishoudings (met gemeenskapsdeelname in die behuisingsproses) in staat gestel word om institusionele veranderinge (byvoorbeeld die implementering van behuisingsbeleid) tot hulle eie voordeel te beïnvloed, en die breë samelewing te transformeer en te vorm. Gemeenskapsdeelname by die besluitneming, beplanning en uitvoer van projekte (behuising in dié geval) bring mee dat hulle die rigting van projekte kan beïnvloed en so verantwoordelikheid vir hulle eie ontwikkeling neem (Mansuri en Rao, 2004; Oakley en Marsden, 1991).

’n Kritiese bemagtigingsaksie moedig self-refleksie aan, bevry die individu en gesin om ander en nuwe idees te ondersoek en rus hulle toe om daadwerklik verantwoordelikheid vir die beheer oor hul lewens te aanvaar (Lahir-Dutt, 2004:1). Die kernwoord hier is eienaarskap, want deur by die ontwikkeling en produksie van fasiliteite betrokke te wees, beleef mense groter verantwoordelikheid vir die onderhoud daarvan (Berner en Phillips, 2003; Erasmus, 2000; Mfalatsane, 1999; Swanepoel, 1997; Paul, 1987), sodat hulle afhanklikheid van die regering verminder en hulle dus selfonderhoudend raak. Dit behels ’n evalueringsproses wat mense toelaat om die geskiktheid van hulle omgewings teen hulle eie behoeftes en doelwitte te beoordeel (so het die gesinne in Wesbank byvoorbeeld hulle wonings en omgewing geëvalueer op grond van die kwaliteit van die woning, die kwaliteit van struktuur, die beskikbaarheid en geskiktheid van fasiliteite en infrastruktuur, en die gevolglike

impak op hulle en hul gesinne). Die evalueringsmodel dien dus ook vir mense as 'n nuttige hulpmiddel om só behoeftebepalings en evaluerings van hulle omstandighede en wonings te maak, teen die agtergrond van hulle eie behoeftes, standarde en doelwitte.

Omdat menslike ekoloë die gesin in sy totaliteit bestudeer en hulle die noue verband tussen die gesin en omgewing verstaan, het hulle ook 'n beter begrip van hoe individue binne gemeenskappe werk, en kan dit 'n beslissende rol in die bemagtiging van gemeenskappe speel. Deur hierdie proses word dialoog gefasiliteer en refleksie gestimuleer, wat kan lei tot moreel-regverdigbare en eties-volhoubare huishoudelike hulpbron- en bestuursbesluite (Vaines, 1993:23). Vanuit hierdie tipe praktyk word menslike ekoloë nie meer gesien as die kundiges wat kennis uitdeel nie, maar eerder as diegene wat 'n veilige omgewing skep waar dialoog en refleksie ten grondslag lê van besluitneming (Nova Scotia Department of Education, 1992 in McGregor, 1997; Touliatos en Compton, 1988 in McGregor, 1997; Vaines, 1980, 1992 in McGregor, 1997; Brown en Paolucci, 1979). Derhalwe kan die behuisingsevalueringsmodel as aanknopingspunt dien tussen die professionele menslike ekoloog en individue in die gemeenskappe.

Dit is belangrik dat gesinne bemagtig word om hulself te help. Deur die vermoë om krities te dink en dienste vanuit verskeie perspektiewe te lewer, kan menslike ekoloë ondersteunende omgewings skep waar gesinne praktiese probleme kan oplos deur van voortdurende veranderende kombinasies van analitiese, interpretatiewe en kritiese emansipatoriese handeling gebruik te maak (Cornelissen, 2006:142). Dit is egter ewe belangrik om te besef dat *'empowerment is more complex ... and it needs to be defined by the people concerned ... to be active in solving their own needs by building on their energy, networks, and strengths. Delivering empowering practice means we build on what they bring to the situation'* (Benerbaum, 1995: 47). Die rol van menslike ekoloë is om gesinne in staat te stel om hulself te bemagtig om praktiese en voortgesette probleme op te los (Istre en Self, 1990; Morgaine, 1993 in McGregor,

1997:9). As gesinne hulle eie denke transformeer, kan hulle hul omgewingstoestand verander tot die voordeel van individue en gesinne (Vaines, 1980:5). Die behuisingsevalueringsmodel kan binne hulle omgewing deur individue en gesinne as hulpmiddel gebruik word om hulle spesifieke behoeftes te bepaal. Daarvolgens kan die menslike ekoloog met gemeenskapslede saamwerk en die proses van bemagtiging fasiliteer. Die gebruik van die model verhoed dat daar generies te werk gegaan word en gee erkenning aan die unieke behoeftes van individue binne verskillende gemeenskappe.

Uit bogenoemde besprekings is dit duidelik dat nie slegs een enkele teorie en/of benadering die omvangrykheid en kompleksiteit van die hedendaagse samelewingsprobleme kan aanspreek nie. Die vakgebied benodig 'n benadering wat ons uitdaag om die bestaande grense van denke en kennisinsameling te versit ten einde ook die kompleksiteit van sosiale aangeleenthede en kwessies aan te spreek (Lattanzi, 1998 in McGregor, 2004:2).

## **2.5 SAMEVATTING**

Hierdie hoofstuk het 'n oorsig gegee van relevante literatuur wat die nodige agtergrondsinligting tot die navorsing verskaf. Die sleutelareas en -konsepte onderliggend aan die navorsing is geïdentifiseer en binne konteks geplaas. Die eerste gedeelte, as inleidende perspektiewe op behuising, het oor beleid, definisies van behuising en die noodsaaklikheid van voldoende behuising gehandel.

Ten tweede het die literatuuroorsig op behuisingwetgewing gefokus en meer spesifiek op sleutelwetgewing. Beleidstukke wat die regering gehelp het met die prioritering van hulle doelwitte vir die rekonstruksie en ontwikkeling in Suid-Afrika is ondersoek. Stukke wat vir die doel uitgesonder was, was die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), die Wet op Behuising 107 van 1997, die Heropbou- en

ontwikkelingsprogram (1992) en die Witskrif oor Behuising (1994). Die genoemde wetgewing is vir hierdie studie betekenisvol as gevolg van die doelwitte wat vir ontwikkeling gestel word, omdat die behuisingswetgewing ook die beleidstukke as belangrike vertrekpunte identifiseer. Kritiek ten opsigte van wetgewing is ook aangespreek.

Derdens het hierdie hoofstuk 'n bespreking ingesluit van die teorieë wat ten grondslag lê van menslike ekologie. In die volgende hoofstuk word die navorsingsmetodologie vir die inwin van data vir die studie bespreek. Die navorsingsmetode, data-insamelingstegnieke, die opname, data-analisetegnieke, navorsingsprosedure en die behuisingsevalueringsmodel word verduidelik.



## HOOFSTUK 3

### NAVORSINGSMETODOLOGIE

#### 3.1 INLEIDING

Die inligting wat in die voorafgaande hoofstuk oor behuising en behuisingswetgewing verstrekkend is, dien as teoretiese grondslag vir die doelstellings, soos vervat in hoofstuk 1 van hierdie navorsing. Hoofstuk 3 gee 'n volledige uiteensetting van die metodes, tegnieke en prosedures wat met die uitvoer van die navorsing gevolg is.

#### 3.2 METODOLOGIE

Evalueringsnavorsing is in hierdie studie gebruik en is 'n vorm van toegepaste navorsing wat inligting rakende die implementering, werking en uiteindelijke doeltreffendheid van dokumente navorsing (De Vos, Strydom, Fouché, Poggenpoel, Schurink en Schurink, 1998: 367). Evalueringsnavorsing word begrond deur 'n samekoms van paradigmas (Guba en Lincoln, 1989:157), waar die kwalitatiewe en/of naturalistiese evalueringsbenadering gegrond is op interpretatiewe metateorieë (Patton, 1990:41). Wat evalueringsnavorsing egter van basiese navorsing onderskei, is die doel waarvoor data ingewin word (Clarke en Dawson, 2000:35). Patton argumenteer dat basiese wetenskaplike navorsing begaan is oor die toevoeging tot die bestaande liggaam van kennis en beweer "...research is aimed at truth. Evaluation is aimed at action" (1986:14). Die behuisings-evalueringsmodel wat deur hierdie navorsing saamgestel word is juis daarop gemik om aksie tot gevolg te hê deurdat dit voornemende navorsers in staat sal stel om 'n impakstudie rakende sosiale en/of maatskaplike aangeleenthede van 'n bepaalde gemeenskap te kan beplan en uitvoer. Beck (1995 in Neuman, 2003:524) onderskryf hierdie uitgangspunt en na sy mening is



dit nie die instrumente wat evalueringsnavorsing definieer nie, maar die take waarvoor hierdie instrumente aangewend word. Patton (1987 in Clarke en Dawson, 2000:64) omskryf dit as volg: "*[T]he art of evaluation involves creating a design and gathering information that are appropriate for a specific situation and particular policymaking context.*" In hierdie studie word laasgenoemde omskrywing as teoretiese vertrekpunt in die navorsingontwerp gebruik. Beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings tot evalueringsnavorsing word aangewend, met die klem oorwegend op die kwantitatiewe, aangesien die grootste persentasie van data deur middel van die opnameprosedure verkry is. Kwalitatiewe inligting is verkry deur 'n inhoudsanalise van bestaande behuisingswetgewing te maak, en fokusgroepe en die oop vrae op die vraelys te gebruik om tot 'n interpretatiewe *verstaan* van menslike ondervinding te kom (Marlow, 1993:426). Fokusgroepe is ook gebruik om deur middel van gesprekvoering kennis van respondente te verwerf, aangesien "*the subjects not only answer questions by an expert, but themselves formulate in a dialogue their own conceptions of their lived world*" (Kvale, 1996 in Hall en Hall, 2004:100). Die ryke inhoud van die inligting wat deur middel van fokusgroepe verkry is, word in hoofstuk 4 by die resultate weergegee.

Meervoudige tegnieke (triangulering) van data-insameling, byvoorbeeld opnames, vraelyste en fokusgroepe soos in hierdie studie gebruik, is kenmerkend van evalueringstudies en word algemeen geïmplementeer sodat alle moontlike maniere van waarneming benut kan word ter wille van die hoogste moontlike geldigheid en betroubaarheid van die inligting (Neuman, 2003:138; Mouton, 2001:159). Die gebruik van meervoudige metodes verleen aan navorsers groter vertroue in hulle bevindings as hulle deur die gebruik van verskeie data-insamelingstegnieke tot dieselfde gevolgtrekking kom (Hall en Hall, 2004:98). In die studie word hierdie aspek bevestig deurdat inligting soos uit die fokusgroepe verkry, wél deur inligting uit die opname verkry, bevestig is. Meervoudige metodes word ook bestempel as die beste wyse om die betroubaarheid en geldigheid van kwalitatiewe navorsing te verhoog (Babbie en

Mouton, 2001:275; Clarke en Dawson, 2000:86; Patton, 1990:245), aangesien die sterkpunte van een tegniek vir die swakpunte van 'n ander vergoed. Die algehele gehalte van die navorsingsdata word dus verbeter en metingsfoute word verminder, terwyl dit ook help om vooroordeel uit te skakel

### **3.3 NAVORSINGSKONTEKS: WESBANK**

Om die omgewing wat in die navorsing ter sprake kom beter te omlin en beskryf, moes agtergrondinligting oor die teikengebied ingewin word. Vervolgens word die geografiese agtergrond, 'n beskrywing van die Wesbank-woongebied en die bestaande infrastruktuur, fasiliteite en dienste uiteengesit.

#### **3.3.1 Agtergrond**

In Julie 1995 het die plaaslike Minister van Behuising 'n opdrag gerig aan die Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap (PAWK) se Departement van Behuising, Plaaslike Bestuur en Beplanning om dringend alle ontwikkelbare grond in die Blue Downs/Melton Rose-area te identifiseer. Wesbank is toe as een van die geskikte gebiede vir die ontwikkeling en vestiging van bekostigbare behuising voorgestel. Die Provinsiale Behuisingsontwikkelingsraad (PBOR) het Wesbank as 'n vlagskipprojek vir die ontwikkeling van bekostigbare behuising in die Wes-Kaap beskou (Wyngaard, 2002:79).

#### **3.3.2 Ligging**

Wesbank is as lae-inkomstebehuising ontwikkel, het uit 5147 wooneenhede bestaan en is vanaf 1997 tot 2000 in vyf fases ontwikkel. Die woongebied is ongeveer 30 km vanaf Kaapstad geleë. In die noorde word dit begrens deur die Stellenbosch Arterialpad ('n hoofverkeersweg) en in die suide deur Hindlestraat wat Blue Downs met Delft verbind. Die R300-snelweg vorm die westelike grens. In die ooste strek die gebied tot by Kuilsrivier en Nooiensfontein (kyk Addendum D). Die gebied is geleë aan die

westelike oewer van die Kuilsrivier en vandaar sy aanvanklike naam “Wesbank” (Wyngaard, 2002:77).

Vanuit 'n omgewingsperspektief vorm die gebied deel van die Kuilsrivier- en Nooiensfontein-vloedvlaktes, wat 'n omgewings sensitiewe gebied is. Dit vorm deel van die *Metropolitan Open Space System* (MOSS), soos geïdentifiseer deur die *Metropolitan Spatial Development Framework* (MSDF) vir die Kaapse metropolitaanse gebied (Kaapse Metropolitaanse Raad (KMR), 1999:13). Gegewe die potensiële impak van die Wesbank-ontwikkeling op die ekologiese karakter van die gebied, het die KMR in Mei 1999 'n omgewingsimpakstudie geloods. Die verslag het die formulering van 'n formele bestuursplan vir die gebied aanbeveel. 'n Aantal voorstelle vir die positiewe gebruik van grond vir ekonomiese ontwikkeling in die gebied is ook voorgelê (KMR, 1999: Opsomming).

Uit die totale gebied van ongeveer 204 hektaar, was slegs 135 hektaar vir ontwikkeling geskik. Die oorblywende dele was binne die 150 jaar-vloedlyn van die Kuilsrivier geleë. Ongeveer 39 hektaar van die gebied is aanvanklik as ongeskik vir ontwikkeling beskou, maar nadat grootskaalse grondwerke plaasgevind het, het dit deel van die ontwikkeling geword (Wyngaard, 2002:78; Anoniem: 1998:24).

Vanuit 'n streeksperspektief is Wesbank binne die armoede-geteisterde metropolitaanse suid-ooste geleë, wat meer as 60% van die metropolitaanse bevolking van Kaapstad akkommodeer, maar skaars 16% van die formele werksgeleenthede binne die metropool oplewer. Dié gebied se ekonomiese bydrae tot die metropool se formele besigheidsomset was egter minder as 7% vir die jaar 2000 (Provinsiale Ontwikkelingsraad van die Wes Kaap, 2002:15-17).

Een van die aangeleenthede wat reeds tydens beplanning as kommerwekkend beskou, en uiteindelik ook nie aangespreek is nie, was dat daar geen sosio-ekonomiese

opname onderneem is om die potensiële begunstigdes, waar hulle vandaan kom en wat hulle persoonlike omstandighede is, te bepaal nie. Aangesien geen spesifieke teikengemeenskap tydens die ontwikkeling in plek was nie, kon hulle gevolglik ook nie oor die ontwikkeling geraadpleeg word nie – en derhalwe kon geen gemeenskapsdeelname tydens die ontwikkeling van die gebied bewerkstellig word nie (Wyngaard, 2002:81,85). Gesinne wat die genoemde eenhede beset, het grotendeels vanuit die Oostenberg administratiewe gebiede gekom. 'n Onbekende aantal gesinne was vanuit verder geleë Kaapstadse gebiede afkomstig. Vanweë die feit dat daar voor die aanvang met die ontwikkeling van Wesbank geen impakstudie omtrent sosiale en/of maatskaplike aangeleenthede onderneem is nie, kon daar dus nie bepaal word wat die ekonomiese status van die bewoners gaan wees nie. Derhalwe is die ekonomiese aktiwiteit binne die gebied hoofsaaklik van 'n informele aard, met baie beperkte vooruitsigte op groei sonder wesenlike eksterne hulp ten opsigte van die ontwikkeling van finansiële en sakevaardighede (Wyngaard, 2002:78). Die Direkteur van Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning van die Oostenberg Munisipaliteit (Wyngaard, 2002:81) het dan ook tydens beplanningsvergaderings genoem dat sonder 'n sosio-ekonomiese analise Wesbank potensieel 'n ekonomiese las vir die munisipaliteit sou word. In die lig hiervan kan die moontlikhede van die evalueringsmodel, soos in hierdie studie ontwikkel om sosiale en maatskaplike aspekte binne 'n gemeenskap te bepaal, nie misgekyk word nie.

### **3.3.3 Behuising**

Die fisiese ontwikkeling van die gebied het in vyf fases plaasgevind en gestrek van 1997 tot 2000. Die gebied het uiteindelik 5147 laekostewooneenhede met drie verskillende behuisingontwerpe en -groottes bevat, wat beskryf kan word as enkeleenhede (23.5 m<sup>2</sup>), duplekseenhede (26 m<sup>2</sup>) en viereenheid-eenhede (“fourplex”) (28 m<sup>2</sup>) (kyk Addendum E).

Die enkeleenhede is losstaande, terwyl die duplekse uit enkelverdieping- en semigekoppelde eenhede bestaan. Die viereenheid-eenhede bestaan uit vier enkelverdieping, gekoppelde eenhede. Tydens Wesbank se ontwikkeling was hierdie konstruksiemetode verteenwoordigend van 'n wegbeweg van die monotipe, enkeleenhedegeboue in soortgelyke lae-inkomsteontwikkelings binne die Kaapse metropolitaanse gebied. Ten minste 10% van die konstruksie moes aan opkomende subkontraakteurs toegeken word, en daar moes ook so ver as moontlik van plaaslike arbeid gebruik gemaak word. Voldoening aan hierdie vereiste is egter nooit gemonitor of aangeteken nie en daar was ook geen empiriese getuienis dat daar ooit aan genoemde voorafgestelde vereistes voldoen is nie (Wyngaard, 2002:82).

Afgesien van die 5147 wooneenhede, was daar tydens beplanning ook voorsiening gemaak vir 'n hoeveelheid nieresidensiële erwe, naamlik ses (6) skoolerwe, ses (6) kommersiële persele, (17) kerkerwe, nege (9) kleuterskoolerwe, een (1) vulstasie, een (1) gemeenskapsfasiliteit en 27 openbare oop ruimtes (Economic Development and Planning Committee, Oostenberg Municipality, 2000 in Wyngaard, 2002: 83). Nadat die inwoners ingetrek het, was die gemeenskaps- en ander fasiliteite soos klinieke, skole en/of sport-en-ontspanningsfasiliteite grootliks ondervoorsien, of dit het nie bestaan nie. Vyf (5) jaar nadat die eerste inwoners ingetrek het, het die gebied byvoorbeeld oor slegs een (1) formele en een (1) tydelike primêre skool beskik, en oor 'n kliniek wat vir kinders onder ses jaar voorsiening maak. Geen groot sakekomplekse het binne hierdie gebied bestaan nie en inwoners was oor die algemeen afhanklik van 'n paar hoekwinkels en 'n groot aantal informele huiswinkels. Vyf jaar nadat inwoners ingetrek het, was alle erwe vir kerke reeds verkoop en was kerkgeboue in verskeie stadia van ontwikkeling. 'n Studie onderneem deur Meyer, Burger, Van Baalen en Rheeder (2001 in Wyngaard en Theron, 2004:51) dui aan dat by die voltooiing van die fisiese ontwikkeling van Wesbank, die meeste, indien nie al die gemeenskapsfasiliteite nie, onopgerig gebly het.

### **3.4 DATA-INSAMELING**

Beide primêre en sekondêre data kom algemeen voor in kwantitatiewe en kwalitatiewe vorme van evalueringsnavorsing (Clarke en Dawson, 2000:65-67). In hierdie studie is primêre data bekom deur die fokusgroep- en vraelys data-insamelingstegnieke te gebruik. Sekondêre data, wat verwys na data wat deur ander navorsers, organisasies en regeringsdepartemente vir hulle eie doelwitte ingesamel is, is in hierdie studie verkry deur die analyse van formele regeringsdokumente soos formele beleidstukke, wetgewing en literatuur.

### **3.5 DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE**

Om die doelwitte soos uiteengesit in tabel 3.1 hieronder, te bereik, is verskillende data-insamelingstegnieke gebruik. Fokusgroepe, asook die raadpleging van navorsingsdokumente vir die inwin van inligting oor omstandighede/toestande binne die gemeenskap is vir doelwit een gebruik. Om 'n behuisingsevalueringsmodel saam te stel (doelwit twee), is behuisingindikatore geïdentifiseer deur sekondêre data te bestudeer, 'n dokumentêre analise van regeringswetgewing te doen, konsultasies met die gemeenskap by wyse van fokusgroepe uit te voer en 'n semantografiek oor assosiasies met "gesonde behuising" saam te stel. 'n Gestruktureerde vraelys (doelwit drie) is ontwikkel na aanleiding van die saamgestelde model waarin doelwit vier, naamlik die bepaling van die mate waarin behoeftes van individue in die gemeenskap bevredig is en in 'n gemeenskapsopname gebruik. Ná die opname kon daar uiteindelik met doelwit vyf, die samestelling van 'n gemeenskapsprofiel van Wesbank, voortgegaan word. Tabel 3.1 toon 'n skematiese voorstelling van genoemde tegnieke en instrumente.

**Tabel 3.1 Data-insamelingstegnieke**

FASE	DOELWIT	TEGNIK	BRON
I	Inwin van inligting oor omstandighede/toestande binne die gemeenskap	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Navorsingsdokumente</li> <li>• Fokusgroepe</li> <li>• Semantografiek</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dokumentasie</li> <li>• Agt groepe van agt individue elk in Wesbank</li> </ul>
II	Behuisingsevalueringsmodel	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Behuisingsindikatore saamstel in sinvolle model met verbande</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dokumentêre analise van Regerings-wetgewing/navorsings dokumente</li> <li>• Literatuur</li> <li>• Fokusgroepe</li> </ul>
III	Vraelys	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwerp vraelys</li> <li>• Geldigverklaring van vraelys</li> <li>• Toetsing van vraelys</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Model, fokusgroep-bevindings</li> <li>• 3 kenners,</li> <li>• 11 studente, 4 ander individue</li> </ul>
IV	Identifiseer die mate waarin behoeftes van gemeenskap bevredig is	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Opname deur gebruik van gestruktureerde vraelys</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 400 respondente</li> </ul>

### 3.5.1 Fokusgroepe

Fokusgroepe is in hierdie studie gebruik om inligting oor omstandighede binne die gemeenskap (doelwit een) in te win, asook om kwalitatiewe data aangaande die behuisingsindikatore vir gesonde behuising (doelwit twee), soos deur die gemeenskap

van Wesbank beskou, te versamel. Tydens die fokusgroepsessies is respondente se subjektiewe evaluering van hulle behuising en lewensomstandighede (lewensgehalte en behuisingstevredenheid) aangeteken. Hierdie tegniek is buigsaam en kan teen 'n redelike lae koste uitgevoer word, en resultate (Krueger, 1994:35) word binne 'n redelike kort tyd gelewer (Schurink, Schurink en Poggenpoel in De Vos *et al.*, 1998:325). Die resultate wat met behulp van hierdie tegniek verkry word, is volgens Krueger oor die algemeen maklik verstaanbaar en het 'n hoë gesigsgeldigheid (Krueger, 1994: 35). Die oopreaksieformaat van 'n fokusgroep bied ook die geleentheid om ryk en groot hoeveelhede data in die respondent se eie woorde te bekom (Schurink *et al.* in De Vos *et al.*, 1998:315; Steward en Shamdasani, 1990 in Crofton, 1997:80; Krueger, 1994:57).

Hoewel die gebruik van fokusgroepe deur sommige navorsers as beperkend beskou word, aangesien slegs 'n klein hoeveelheid respondente betrokke is en geen kwantitatiewe veralgemenings van data gemaak kan word nie, dra fokusgroepinligting by tot die begrip en interpretasie van 'n spesifieke verskynsel (Schurink *et al.* in De Vos *et al.*, 1998: 325; Steward en Shamdasani, 1990 in Crofton, 1997:80; Massey, 1996:26).

Beskikbare bronne, soos Szalay (Schutte, 2002) se semantografiek en die fokusgroeptegniek (doelwit een), is in hierdie studie gekombineer om doelwit twee, naamlik die identifisering van behuisingsindikatore vir gesonde behuising, te bereik (Babbie en Mouton, 2001: 291-293; Bless en Higson-Smith, 1995:113; Schutte, s.a. (a): 1-23). Data vir die opstel van 'n semantograaf is tydens die fokusgroepsessies verkry deur aan die groeplede te vra wat die gemeenskap as gesonde behuising beskou.



Die ideale grootte van fokusgroepe is agt persone, omdat groter groepe moeilik is om te beheer en dit die individu se geleentheid om sy/haar insigte en waarnemings te lug, kan beperk (Krueger en Casey, 2000: 73; Bloor, Frankland, Thomas en Robson, 2001: 27; Schurink *et al.* in De Vos *et al.*, 1998: 317). Daarenteen kan te klein groepe moontlik tot 'n beperkte bespreking lei. Dit is om hierdie rede dat kansellaries negatief op die groepsdinamika inwerk as een of twee van die deelnemers nie opdaag nie (Bloor *et al.*, 2001: 27). Die werwing en samestelling van fokusgroepe kan problematies wees; dus is dit belangrik dat die omgewing waar die groepsessies gaan plaasvind, gesprekvoering sal aanmoedig (Krueger en Casey, 2000: 87; Schurink *et al.* in De Vos *et al.*, 1998:325). Dit moet ook naby genoeg geskied, sodat die persone wat nie wil deelneem of opdaag nie tot die minimum beperk word (Bloor *et al.*, 2001: 91).

Teen die agtergrond van die bogenoemde potensiële beperkings ten opsigte van die kwaliteit van die data wat by wyse van die fokusgroeptegniek ingesamel word, is daar besluit om respondente vir hierdie studie te vervoer om hulle teenwoordigheid te verseker. Fokusgroepe is gedurende Augustus 2004 gehou en deelnemers het in verskeie wonings van inwoners, asook by die plaaslike skool bymekaargekom.

Fokusgroepe het uit inwoners van Wesbank bestaan en die respondente vir die fokusgroepe is geïdentifiseer deur die woongebied in opname-gebiede te verdeel. Afhangende van die aantal huise in 'n opname-gebied, is elke 15de tot 20ste huis geselekteer. Waar die respondent nie gewillig was om aan die fokusgroepe deel te neem nie, het die navorser die volgende vervangingsprosedure gevolg: die geselekteerde woning is deur die woning aan sy linkerkant vervang. As die respondent aan die linkerkant van die oorspronklik geselekteerde woning nie wou deelneem nie, is die eenheid aan die regterkant van die geselekteerde woning besoek. As dit nie moontlik was nie, is die woning verder links van die woning wat links van die geselekteerde woning geleë is, besoek. As daar steeds nie 'n respondent was nie, is

dieselfde prosedure gevolg deur die woning aan die regterkant te kies. Fokusgroepe vir hierdie studie het bestaan uit agt groepe van agt lede elk.

Geslag en ouderdom is as onafhanklike veranderlikes in die samestelling van die fokusgroepe gebruik. Hierdie besluit spruit uit die verwagting dat mans oor die algemeen andersoortige behuisingsbehoefte as vroue sal hê, en dat jonger mense oor die algemeen ook andersoortige behuisingsbehoefte as ouer mense en bejaardes sal hê. Die samestelling van die fokusgroepe wat in hierdie studie gebruik is, is soos volg saamgestel:

1. Groep van agt mans, ouderdom 25 – 35 jaar
2. Groep van agt vroue, ouderdom 25 – 35 jaar
3. Groep van agt mans, ouderdom 36 – 45 jaar
4. Groep van agt vroue, ouderdom 36 – 45 jaar
5. Groep van agt mans, ouderdom 46 – 55 jaar
6. Groep van agt vroue, ouderdom 46 – 55 jaar
7. Groep van agt mans, ouderdom 25 – 55 jaar
8. Groep van agt vroue, ouderdom 25 – 55 jaar.

### **3.5.2 Dokumentêre studie**

Waardevolle inligting word dikwels in dokumente vervat wat basiese inligting verskaf en die navorser in staat stel om ander vrae te oorweeg wat nie voorheen gestel is nie (Neutens en Robinson, 1997:156; McNeill, 1985:103). Om regeringswetgewing en literatuur (doelwit twee) ten opsigte van lae-inkomstebehuising te analiseer en 'n behuisingsevalueringmodel saam te stel, is 'n dokumentêre studie gedoen waartydens 'n inhoudsanalise van behuisingsindikatore in behuisingswetgewing onderneem is. Wetgewings- en beleidsdokumente wat vir die doel geanaliseer is, het onder meer die Grondwet (Wet 108 van 1998); Wet op Behuising (107 van 1997); Heropbou- en ontwikkelingsprogram (1994) en die Witskrif oor Behuising (1994) ingesluit. 'n Studie

is ook van beskikbare dokumente by die Oostenberg Munisipaliteit gedoen. Hierdie sekondêre inligtingsbronne het die basiese elemente verskaf vir die identifisering en seleksie van behuisingsindikatore wat vir die ontwikkeling en samestelling van die behuisingsevalueringsmodel gebruik is.


Behuisingsindikatore vir gesonde behuising is verder geïdentifiseer deur middel van 'n omvattende literatuurstudie wat literatuur ten opsigte van lae-inkomstebehuising ingesluit het, asook rekords en dokumente wat op behuising van toepassing is. Literatuur wat geraadpleeg is, het onder meer die volgende bronne ingesluit: Cohen, Mulroy, Tull, White en Crowley, 2004; De Silva, 2002; Dunn, 2002; Letompa, 2002; Lohse, 2002; The World Health Organization, 2002; Mthebi-Mahanyele, 2001; Granruth en Smith, 2001; Diesendorf, 2000; Dewar, 1999; Kaapstad Stadsraad, 1999; Burkey, 1998; Kiangi, 1998; Meyer, 1998; Penderis, 1996; Harpham en Tanner, 1995; Kok en Gelderblom, 1994; Jackson en Southers, 1993; Sydow, 1993; The UN Committee on Economic, Cultural and Social Rights, 1992; Desprès, 1991 en Max-Neef, 1991.

Deur die inligting deur middel van die inhoudsanalise van dokumente, literatuur en beleidstukke, asook uit inligting wat van die fokusgroepe verkry is, te integreer en herkonseptualiseer, kon daar tot die samestelling en ontwikkeling van die behuisingsevalueringsmodel oorgegaan word. Die genoemde evalueringsmodel word vervolgens bespreek.

### **3.5.3 Behuisingsevalueringsmodel**

Die teorie van menslike ekologie fokus op mense as beide biologiese organismes en sosiale wesens in interaksie met hulle omgewing (Bubolz en Sontag, 1993:419). Die holistiese behuisingsevalueringsmodel (HBEM) (teoretiese struktuur) vir die studie word in Figure 3.1 en 3.2 aangetoon en is gebaseer op behuisingsindikatore wat deur

middel van 'n literatuurstudie, dokumentêre analise en fokusgroepe geïdentifiseer is. Ná die identifisering van die belangrike indikatore is die dendrogramtegniek (Schutte, s.a.(b)) gebruik om dit op twee vlakke in te deel as tiperend van die mikro- (mikro-omgewing) en gemeenskapsvlak (meso-omgewing) (Meyer, 1998: 3; Deacon en Firebaugh, 1988:28), soos elk deur hulle onderskeie subkonsepte gedetermineer is. Die omgewings waarmee gesinne die nouste kontak het en waarmee hulle elke dag in interaksie is, word verteenwoordig deur die mikro- en die gemeenskapsvlakke. Die mikrovlak (dus die mikro-omgewing) fokus op faktore wat die onmiddellike gesin en hulle beskutting raak, en in hierdie model word dit aangedui deur subaspekte soos (i) ekonomiese- en (ii) sosio-sielkundige aspekte (iii) fisiese struktuur, (iv) fisiese sekuriteit en (v) privaatheid. Die ekonomiese aspekte word onder meer deur bekostigbaarheid, besitreg, inkomste, huiseienaarskap en ekonomiese investering bepaal. Hierdie aspekte is van belang omdat daar aan die basiese behoeftes van individue voldoen moet word, en wat in hierdie model ook geld as bepalend vir lewensgehalte.



Die tweede subkonsep op die mikrovlak, die fisiese struktuur, het betrekking op die grootte, konstruksiemateriaal en gehalte van die behuisingseenheid, en verwys ook na die bydrae wat die woning lewer tot die fisiese gesondheid. Die derde subkonsep wat vir enige gesin van belang is, is fisiese sekuriteit, wat onder andere afhang van die veiligheid en die mate waarin die woning aan hulle basiese behoeftes voldoen. Privaatheid, die vierde bepalende subkonsep op die mikro-/individuele vlak, word as belangrik beskou vir enige individu en huishouding, want 'n gebrek daaraan kan op sy beurt onderliggend wees aan negatiewe gevoelens en/of gemoedstoestande.


Die ekologiese sisteembenadering beklemtoon die interaksie tussen mense en hulle mikro-omgewings vir volhoubare menslike ontwikkeling, wat geïnterpreteer word as deel van die fisiese en biologiese, sowel as van die kulturele, sosio-sielkundige en

sosio-ekonomiese omgewings (Deacon en Firebaugh, 1988:28). Die sosio-sielkundige konsep in hierdie model verteenwoordig aspekte van individue se gevoelens ten opsigte van hulle ervarings rondom hulle woning en gevolglike woonomgewing, en die bydrae daarvan tot hulle sosio-sielkundige welsyn. Aspekte wat in die model vervat is, sluit sieninge in rondom die woning as plek van toevlug; die vraag of individue hulle binne die struktuur kan uitleef; die lewensgehalte wat hier ervaar word; en of die struktuur en interaksie in bepaalde gemeenskappe tot menswaardigheid en identiteit lei (Cohen, Mulroy, Tull, White en Crowley, 2004; Smit, 2003; Anderson, Shinn en St. Charles, 2002; De Silva, 2002; Dunn, 2002; Letompa, 2002; Lohse, 2002; The World Health Organization, 2002; Mthebi-Mahanyele, 2001; Granruth en Smith, 2001; Diesendorf, 2000; Dewar, 1999; Hope & Lekorwe, 1999; Kaapstad Stadsraad, 1999; Burkey, 1998; Kiangi, 1998; Meyer, 1998; Penderis, 1996; Sowman & Urquhart, 1998; Harpham en Tanner, 1995; Kok en Gelderblom, 1994; Jackson en Southers, 1993; Sydow, 1993; The UN Committee on Economic, Cultural and Social Rights, 1992; Desprès, 1991 en Max-Neef, 1991). Bogenoemde konsepte en subaspekte is bespreek in Hoofstuk 2, onder die opskrifte van die definisies van behuising, behuisingsbehoefte, voldoende behuising en behuising en gesondheid en bevestig.


Onderliggend tot 'n ekologiese benadering, is die aanname dat mense deel is van die totale lewensisteem, en derhalwe nie afsonderlik van alle lewende wesens binne die natuur en hulle omringende omgewings gesien kan word nie (Bubolz en Whiren, 1984:6). Die omgewing van die gesin verskaf die hulpbronne wat noodsaaklik is vir lewe, en maak deel uit van die lewenshulp en sosiale ondersteuningsisteme (McGregor, 2006; Nickols, 2001). In die voorgestelde model vorm hierdie ondersteuningsisteme deel van die gemeenskapsvlak. Dit bevat onder meer aspekte soos infrastruktuur, wat bestaan uit dienste soos water, sanitasie, elektrisiteit, vullisverwydering en die skoonmaak van strate, asook geriewe soos opvoedings-, gemeenskaps- en kulturele/godsdiensige fasiliteite, sportgronde, gesondheidsorg,

polisiedienste, vervoer en 'n biblioteek. Dit word algemeen aanvaar dat hierdie strukture volwaardige gemeenskappe daarstel en ook bydra tot 'n algemene verbetering in die lewensgehalte van individue en gesinne. Aangesien wonings binne 'n bepaalde omgewing geleë is, is dit belangrik dat die ligging van die woning, die woongebied, sowel as die klimaatstoestand in aanmerking geneem moet word; en hierdie aspekte word dus in die voorgestelde model vervat in die subaspek van “omgewing”. Gemeenskapsbou behels die betrokkenheid van individue en hulle gesinne by hulle bepaalde gemeenskap, hulle kulturele en godsdienstige uitlewing en die steundienste onder gemeenskapslede. Grondgebruik, wat onder andere die hervestiging en uitbreiding van bestaande wonings of woonbuurte insluit, is belangrik, aangesien wonings vir lae-inkomstegesinne gewoonlik klein is, en daar altyd 'n sterk moontlikheid vir aanbou bestaan. Hoewel omgewings waarbinne gesinne funksioneer nie menslike gedrag bepaal nie, skep dit vir gesinne sekere beperkinge en stremminge, maar ook moontlikhede en geleenthede, wat 'n aanduiding is van die noue en onlosmaaklike interaksie tussen gesinne en hulle omgewings (Williams, 1998:1).

Op grond van die voorafgaande konseptualisering in die vorm van 'n gesistematiseerde, integratiewe kousaliteit ('n beginsel wat die dendrogramtegniek onderlê) van behuisingsindikatore, dien die konsepte soos dit telkens op die laagste vertakkingsvlakke van die behuisingsevalueringsmodel verskyn, as gids vir die opstel van die vraelys, wat hierna bespreek word (sien figure 3.1 en 3.2).



**FIGUUR 3.1: EVALUERINGSMODEL: MIKROVLAK**  
 (\*Nommers verwys na die vraelysitem)



FIGUUR 3.2: EVALUERINGSMODEL: GEMEENSKAPSVLAK



#### 3.5.4. Vraelys

’n Gestruktureerde vraelys is ontwikkel om tydens persoonlike onderhoude sosio-demografiese inligting en respondente se subjektiewe evaluering van hulle lewensomstandighede (lewensgehalte en behuisingstevredenheid) in te win. Vraelyste is gebruik omdat dit groot hoeveelhede gestruktureerde standaarddata kan verskaf. Die gehalte van die inligting wat bekom word, is grootliks afhanklik van die ontwerp van die vraelys. "*Good questionnaires do not just happen: they involve careful thinking, numerous drafts, thorough evaluation and extensive testing*" (Vaus, 1996 in Clarke en Dawson 2000:69). Om respondente se belangstelling te behou, moes vrae dus maklik verstaanbaar wees, betrekking hê op die navorsingsvraagstuk, en nie te lank of te kompleks wees nie (Hall en Hall, 2004: 113-115; O’Sullivan en Rassel, 1989: 174).

Die vraelys ten opsigte van doelwit drie, is ontwikkel na aanleiding van doelwit twee se holistiese behuisingsevalueringsmodel. Die laagste vertakkings van die model het as gids gedien vir die ontwikkeling van sleutelwoorde in vrae wat in die vraelys verskyn het. Die sleutelwoorde is verwoord in sinne, waarna ’n tabel (sien Tabel 3.2) saamgestel is om aan te dui hoe die vrae met die verskillende vlakke en konsepte op die model verband hou. ’n Vraelys (aangeheg as Addendum B) bestaande uit 31 geslote en 16 oop-einde vrae is vir die doeleindes van hierdie studie ontwikkel. Die nommers aan die onderste vertakkingsvlak van die model stem ooreen met die nommers op die vraelys, en dui sodoende die integratiewe funksie van elke vraag aan. Hoewel nie onderliggend deel van die model nie, is vrae wat op demografiese inligting betrekking het ook in die vraelys ingesluit. Die genoemde demografiese inligting, soos geslag, ouderdom, huwelikstatus, ras/etnisiteit, ouderdom, inkomste, ensovoorts word egter as noodsaaklik beskou, aangesien dit deel vorm van ’n bepaalde gemeenskap se algemene profiel.

**Tabel 3.2 Stellingstoekening volgens model**

STELLING	VLAK
11. In watter tipe woning woon u?	<b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> – Behuisings-eenheid
12. Is u die eienaar/huurder van die woning?	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> - Besitreg
13. Hoe betaal u u huur/huispaaieiment.	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> - Bekostigbaarheid
13.1 Hoeveel is dit normaalweg?	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> - Bekostigbaarheid
14. Van watter konstruksiemateriaal is u woning hoofsaaklik gebou?	<b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> - Konstruksiemateriaal
14.1 Wat is die kwaliteit daarvan?	<b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> - Kwaliteit
15. Is u oor die algemeen tevrede met die grootte van u woning?	<b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> - Ruimte/grootte
16. Is u tevrede met die kwaliteit van u woning?	<b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> - Kwaliteit
17. Beskou u u woning as:	
17.1 'n Bron van inkomste/broodwinning?	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> - Broodwinning/inkomste
17.2 U eiendom?	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> - Huiseienaarskap
17.3 Ekonomiese belegging?	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> - Persoonlike belegging / ekonomiese investering
17.4 Bekostigbaar vir u sak?	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> -Bekostigbaarheid
18. Het u huurders op u perseel/Is u woning 'n bron van inkomste?	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> - Broodwinning/inkomste
18.1 Watter vorm neem die woonplek aan?	<b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> – Behuisings-eenheid
18.2 Het u dit self aangebring/gebou?	<b>Gemeenskap</b> <i>Grondgebruik</i> - Uitbreiding
18.3 Waaruit bestaan die gebou/struktuur?	<b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> - Konstruksiemateriaal
18.4. Hoeveel huur vra u per maand?	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> - Inkomste
18.5. Watter water en toiletgeriewe gebruik u huurders?	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Dienste
19. Om watter rede dink u sal iemand u uit die huis kan sit?	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> - Huiseienaarskap

<p>20. Hoe hou u van die woonomgewing in Wesbank?</p> <p>21. Hoe veilig beskou u Wesbank as woon-omgewing?</p> <p>22. Wat sal u kies - groter maar minder mooi huise, of kleiner maar mooier huise?</p> <p>23. In hoe 'n mate voldoen behuising aan u familie se basiese behoeftes (slaap, eet, rus)?</p> <p>24. Was u huis al ooit blootgestel aan hewige klimaatstoestande, bv. dak afgewaai, of huis oorstrom as gevolg van swaar reënval?</p> <p>25. Ervaar u enige probleme gedurende die wintermaande?</p> <p>26. Dra u woning by tot goeie gesondheid?</p> <p>27. Word u woning van die volgende dienste voorsien? Water Elektrisiteit Riool Vullisverwydering</p> <p>28. Is die volgende fasiliteite vir u oor die algemeen toeganklik of ontoeganklik indien u daarvan gebruik wou maak?</p> <p>28.1 Primêre skole 28.2 Sekondêre skole 28.3 Openbare vervoer (treine, taxi's, ens.) 28.4 Dagskool of kleuterskool 28.5 Ontspanningsfasiliteite soos gemeenskap-sentrums 28.6 Kulturele fasiliteite soos kerke, moskees 28.7 Sportgeriewe 28.8 Hospitaal/daghospitaal</p>	<p><b>Gemeenskap</b> <i>Omgewing</i> - Ligging</p> <p><b>Mikro</b> <i>Fisiese Sekuriteit</i> - Veiligheid</p> <p><b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> - Grootte</p> <p><b>Mikro</b> <i>Fisiese sekuriteit</i> - Basiese behoeftes</p> <p><b>Gemeenskap</b> <i>Omgewing</i> – Klimaatstoestande</p> <p><b>Gemeenskap</b> <i>Omgewing</i>- Klimaatstoestande</p> <p><b>Mikro</b> <i>Fisiese sekuriteit</i> - Fisiese gesondheid</p> <p><b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Dienste <b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Dienste <b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Dienste <b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Dienste</p> <p><b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite <b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite <b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite <b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite <b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite <b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite <b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite <b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite</p>
--	--

28.9 Gesinskliniek	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
28.10 Polisiekantoor	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
29.1 Ek is gelukkig om in Wesbank te bly.	<b>Mikro</b> <i>Sosio-sielkundig</i> – Lewenskwaliteit
29.2 Ek kan vertrou/staatmaak op die res van die gemeenskap om my te help as ek 'n probleem het.	<b>Gemeenskap</b> <i>Gemeenskapsbou</i> - Steundienste
29.3 Dit is 'n goeie area om kinders in groot te maak.	<b>Gemeenskap</b> <i>Omgewing</i> - Ligging
29.4 Die behuisingsontwikkeling in Wesbank het gelei tot die verbetering in sosio-ekonomiese welstand van gemeenskap.	<b>Gemeenskap</b> <i>Grondgebruik</i> - Hervestiging
29.5 Daar is voordele daaraan verbonde om in die gemeenskap betrokke te wees.	<b>Gemeenskap</b> <i>Gemeenskapsbou</i> - Betrokkenheid
29.6 Ek kan my kulturele/godsdienslike gewoontes/gebruike in Wesbank uitleef.	<b>Gemeenskap</b> <i>Gemeenskapsbou</i> - Kultureel/godsdiens
29.7 Ek het 'n menswaardige bestaan in Wesbank.	<b>Mikro</b> <i>Sosio-sielkundige aspek</i> - Menswaardigheid
29.8 Ek kan myself in Wesbank uitleef.	<b>Mikro</b> <i>Sosio-sielkundige</i> - Identiteit; selfuitdrukking
29.9 Ek beskou my woning as 'n plek waarna ek kan terugkeer as toevlug.	<b>Mikro</b> <i>Sosio-sielkundige</i> - Toevlug
30. Hoe voel u oor die volgende sake rakende u woonomgewing?	
30.1 Kwaliteit van woning	<b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> - Kwaliteit
30.2 Toestand van woning	<b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> - Kwaliteit
30.3 Grootte van woning	<b>Mikro</b> <i>Fisiese struktuur</i> - Grootte / ruimte
30.4 Ligging van woning binne Wesbank	<b>Gemeenskap</b> <i>Omgewing</i> - Ligging
30.5 Onderverhuring van woning	<b>Mikro</b> <i>Ekonomiese aspek</i> - Broodwinning/inkomste
30.6 Privaatheid in woning	<b>Mikro</b> <i>Privaatheid</i>

30.7 Watervoorsiening	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Dienste
30.8 Elektrisiteitsvoorsiening	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Dienste
30.9 Vullisverwydering	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Dienste
30.10 Sanitasie, dreine/rioolstelsel	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Dienste
30.11 Skoonmaak van strate	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> – Dienste
30.12 Vervoer, taxi-staanplek	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.13 Sportgronde	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.14 Speelparke	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.15 Gesondheidsorg (kliniek/daghospitaal)	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.16 Skole	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.17 Jeugsentrum	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.18 Gemeenskapsaal	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.19 Biblioteek	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.20 Kleuterskool/Crèche	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.21 Kerke	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.22 Polisiekantoor	<b>Gemeenskap</b> <i>Infrastruktuur</i> - Fasiliteite
30.23 Sekuriteit by voetbrug	<b>Mikro</b> <i>Fisiese sekuriteit</i> - Veiligheid
30.24 Veiligheid by die rivier/ bos	<b>Mikro</b> <i>Fisiese sekuriteit</i> - Veiligheid
30.25 Veiligheid in strate	<b>Mikro</b> <i>Fisiese sekuriteit</i> – Veiligheid

### 3.5.4.1 (*Loodsstudie*) *Toetsing van vraelys*

Doelwit vier, wat bepaal tot watter mate behuisingsbehoefte van individue bevredig word, is deur 'n opname hanteer, waartydens kwantitatiewe inligting deur middel van die gestruktureerde vraelys met "oop" en "geslote" vrae verkry is. Opnames is kwantitatief van aard, empiries, verskaf primêre en numeriese data en gee 'n oorsig oor 'n verteenwoordigende monster van die breë bevolking (Mouton, 2001:153), aangesien die navorser nie die hele bevolking binne die bepaalde gemeenskap kan ondervra nie. Opnames leen hulle daartoe om veralgemenings ten opsigte van groot bevolkings te maak indien geskikte en goeie steekproewe geneem is (Neuman, 2003:35; Mouton, 2001:153). Omdat die opname moontlik die beste benadering is om die mening van 'n groot hoeveelheid mense te kry (Frank, soos aangehaal deur Caffarella, 1982:8), is daar besluit om dié prosedure by hierdie studie in te sluit. Die vraelys is 'n meetinstrument en dus weerspieël dit nie slegs die opname se doelwitte nie, maar moes dit ook duidelik en ondubbelsinnig deur die respondent verstaan word.

Swakgeformuleerde vrae of 'n swakgestruktureerde vraelys kan maklik respondente ontmoedig, wat weer tot 'n lae responstempo kan lei. Verder kan enige onsekerheid rondom die interpretasie van sekere vrae twyfel wek oor die geldigheid van die data wat verkry is (Clarke en Dawson, 2000: 69). Daarom is die vraelys vooraf getoets deur deskundiges in die behuisingsveld, asook deur vierdejaarstudente (verbonde aan die universiteite van Wes-Kaapland en Stellenbosch) en deur inwoners van Delft en Elsie-rivier, met veranderlikes vergelykbaar met dié van die navorsingsgebied ten opsigte van inkomste, sosio-ekonomiese woongebied en opvoedkundige vlak.


Die inhoudsgeldigheid in hierdie studie is getoets deur die vraelys aan drie deskundiges binne die behuisingsveld te stuur, wat die funksionaliteit van die vraelys geëvalueer het vir moontlike dubbelsinnighede, onduidelikhede en wanbegrippe (Neuman, 2000:170-172; Rosnow en Rosenthal, 1999:145). Foute wat ná afloop van hierdie eerste evaluering geïdentifiseer en reggestel is, was bepaalde woordkeuses, taalkundige veranderings, volgorde van die vrae, kombinerings/skei van konsepte en die potensiële verskille in respondente se verwysingsraamwerk tydens Likert-response.

Om verdere inhoudsgeldigheid en -betroubaarheid (Mouton, 2001:160) te verseker, is die bogenoemde hersiene vraelys ook as 'n loodsstudie aan vyftien respondente gegee (waaronder vier inwoners van Delft en Elsie-rivier met veranderlikes vergelykbaar met dié van die navorsingsgebied ten opsigte van inkomste, sosio-ekonomiese woongebied, en opvoedkundige vlak). Elf (11) vierdejaarstudente aan die universiteite van Wes-Kaapland en Stellenbosch het deel uitgemaak van die 15 respondente. Die genoemde 15 respondente moes die vraelys evalueer ten opsigte van (a) die leesbaarheid en duidelikheid van die vrae, (b) die verstaanbaarheid, (c) moontlike verwarring en (d) geskikte woordkeuse. Oor die algemeen was die vrae maklik verstaanbaar en foute wat geïdentifiseer en reggestel is, was woordkeuses,

taalveranderinge, volgorde van die vrae, kombinerings van konsepte/skei van konsepte, verskille in Likert-response, en byvoeging of weglating van toepaslike konsepte. Die voorgestelde veranderinge wat hieruit gevolg het is ook aan die konseptualisering op die model (figure 3.1 en 3.2) en die stellingstabel (tabel 3.2) aangebring.

#### **3.5.4.2 Administrasie van vraelys**

’n Sistematiese steekproeftrekking is uitgevoer ten einde die navorser se moontlike vooroordeel uit te skakel en ook om te verhoed dat respondente mekaar se antwoorde beïnvloed. ’n Ewekansige sistematiese steekproeftrekking verseker dat die geselekteerde respondente verteenwoordigend is van die mense wat in die afgebakende gebied woonagtig is, en stel die navorser in staat om veralgemenings te maak (Bless en Higson-Smith, 2000:25).




Die studiegebied is in 14 opname-gebiede verdeel en die steekproefgrootte was 400 wooneenhede. ’n Sistematiese steekproef is op ’n perseeluitlegkaart van Wesbank getrek deur ’n aaneenlopende lyn deur al die persele op die kaart aan te bring en daarop aan te dui watter wooneenheid besoek moes word. In sommige van die 14 opname-gebiede moes elke agste (8) woning, en in ander opname-gebiede elke vyfde (5) woning gebruik word, afhangende van die getal respondente wat proporsioneel in die gebied besoek moes word.

Die persoon wat ten tye van die opname deur die inwoners van die huishouding as die hoof van die huishouding beskou is, hetsy ’n man of vrou, is ondervra. Waar die respondent nie bevoeg was om die vraelys in te vul, of waar die respondent nie wou deelneem nie, is ’n standaard-vervangingsprosedure gevolg. Die geselekteerde woning is vervang deur die woning direk aan die linkerkant van die geselekteerde woning te



gebruik. As die respondent aan die linkerkant nie wou deelneem nie, is die eenheid aan die regterkant van die geselekteerde woning besoek. As dié betrokke woning ook nie 'n suksesvolle respondent gebied het nie, is die woning verder links van die woning wat links van die geselekteerde woning was, besoek. As daar steeds nie 'n respondent was nie, is dieselfde prosedure gevolg deur die woning verder regs aan die regterkant te kies. Hierdie prosedure is in die vyf persent (5%) gevalle van weierings of diskwalifikasies gevolg, waar die hoofde van die huishoudings wat in die wonings gewoon het, geweier het om as respondente op te tree, of waar die betrokke huis nie in die hoof van die huishouding se naam geregistreer was nie.

Data-insameling het tussen 10 Oktober 2005 en 10 November 2005 plaasgevind. Die gestruktureerde onderhoud is deur 10 veldwerkers met die hoof van die huishouding gevoer of met die gade van die hoof van die huishouding uitgevoer.



### **3.6 DATA-ANALISE**

Die navorser het saam met die hoofveldwerker verantwoordelikheid geneem vir die kontrole en beheer van die data-insamelingsproses. Soos die vraelyste ontvang is, is seker gemaak dat hulle volledig ingevul was. Aan die vraelyste wat korrek ingevul was, is 'n nommer toegeken, en die inhoud van die response is met die oog op rekenaaraslegging gekodeer. Data van die ingevulde vraelyste (opname) is op 'n Excel-blad aangeteken. By geslote vrae of vrae waar reaksiekategorieë verskaf was, is 'n kode aan elke respons toegeken. Hierdie kodes is dan direk op die Excel-blad aangebring om die data statisties te verwerk.


'n Tematiese analise is op die kwalitatiewe response toegepas. Patrone en temas in die reaksies op die oop vrae is aangeteken en gekategoriseer. 'n Kode (numeriese waarde) is aan elke respons toegewys voordat dit op die Excel-blad aangebring en geanaliseer is.



’n Kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe statistiese metodes van analise wat mekaar aanvul en aan die doel van die ondersoek voldoen is op die data uitgevoer. Frekwensietabelle is gebruik om statisties beduidende verbande tussen afhanklike veranderlikes (fisiese struktuur/huis, behuisingstoestande) en onafhanklike veranderlikes (behuisingstevredenheid) uit te wys.

### **3.7 SAMEVATTING**

Hierdie hoofstuk bied ’n uiteensetting van die data-insamelingtegnieke en prosedures wat met die uitvoer van die navorsing gevolg is. Evalueringsnavorsing is as navorsingsontwerp gebruik. Die data-insamelingstegnieke is deur die behuisingmodel bepaal en die verlangde data is met behulp van fokusgroepe en ’n gestruktureerde vraelys ingesamel. Die volgende hoofstuk dokumenteer die resultate soos verkry met behulp van die data-insamelingstegnieke wat in hierdie hoofstuk bespreek is.



## HOOFSTUK 4

### RESULTATE EN BESPREKING

#### 4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk dokumenteer die resultate van die studie waarin lae-inkomstebehuising in Wesbank aan die hand van die ontwikkelde behuisingsevalueringsmodel geëvalueer is om te bepaal in watter mate dit aan die behoeftes van individue en gemeenskappe voldoen. Die resultate word na aanleiding van die verskillende doelwitte van die studie uiteengesit en bespreek.

#### 4.2 INWIN VAN INLIGTING

Fokusgroepe en die bestudering van navorsingsdokumente is vir die inwin van inligting oor omstandighede binne die gemeenskap (doelwit 1) gebruik, asook om onderliggende kwalitatiewe data te bekom aangaande die behuisingsindikatore vir gesonde lewensomstandighede (doelwit 2) soos deur die gemeenskap van Wesbank beskou.

Fokusgroepe is as data-insamelingstegniek gebruik om kwalitatiewe data deur gesprekvoering te verkry, en sodoende behuisingsindikatore vir gesonde behuising (doelwit 1) te identifiseer by wyse van konsultasie met individue in die gemeenskap van Wesbank. Tabel 4.1 bied die resultate aan die hand van die hoofemas van die behuisingsindikatore wat in die behuisingsevalueringsmodel (doelwit 2) geïdentifiseer is.

**Tabel 4.1 Fokusgroepe: gemeenskap se beskouing van gesonde behuising (n=8)**

	<b>AANTAL RESPONSE</b>	<b>%</b>
<b>ALGEMEEN:</b>		
Gehalte van woning	8	10,3
Ruimte en privaatheid	7	9,0
Dreine/sanitasie	7	9,0
Ventilasie/dak	5	6,4
<b>FASILITEITE:</b>		
Polisiekantoor	8	10,3
Daghospitaal	8	10,3
Biblioteek	6	7,7
Kragpunt en kragproppe	4	5,0
Ambulansdiens	3	3,8
Toiletgeriewe	3	3,8
Afdakke vir taxi-staanplek	3	3,8
Kleuterskool	3	3,8
Kerke	2	3
Gemeenskapsentrum	2	3
Ontspanningsgeriewe vir jeug	2	3
Speelpark	2	3
Sportgronde	1	1,2
Straatligte, telefoonkabels	1	1,2
Vullisverwydering	1	1,2
Spoedwalle	1	1,2
<b>TOTAAL</b>	<b>77*</b>	<b>100</b>

\*Aantal kere wat knelpunte gedurende die totale aantal fokusgroepe geopper is


Die indikatore rakende die respondente se beskouing van behuising vir gesonde lewensomstandighede is verkry deur konsepte soos dit uit die fokusgroepe na vore

gekom het (sien Addendum C vir fokusgroep resultate). Dié konsepte het deel gevorm van die sleutelwoorde/behuisingsindikatore wat tydens die ontwikkeling van die behuisingsevalueringmodel gebruik is en die basis van die vraelys gevorm het. Hierdie addisionele data en beskrywende inligting word by die toepaslike bespreking van die bevindings aangebied. Die fokusgroepe se bevindings, geïntegreer met die kwalitatiewe data van die opname, sal by die bespreking van die navorsingsbevindings in meer detail bespreek word.

Figuur 4.1, hieronder, is 'n grafiese (radar-) voorstelling van data soos vervat in tabel 4.1. Dit is belangrik om daarop te let dat die onderstaande uitbeelding verteenwoordigend is van die aangeleentheid soos gesien deur die oë van die deelnemers aan die fokusgroep. Dit reflekteer ook 'n besef van die noodsaak om gesonde behuisingsin Wesbank te skep. Die persentasies van data soos in tabel 4.1 uiteengesit, verteenwoordig die fokusgroepe se gevoelens oor hulle beskouing van gesonde behuisingsin.

Om die konsepte van die fokusgroepe grafies voor te stel, word die response as 'n persentasie van die totale aantal (77) response op 'n sirkelvormige semantografiek uitgebeeld. Hierdie persentasie verteenwoordig die betrokke konsepte soos in die behuisingsevalueringmodel aangedui. Die waardes verteenwoordig die persentasies soos gereflekteer deur tabel 4.1. Hoe kleiner die notering op die skaal, hoe minder is die aangeleentheid deur deelnemers in die fokusgroepe as knelpunte beskou. Die genoemde semantografiek dui aan dat knelpunte wat binne die konteks van die Wesbank-gemeenskap die meeste kommer veroorsaak het, dié was wat betrekking gehad het op die gehalte van die woning, ruimte en privaatheid, die polisiekantoor en daghospitaal.

### Gemeenskap se beskouing van gesonde behuising



**Figuur 4.1: Fokusgroepe: gemeenskap se beskouing van gesonde behuising**

### **4.3 DOKUMENTÊRE STUDIE**

Behuisingsindikatore wat vir gesonde behuising geïdentifiseer en gebruik is vir die ontwikkeling en opstel van die behuisingsevalueringsmodel (doelwit 2), is verkry van (a) fokusgroepe, (b) 'n dokumentêre en inhoudsanalise van literatuur, dokumente, regeringsbeleidstukke en -wetgewing. Dit is breedvoerig bespreek in die literatuuroorsig (hoofstuk 2).

### **4.4 DIE OPNAME**

Om te bepaal in watter mate lae-inkomstebehuising bydra tot die bevrediging van die behoeftes van individue in die gemeenskap van Wesbank (doelwit 4), is 'n gestruktureerde vraelys (doelwit 3) deur 'n opname, met behulp van 'n sistematies geselekteerde steekproef, voorgelê aan die hoofde van huishoudings woonagtig in Wesbank, of aan hulle gades. Die vraelys is in 400 ewekansig geselekteerde huishoudings deur die hoofde van huishoudings ingevul.




#### **4.4.1 Demografiese en sosio-ekonomiese inligting**

Die eerste tien vrae op die vraelys het demografiese en sosio-ekonomiese inligting ingewin wat die respondente en die lede van hulle huishoudings raak. Die volgende aspekte is gedek: geslag, ouderdom, huwelikstatus, huistaal, bevolkingsgroep, opvoedkundige kwalifikasies en inkomste.

##### **4.4.1.1 Geslag**


Onderhoude is met meer vroulike hoofde van huishoudings (72%) as manlike hoofde (28%) gevoer. Tydens die data-insamelingsperiode was meer vrouens tuis; hulle het nie gewerk nie of was tuisteskeppers (fig. 4.2).



**Figuur 4.2: Geslag (n=400)**

#### **4.4.1.2 Ouderdom**


Die ouderdomsgroep met die grootste verteenwoordiging was die groep van 31-40 jaar (44%), waarvan 129 vroue was. Sewentien (4,3%) van die respondente het behoort tot die ouderdomsgroep 65 en ouer, en 13 hiervan was vroue. Aangesien daar geen ouerhuise in Wesbank bestaan nie, impliseer dit dat ouer mense waarskynlik deel van uitgebreide gesinne uitmaak. Agt-en vyftig persent (58%) was jonger as 40 jaar en 41% ouer as 40 jaar. Dit is moontlik 'n aanduiding dat meer jonger mense in die gebied woonagtig is en ook deel uitmaak van jong gesinne wat meestal in hulle produktiewe jare is (fig. 4.3).



Figuur 4.3: Ouderdom (n=400)

#### 4.4.1.3 Huwelikstatus

Die meerderheid (57,3%) hoofde van huishoudings het aangedui dat hulle getroud is, teenoor 20,5% (n=82) wat ongetroud is. Twee respondente het aangedui dat hulle van hulle gades vervreemd is (fig. 4.4).




Figuur 4.4: Huwelikstatus (n=400)



#### 4.4.1.4 *Huistaal*


Van die respondente was 86% Afrikaanssprekend (n=348). Ander huistale wat verteenwoordig was, is Xhosa (7%), Engels (6%) en kombinasie van Afrikaans en Engels (1%), soos aangedui in figuur 4.5.



**Figuur 4.5: Huistaal (n=400)**

#### 4.4.1.5 *Bevolkingsgroepe*

Die grootste aantal respondente (85,3%) beskou hulself as behorende tot die Kleurlinggroep (n=341), met 12,8% swart persone (n=51) as die tweede grootste bevolkingsgroep (fig. 4.6).



Figuur 4.6 Bevolkingsgroepe (n=400)

#### 4.4.1.6 Opvoedkundige kwalifikasies

Die opvoedkundige kwalifikasies van die respondente word in tabel 4.3 uiteengesit. Die grootste aantal respondente (48%) het gedeeltelike sekondêre opleiding gehad. Eenhonderd-een-en-vyftig (37,8%) van die respondente het slegs primêre opleiding gehad, vandaar die lae inkomste. Een-en-veertig (10.3%) respondente het egter volledige sekondêre (Gr 12) opleiding gehad, teenoor dertien (3.3%) van die respondente wat geen formele opleiding gehad het nie. Geeneen van die respondente het egter tersiêre opleiding gehad nie. Twee respondente het nie die vraag beantwoord nie.


**Tabel 4.2: Opvoedkundige kwalifikasies (n=400)**

<b>OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Geen respons	2	0,5
Geen	13	3,3
Gedeeltelike primêr (Gr. 1-6)	66	16,5
Volledige primêr (Gr. 7)	85	21,3
Gedeeltelike sekondêr (Gr. 8-11)	193	48,0
Volledige sekondêr (Gr. 12)	41	10,3
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

#### **4.4.1.7 Inkomste**

Drie-en-sewentig (18,3%) van die vroue het nie die vraag (vraag 9) beantwoord nie, waarskynlik as gevolg van die feit dat dit sensitiewe inligting is, maar die grootste getal (46,3%) vroue dra by tot die inkomste van hulle huishoudings. Dit blyk ook dat ooms en tantes (98,5%) oor die algemeen nie tot die inkomste van die huishouding bydra nie. Slegs 15,3% (n=61) van die kinders van respondente lewer 'n bydrae tot die huishoudelike inkomste. Dit kan moontlik wees dat die kinders oor die algemeen jonger is en dus nog nie werk nie. Een-en-twintig respondente (5,3%) het aangetoon dat hulle ander bronne van inkomste het, insluitende hulp van familieledes wat nie in die woning woonagtig is nie, getroude kinders wat geld bydra, en onderhoud van 'n geskeide vader. Een respondent het ook 'n inkomste uit 'n snoepwinkel aangedui (sien fig. 4.7).



**Figuur 4.7: Inkomstestatus van lede van huishouding**

#### 4.4.1.8 Bronne van inkomste

Op die vraag wat die respondente se bronne van inkomste is, dui die data soos getabuleer in Tabel 4.3 aan dat die grootste persentasie mense in die formele sektor (34,8%) werksaam was, gevolg deur 22,8% in die informele sektor. Eenhonderd-en-twee respondente (25,5%) se inkomste bestaan uit 'n staatstoelae in die vorm van ongeskiktheidspensioen, pensioen en kindertoelae, teenoor 16,9% wat hulle inkomste verkry uit huur/losies, eie besighede en ander inkomstes wat nie gespesifiseer is nie. Twee-en-twintig van hierdie respondente het geen respons op die genoemde vraag gelewer nie (sien tabel 4.3).

**Tabel 4.3: Bronne van inkomste**

<b>BRON VAN INKOMSTE</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Formele sektor	139	34,8
Informele sektor	91	22,8
Kindertoelaag	23	5,8
Geen respons	22	5,5
Staatstoelaag/pensioen	17	4,3
Ongeskiktheidspensioen	17	4,3
Eie besigheid	15	3,8
Formeel en informeel	13	3,3
Formeel en kindertoelaag	11	2,8
Informeel en kindertoelaag	9	2,3
Ander	9	2,3
Informeel en ongeskiktheidstoelaag	9	2,3
Huur/losies	5	1,3
Kindertoelaag en ander inkomste	5	1,3
Formeel en ongeskiktheidspensioen	4	1,0
Staats- en ongeskiktheidspensioen	3	0,75
Ongeskiktheidspensioen en kindertoelaag	2	0,50
Formeel en huur/losies	1	0,25
Formeel en staatstoelaag	1	0,25
Informeel en staatstoelaag	1	0,25
Informeel en ander inkomste	1	0,25
Formeel en eie besigheid	1	0,25
Informeel en huur/losies	1	0,25
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

#### 4.4.1.9 Vaste inkomste


Tweehonderd-en-tagtig (70%) respondente het aangedui dat hulle 'n vaste inkomste van een of ander aard het. Die meerderheid van respondente se bron van inkomste was die formele sektor. Tabel 4.3 toon inkomste afkomstig van staatstoelae in die vorm van ongeskiktheidspensioen, pensioen en kindertoelae, wat 'n groot afhanklikheid van die staat weerspieël. Respondente is ook gevra om aan te dui hoe hulle inkomste aan hulle betaal word. Eenhonderd-een-en-twintig respondente (30%) het nie aangedui

hoe hulle hul inkomste ontvang nie, terwyl 40% (n=160) aangedui het dat hulle inkomste maandeliks betaal word. Sien Tabel 4.4 hierna.

**Tabel 4.4: Ontvangs van inkomste**

<b>INKOMSTE BETAAL</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Maandeliks	160	40
Geen respons	121	30
Weekliks	93	23
Daagliks	15	4
Ander	11	3
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

Vyf-en-sewentig persent (75%) van die respondente het 'n totale huishoudingsinkomste van ± R26 000 per jaar gehad; dus minder as R3 500 per maand (fig. 4.8). Om te kwalifiseer om in lae-inkomstebehuising te woon en dus vir die staatsubsidie te kwalifiseer, is dit 'n vereiste dat inwoners se gesamentlike inkomste nie meer as R3 500 per maand moet wees nie (Departement van Behuising, 2002a:4). Eenhonderd-een-en-twintig (30%) respondente het nie die vraag beantwoord nie.



\* Geen respons weggelaat

**Figuur 4.8: Totale inkomste**

Afgesien van die demografiese inligting het die vraelys ook die twee hoofafdelings/vlakke (sien fig. 3.1 en 3.2) van die evalueringsmodel, naamlik die hoofkonsepte van die mikro-/individuele vlak en die gemeenskapsvlak ingesluit. Vervolgens word 'n bespreking van die hoofkonsepte gebied.

#### **4.4.2 Mikrovlak**

Die model bestaan uit twee hoofvlakke, naamlik die mikro-/individuele vlak en die gemeenskapsvlak met hulle onderskeie subaspekte. Die mikro-/individuele vlak omvat aspekte soos ekonomiese en sosio-sielkundige kwessies, fisiese struktuur, fisiese sekuriteit en privaatheid. Die gemeenskapsvlak omvat onder meer aspekte soos infrastruktuur, omgewing, gemeenskapsbou en grondgebruik. Hierna volg 'n bespreking van die inligting soos verkry uit die opname, asook opinies gelug deur respondente tydens die fokusgroepsessies.

#### 4.4.2.1 *Ekonomiese aspekte*

Die ekonomiese aspekte van die mikro-/individuele vlak sluit onder meer die aspekte/konsepte van huiseienaarskap, bekostigbaarheid van die fisiese struktuur, ekonomiese investering, broodwinning/inkomste en besitreg in. Hierdie aspekte sal bespreek word na aanleiding van die opname en volgens inligting wat uit die fokusgroepe verkry is.

##### 4.4.2.1.1 Huiseienaarskap

Tweehonderd-sewe-en-sewentig (69.2%) van die respondente het aangedui dat hulle die eienaar is van die huise waarvan 64,7% reeds die kapitaal ten volle gedelg het en 4.5% nog aan die woning afbetaal (vraag 12). Die res (11.5%) het aangedui dat hulle die woning huur of onseker oor hulle eienaarstatus is (sien tabel 4.5). Twee-en-sewentig (18%) van die respondente het aangedui dat hulle niks betaal nie.

**Tabel 4.5: Huiseienaarskap**

<b>HUISEIENAARSKAP</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Eienaar – klaar betaal	259	64,7
Eienaar – betaal af	18	4,5
Huurder	46	11,5
Nie aangedui/nie seker	5	1,3
Ander	72	18,0
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

Hierdie vraag (vraag 19) is gestel om te bepaal in watter mate inwoners hulle woning as sekuriteit beskou, want 'n gevoel van sekuriteit word deur mense se ervaring van



eienaarskap weerspieël. Verskeie antwoorde is ontvang. Die meerderheid van die respondente (51,3%) het gesê uitsetting is nie moontlik nie. Voorbeelde van tipiese response was:

*"Daar is geen rede nie."*

*"Geen manier hoe dit gedoen kan word nie."*

*"Dit sal nie gebeur nie. "*


Sommige van die respondente het eenvoudig nie geweet hoe nie.

*"Niemand kan dit doen nie, want dis my huis."*

*"Huis was aan mense gegee."*

Eenhonderd-en-agtien (29,5%) respondente het wel antwoorde gegee en 'n samevattende voorbeeld was:

*"Indien ons nie ons waterrekening betaal nie."*




Tweehonderd-en-vyf respondente (51,3%) het gesê dat daar geen rede bestaan nie. Sien tabel 4.6 hierna.

**Tabel 4.6 Uitsit uit huis**

<b>UITSETTING UIT WONING</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Geen respons	19	4,8
Water/belasting nie betaal	118	29,5
Smokkel/onwettige optrede	19	4,8
Geen rede	205	51,3
Niemand, my huis	39	9,8
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

\*gevalle waar die totaal nie tot 100% sommeer nie, is toe te skryf aan die afronding van die desimale syfer.



#### 4.4.2.1.2 Bekostigbaarheid

Om vas te stel hoe bekostigbaar hulle woning is, is daar aan respondente gevra hoe hulle hul huur of huispaalement betaal. By die beantwoording van hierdie vraag 13 was van die respondente nie seker of hulle wel vir die woning betaal nie. Die wonings is bekom deur middel van die staatsubsidie, en gevolglik was niks betaalbaar nie. Wat wél betaalbaar is, is munisipale dienste. Tabel 4.7 som dit soos volg op:

**Tabel 4.7: Huur en huispaaieiment**

<b>HUUR/HUISPAAIEMENT</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Betaal niks/geen	281	70,3
Kontantbetaling by behuisingskantoor	16	4,0
Kontantbetaling by gemeenskapsentrum	12	3,0
Stoporder/aftrekorder	1	0,2
Ander	90	22,5
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

Een-en-tagtig persent van die respondente (n=327) het óf nie op die vraag (vraag 13.1) gereageer nie, óf aangedui dat hulle niks vir die woning betaal nie. Die meeste respondente wat wel 'n bedrag aangedui het, kon nie aandui of dit vir munisipale dienste of vir huur was nie (sien tabel 4.8). Negentig (22,5%) respondente het aangedui dat hulle die huis gekry en gevolglik niks betaal nie aangesien hulle eienaars van die wonings is en die res het aangetoon dat hulle die eenaar betaal aangesien hulle die woning huur.

**Tabel 4.8 Bedrag: Huur en huispaaieiment**

<b>HUUR/HUISPAAIEMENT</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Geen respons	312	78,0
< 100	25	6,3
101 – 200	16	4,0
201 – 300	15	3,8
301 – 400	14	3,5
> 400	3	0,8
Verniet/betaal nie	15	3,8
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

\*gevalle waar die totaal nie tot 100% sommeer nie, is toe te skryf aan die afronding van die desimale syfer.

Aangesien die wooneenhede deur die behuisingssubsidie van die regering verkry word, skuld die bewoners niks op hierdie wonings nie en derhalwe is geen huispaaieiment betaalbaar nie. Na hulle mening is die hoofrede waarom hulle uit hulle woning uitgesit kan word, hulle versuim om die water-/belastingrekening by die munisipaliteit te betaal. Van die respondente is ook onseker of hulle vir huur of dienste betaal.

#### 4.4.2.1.3 Ekonomiese investering en inkomste

Om vas te stel of die inwoners hulle huis as 'n potensiële bron van inkomste beskou, is aan respondente gevra hoe hulle hul woning beskou (vraag 17). Die inligting word hierna in tabel 4.9 opgesom. Die grootste persentasie (79%) respondente (n=314) het aangedui dat hulle woning nie 'n bron van inkomste is nie. Driehonderd-nege-en-veertig (86%) beskou hulle woning as hulle eiendom, terwyl 55% van die respondente

hulle woning as geen ekonomiese belegging en/of aanwins sien nie. Tweehonderd-nege-en-sestig (67%) respondente het aangedui dat hulle eiendom wel bekostigbaar is.

**Tabel 4.9 Beskou u woning as...**

BESKOU U U WONING AS ...	JA		NEE		GEEN RESPONS		TOTAAL	
	%	n	%	n	%	n	%	n
Bron van inkomste	19,5	78	78,5	314	2	8	100	400
U eiendom	86,7	347	12,7	51	0,5	2	100	400
Ekonomiese belegging/aanwins	43,2	173	54,7	219	2	8	100	400
Bekostigbaar vir u sak	67,2	269	30,7	123	2	8	100	400
Ander	2,7	11	8,5	34	88,7	355	100	400


#### 4.4.2.1.4 Broodwinning en inkomste

Ten einde te bepaal of die woning as 'n bron van inkomste gebruik word, is aan respondente gevra of hulle enige huurders het. Slegs 12% (n=51) het aangedui dat hulle wel huurders het. Driehonderd-drie-en-dertig (84%) van die respondente verhuur nie hulle woning nie. Tabel 4.10 gee die inligting weer. Op die vraag of respondente heeltemal tevrede, tevrede, ontevrede of heeltemal ontevrede is ten opsigte van die verhuring van hulle woning, het 50% aangedui dat hulle tevrede is met die onderverhuring van hulle wonings, maar 42,2% was ontevrede tot heeltemal ontevrede. Ontevredenheid kan toegeskryf word aan die feit dat die wonings so klein is dat dit skaars genoegsame blyplek vir die eienaar en sy gesin self bied. Dus is die gedagte en moontlikheid van verhuring buite die kwessie.

**Tabel 4.10: Huurders**

<b>HUURDERS</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Geen respons	16	4
Ja	51	12
Nee	333	84
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

Die hoeveelheid huur wat deur eienaars gevra was, wissel van niks (n=21) tot meer as R300 (n=2) per maand. Figuur 4.9 bevat die inligting.



**Figuur 4.9: Huurbedrag**

Uit figuur 4.9 is dit duidelik dat die wonings eerstens as blyplek vir families self beskou word, terwyl die feit dat min bewoners huurders inneem daarvan getuig dat die woning oor die algemeen nie as bron van inkomste gebruik en/of beskou word nie.

Die rede hiervoor kan wees dat daar skaars genoeg blyplek vir hulle eie gesinne is, wat dikwels ook ooms, tantes en/of grootouers insluit. Alhoewel slegs 20% van die respondente wel aangedui het dat die woning 'n bron van inkomste is, kan die lae persentasie ook toegeskryf word aan die feit dat inwoners heelwaarskynlik ook nie verstaan hoe die huis 'n bron van inkomste kan wees nie.

#### 4.4.2.2 *Fisiese struktuur*

Die tweede konsep op die mikro-/individuele vlak van die model, fisiese struktuur, omvat konsepte soos die behuisingseenheid of tipe woning, die gehalte en konstruksiemateriaal van die woning, die ruimte of grootte, asook fisiese gesondheid.

##### 4.4.2.2.1 Tipe woning

Op die vraag (vraag 11) in watter tipe woning/behuisingseenheid respondente woonagtig is, het die oorgrote meerderheid (79,5%) van die respondente (n=318) aangedui dat hulle in skakelhuse woon, aangesien die meerderheid van wonings in Wesbank uit duplekseenhede en viereenheid-eenhede bestaan. Wesbank is redelik nuut en met die ontwikkeling van nuwe nedersettings word daar gepoog om grond beter te benut; gevolglik is die oorgrote meerderheid van die wonings skakelwoningen. Vyf persone (n=5) bewoon informele wonings en twee (n=2) woon in 'n buitegebou of motorhuis. Die inligting word opgesom in tabel 4.11.

**Tabel 4.11: Behuisingseenheid of tipe woning**

<b>BEHUISINGSEENHEID/TIPE WONING</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Skakelhuis	318	79,5
Losstaande enkelwoning/formele woning	74	18,5
Informele woning/struktuur	5	1,3
Buitegebou of motorhuis	2	0,5
Geen respons	1	0,3
Kamer in huis	0	0
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

\*gevalle waar die totaal nie tot 100% sommeer nie, is toe te skryf aan die afronding van die desimale syfer.


UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

Ons kan dus sien dat die oorgrote meerderheid van die respondente woonagtig is in skakelhuse wat duidelik te klein vir gesinne is. Dit word weerspieël in respondente se gevoel oor te min ruimte en die beperkte grootte van die fisiese struktuur wat duidelik deur die opname uitgewys word en ook bevestig is in die gesprekke met die fokusgroepe.

#### 4.4.2.2.2 Konstruksiemateriaal

Op die vraag (vraag 14) van watter konstruksiemateriaal die behuisingseenheid gebou is, het 319 respondente (98%) aangedui dat die woning hoofsaaklik uit sementblokke aanmekaar gesit is. Nege (2%) respondente het nie die vraag beantwoord nie.





**Figuur 4.10: Gehalte van struktuur**

As gevolg van die feit dat die struktuur hoofsaaklik uit sementblokke bestaan, was dit nie verrassend nie dat die grootste aantal respondente (93,7%) gevoel het dat die woning van swak tot baie swak gehalte was. Sien figuur 4.10 hiervoor. Dit bied rede tot kommer, omdat dubbele standaarde dikwels gehandhaaf word vir projekte waar inwoners nie kapitaalkragtig is nie. Dit belig weer eens die beginsel van die niebemagtiging van armes en van dié wat nie by magte is om hulle menings te lug nie. Slegs een respondent het gevoel dat die woning se gehalte baie goed was.

#### 4.4.2.2.3 Gehalte van fisiese struktuur

Die oorgrote meerderheid respondente (88%) was nie tevrede met die gehalte van die fisiese struktuur (vraag 16) nie. Die redes wat in dié verband aangevoer is, het hoofsaaklik swak vakmanskap aan die kant van die kontrakteur(s) behels. Klagtes soos swak pleisterwerk, mure wat lek en kraak (69,7%) en dat alles muf, is deurgaans aangevoer. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die vinnige lewering met 'n klein finansiële uitleg, en winsbejag.

Ten opsigte van respondente se tevredenheid en/of ontevredenheid met die gehalte van die woning (sien tabel 4.12) het 69,7%, dit wil sê die meerderheid van

respondente, aangevoer dat die mure lek en kraak, die pleisterwerk swak is, en dat alles muf. Twee-en-vyftig respondente (13%) omskryf byvoorbeeld die gehalte van die woning as volg:

*"Die dak lek en alles is voortdurend nat."*

*"Pleister val by die dak uit, want die pleister is meer sand as sement."*

*"En as dit reën, reën dit dwarsdeur die mure en dak. "*

Agtien respondente (4.5%) het gesê dat die woning baie koud is, en dat die koue vererger word deur die feit dat alles nat is. Slegs een respondent het gevoel dat die woonplek beter was as die plakkerswoning wat hy/sy voorheen bewoon het. Dit is moontlik toe te skryf aan die feit dat die struktuur in Wesbank van stene gebou is en dat water en elektrisiteit binne die woning verskaf word. Veertien respondente (3,5%) het geen probleem met die woning ervaar nie. Hulle het verskeie redes aangevoer, onder andere dat hulle te dankbaar is om 'n huis te hê. Sommige van hulle huur die plek en sien dus nie die nodigheid daarvan om op moontlike probleme te fokus nie – vandaar die stelling dat hulle geen probleme ondervind nie (sien tabel 4.12.).

**Tabel 4.12 Motivering: gehalte van fisiese struktuur**

<b>GEHALTE VAN FISIESE STRUKTUUR</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Mure lek, kraak, muf	279	69,7
Dak lek	52	13,0
Geen respons	19	4,7
Baie koud en nat	18	4,5
Huur/dankbaar vir huis	14	3,5
Doen self herstelwerk	8	2,0
Te min ruimte/klein	5	1,3
Sanitasie	3	0,8
Deure/vensters kraak	1	0,3
Beter/positiewe opmerking	1	0,25
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

Respondente is ook gevra in vraag 16 wat hulle omtrent die swak gehalte van hulle woning doen (sien tabel 4.13). Die grootste (36,7%) aantal respondente (n=147) het aangetoon dat hulle niks doen om die gehalte van die woning te verbeter nie. Redes wat hulle aangevoer het sluit in:

*"Ons het geen geld/finansies nie."*

*"Ons moet dit maar aanvaar soos ons dit ontvang het. "*

*"Ons bid maar dat dit nie erger word nie."*

Sommige voel weer "die werf is te klein om aan te bou" en ander sê "ons kan dit nie bekostig om aan te bou nie, ons het nie eers genoeg om van te eet nie." Diegene wat wél iets doen (30,7%) sê onder andere:

*"Ons maak self reg waar ons kan, verf, spuit silikon in krake."*

*"Ek pleister waar ek kan, stop die gate met sement en het ook al teëls ingesit."*

**Tabel 4.13: Optrede ten opsigte van gehalte van fisiese struktuur**

<b>OPTREDE T.O.V. GEHALTE VAN FISIESE STRUKTUUR</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Geen respons	109	27,3
Doen niks	147	36,7
Doen iets	123	30,7
Ander	21	5,3
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

Die knelpunt wat deur al die fokusgroepe genoem is en dus die hoogste frekwensie (8) tydens fokusgroepsessies (sien tabel 4.1) getoon het, was kommer oor die swak gehalte van die woning. Die respondente in al agt (8) die fokusgroepe het hulle sterk uitgespreek oor die gehalte van die wonings en hulle ontevredenheid so te kenne gegee:

*"Dit reën dwarsdeur die geboue, amper asof ons buite woon; geen fondasie onder die geboue nie."*

*"Die reën kom dwarsdeur die vensters en mure, dus bly ons huise nat van binne; moet saans die bed weg van die muur skuif anders word beddegoed nat. "*

*"Ons moet koerante onder die tapyt gooi anders breek die tapyt gou; kan nie hard op vloere trap nie, dan kom daar 'n tipe sementpoeier af, dan is die vloer vol gate."*

Swak konstruksietegnieke en boumateriaal lei tot erosie in vloere, krake asook tot muff en klamheid van die mure. Dit op sigself beïnvloed die leefbaarheid van die huise en die inwoners se tevredenheid ten opsigte van hulle behuisingseenheid (Winston en Turner, 2001:65). As die mure nie sterk is en ook nie van gehaltemateriaal nie gebou is, sal die huis nie solied wees nie; mure sal begin kraak en swak gehalte verf sal afskilfer. Behoorlike afwerkings beskerm ook die binnekant van die huis teen reën en wind. Lekkasies beskadig beide die struktuur en die inhoud van die woning (Winston en Turner, 2001:65; Sowman en Urquhart, 1998:7). Wat die skakelhuise betref, is die volgende algemene kommentaar gelewer:

*"Wanneer bure hulle deur te hard klap dan val daar stukke van ons mure uit; sement is van swak gehalte, want stukke sement val net so uit die mure".*


*"Die deure is van swak kwaliteit en was nie reg aangesit nie, deure swel in die winter dan moet ons dwarsdeur die winter met 'n oop deur slaap – dis gevaarlik."*

Die swak konstruksie en gehalte van die struktuur het groot ontevredenheid onder respondente uitgelok. Dit het ook duidelik na vore gekom dat die lae gehalte van die struktuur 'n negatiewe impak op respondente en hulle familieledede se gesondheid het. Die behuising dra dus nie by tot goeie gesondheid nie, en weerspieël baie duidelik die

groot tekortkominge in die uitvoering van doelwitte soos uiteengesit in die behuisingswetgewing.

#### 4.4.2.2.4 Grootte van fisiese struktuur

Die oorgrote meerderheid van respondente, 80,5% (n=322) (vraag 15), was ontevrede met die grootte van die fisiese struktuur, teenoor 19,5% respondente wat wel tevrede was (sien figuur 4.11). Die ontevredeheid met die strukture is hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat die woning te klein is en te min ruimte (73%) vir hulle gesinne bied. Hulle moet opmekaar slaap, wat ongesond is. Agtien respondente (4,5%) het gevoel dat daar geen privaatheid bestaan nie, want daar is slegs een kamer en beide ouers én kinders moet dit deel.



**Figuur 4.11 Motivering: grootte van fisiese struktuur**

Volgens die Departement van Behuising (2002a:1) is dit belangrik dat 'n huis die huishouding se privaatheid moet verbeter om 'n beter lewensgehalte te verseker en sodoende ook bewoners in staat te stel om hulle daaglikse aktiwiteite te kan uitvoer. Die behuising in Wesbank blyk nie aan hierdie vereiste te voldoen nie. Een-en-twintig (5%) van die respondente het ander redes aangevoer, onder meer:

*"Ek wou nie 'n skakelhuis hê nie."*

*"Ek het ten minste 'n blyplek. Ek moet maar tevrede wees. "*

*"Ek het geen keuse nie, want ek huur die huis."*

Op die vraag (vraag 15.1) wat hulle doen om die grootte van die fisiese struktuur te verander, het 50% van die respondente aangetoon dat hulle niks doen omtrent die grootte van hulle woning nie, en die volgende redes aangevoer:

*"Dit is nie my woning nie."*

*"Die grond is te klein om aan te bou."*

*"Ons leef maar met dit. Ons het nie geld nie, nie eers genoeg vir voedsel nie. "*

Dit blyk uit die opname dat meer respondente niks aan hierdie aspek doen nie. Hulle voel dus onbemagtig en bly gevolglik passief. Die gevoel van ontmagtiging word verder versterk deur die feit dat hulle ook min bronne tot hulle beskikking het om hulle situasie enigszins te verander of te verbeter. Sewe-en-sewentig (19.3%) respondente voer aan dat hulle wel iets doen, byvoorbeeld deur aan te bou (die plek te vergroot), van hulle meubels te verkoop sodat die res in die woning kan inpas, spaar om te kan aanbou, of meubels by familieledes te stuur. Sommige het selfs Wendy-huise vir meer slaapplek opgerig (sien tabel 4.14).

**Tabel 4.14: Optrede ten opsigte van grootte van fisiese struktuur**

<b>OPTREDE T.O.V. GROOTTE VAN FISIESE STRUKTUUR</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Doen niks	143	35,7
Doen iets	77	19,3
Ander	63	15,7
Geen respons	117	29,3
<b>TOTAAL</b>	<b>288</b>	<b>100</b>



Op die vraag (vraag 22) of hulle eerder groter, maar nie so mooi huise nie, of kleiner maar mooier huise wou hê, het die meerderheid (89%) respondente aangedui dat hulle groter, minder mooi huise verkies. Slegs 11% van die respondente (n=44) het kleiner, maar mooi huise verkies. Sien tabel 4.15 vir die redes.



**Tabel 4.15: Groter/kleiner woning**

<b>REDES: GROTER/KLEINER WONING</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Meer/groter slaapkamers	152	38,0
Meer ruimte	111	27,3
Positief – geen probleem	20	5,0
Esteties	50	12,5
Beter lewensgehalte	33	8,3
Struktuur	9	2,3
Duur om aan te bou	7	1,7
Spandeer minder geld aan onderhoud van woning	6	1,5
Self vergroot	5	1,3
Geen respons	3	0,3
Moet eie huis wees	2	0,5
Huis nie baie werd nie	1	0,3
Wil in beter area woon	1	0,3
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

Eenhonderd-twee-en-vyftig respondente (38%) het aangevoer dat hulle groter huise met meer slaapkamers sou verkies. Voorbeelde hiervan was:

*"Ons het geen privaatheid, die huis is te klein want families is te groot."*

*"Ons soek meer kamers want kinders slaap opmekaar of slaap in die voorkamer/kombuis."*

Eenhonderd-en-elf (27,3%) het weer gevoel dat meer ruimte vir hulle belangrik is:

*"Ons verkies 'n woning met meer ruimte."*

*"Dit moet groter wees, want ons soek meer plek om te eet."*

*"Ons wil beter kan slaap en beweeg."*

Beter lewensgehalte was 'n verdere faktor wat deur 8,3% respondente (n=33) aangedui is as belangrik, omdat dit *"ons kwaliteit van lewe sal verbeter, ons sal meer privaatheid kan hê en ook beter gesondheid binne ons huis ervaar"*. Een respondent het aangedui dat hy/sy liever *"in 'n beter area wil woon"* en 'n ander een het gesê *"Die huis is nie baie werd nie"*. Uit die genoemde aspekte is dit duidelik dat die fisiese behoeftes meer belangrik as die estetiese geag word. Aangesien die woning die mikro-omgewing van die gesin omvat, is dit duidelik watter negatiewe effek die beperkte ruimte, gebrek aan privaatheid en swak boumateriaal op die gesin se lewensgehalte en gesondheid het. Die groot persentasie van respondente wat aangedui het dat hulle meer slaapkamers wil hê, toon duidelik dat die strukture waarin hulle woon heeltemal te klein was. Hieruit blyk dit ook duidelik dat daar nie aan die oogmerke soos in die behuisingwetgewing uiteengesit, voldoen word nie. Afgesien van subsidies en wonings wat aan mense toegeken word, voorsien dit egter nie aan die behoeftes en standarde van volwaardige behuising nie. Die toepassing van regeringswetgewing skiet hierin ver tekort. Maslow het ook hierdie tendens geïdentifiseer, naamlik dat die fisiese behoeftes eers bevredig moet word voordat daar aanbeweeg word na die volgende en hoër vlakke van behoeftes (Huitt, 2004:1).

Volgens internasionale standarde benodig 'n huishouding van twee persone 'n minimum van 'n drievtrekhuis van 38 m<sup>2</sup>, en 'n vyfvtrekwoning van 62 m<sup>2</sup> vir 'n

huishouding van ses individue (Hellberg-Phillips, 2000:6-7). In Wesbank bestaan die wooneenhede egter uit drie verskillende behuisingsontwerpe en groottes, naamlik 'n enkeleenhede (23,5 m<sup>2</sup>), 'n duplexeenheid (26 m<sup>2</sup>) en 'n viereenheid-eenheid (28 m<sup>2</sup>) (Wyngaard en Theron, 2004:50; Wyngaard, 2002:82). 'n Ondersoek deur die Staatsdienskommissie (*Public Service Commission*) van Suid-Afrika (2003:76) voer aan dat die nasionale behuisingsnorme en -standaarde (1998) spesifiseer dat die minimumstandaarde vir die eindproduk 'n struktuur van 30 m<sup>2</sup> moet wees. Dit is dus duidelik dat die wooneenhede in Wesbank heeltemal te klein is vir gesinne, en dat die toepassing van wetgewing die inwoners van Wesbank in die steek laat.

Die tekort aan ruimte en die kwessie rondom groter wonings is ook die aspek wat tydens die fokusgroepsessies as die tweede grootste bron van kommer na vore getree het. Dit is duidelik dat voldoende behuising nie net beskerming teen die elemente moet bied nie, maar ook voorsiening moet maak vir geskikte ruimte vir eet, slaap, ontspanning en 'n gesinslewe. Die fokusgroepe het die bevindinge soos aangedui in Tabel 4.1 bevestig, wat aangedui het dat die wonings te klein is om in hulle behoeftes en dié van hulle gesinne te voorsien. Oor die beperkte ruimte het die respondente soos volg gevoel:

*"Ons het groot families wat almal in een vertrek moet slaap. "*

*"Ons eet letterlik by die toilet, so naby is dit aan hierdie een vertrek."*

*"Ons huise is baie klein, mens kan nie eers 'n gedagte verander nie."*

'n Tekort aan bewoningsruimte is nie net 'n bydraende faktor tot die verbrokkeling van uitgebreide gesinne, ongerief en 'n tekort aan privaatheid nie, maar vorm ook 'n sterk verband tussen onvoldoende bewoningsruimte en sielkundige onsekerheid (Gabe en Williams, 1993 in Smit, 2000: 9). Respondente het hulle woonomstandighede onder andere as volg beskryf:

*"Ons (ma, pa en kinders) almal slaap in een kamer, dit is ongesond om so te lewe."*

*"Ons het geen privaatheid nie."*

Onvoldoende bewoningruimte hou potensieel beide fisiese en sielkundige ontberinge in (Brown, 2003:1), en kan aanleiding gee tot verhoogde risiko's vir infeksies en respiratoriese siektes, gedragsveranderinge en aggressie (Braubach en Bonnefoy, 2003:4). 'n Tekort aan bewoningsruimte kan ook bydra tot gesinsspanning en konflik, met gevolglike huishoudelike geweld, skeiding en egskeiding (San Francisco Department of Public Health, 2004: 5). Respondente het hulle mening hieroor as volg uitgespreek:



*"Die huise is te klein en veroorsaak siektes."*

Dit beteken ook dat daar nie 'n stil ruimte is vir kinders om hulle huiswerk te doen nie, wat weer negatief inwerk op hulle ontwikkeling, opvoeding en toekomstige lewensgeleenthede.

*"Die huis se toestand is nie die omgewing vir familie om te groei en te bevorder nie. Ruimte vir vordering en verbetering is beperk. "*

Inwoners se gevoel oor die tekort aan privaatheid het ook duidelik uit die fokusgroepsessies na vore gekom. Fokusgroepe het hulle sterk hieroor uitgespreek, terwyl die Wet op Behuising (107 van 1997) behuising beskou as 'n permanente residensiële struktuur wat interne en eksterne privaatheid moet verseker en voldoende beskerming teen elemente moet verskaf. Dit moet dus 'n waardige huis met redelike

leefruimte en privaatheid wees (Witskrif oor Behuising, 1994:12). Knelpunte wat uitgelig is, het op kinders sowel as bure gefokus. Hulle het hulle soos volg hieroor uitgelaat:

*"Ons het geen privaatheid nie, ons kinders slaap saam met ons in een vertrek."*

*"Sommige van ons moet maar 'n ekstra hokkie aan die huis heg vir groterige kinders; ander moet by familie gaan slaap."*


*"Ons het geen privaatheid nie, omdat die mure dun is, kan ons bure alles hoor wat ons praat en andersom. "*

Slegs een van die respondente het gesê 'n tekort aan privaatheid "*veroorzaak probleme in die huis*".

Privaatheid in 'n huishouding word verbeter deur voldoende of geskikte behuising en dit dra by tot die verhoging van lewensgehalte in sulke huishoudings (Departement van Behuising, 2002a:1). Die mure van 'n woning moet vir sy inwoners beskerming en privaatheid bied (Winston en Turner, 2001:65). Dit blyk duidelik dat privaatheid vir die respondente in Wesbank 'n probleem was, daar 60,5% van die respondente hulle ontevredenheid ten opsigte van privaatheid te kenne gegee het (sien tabel 4.19).

#### 4.4.2.2.5 Fisieke gesondheid


Tydens die fokusgroepsessies is aan respondente gevra wat hulle as behuising vir gesonde lewensomstandighede beskou. Die vraag tot watter mate hierdie woning bydra tot beter gesondheid, is weereens tydens die opname aan hulle gestel, waar 45,5% (n=182) aangetoon het dat die woonplek glad nie bydra tot hulle gesondheid nie (sien fig. 4.12). Veertig persent (40%) van die respondente het egter nie op die vraag gereageer nie.



**Figuur 4.12: Bydrae tot gesondheid**

Op die vraag (vraag 26) waarom hulle dink die woning dra nie by tot hulle gesondheid nie, het 164 (41%) van die respondente aangevoer dat die woning hulle siek maak. Redes wat aangevoer is, was dat die woning baie koud en gevolglik ongesond is. Kinders ontwikkel verkoues en tuberkulose, en is voortdurend siek. Klam mure wat muf en asbesplate op die dak dra by tot asma en verwante borsprobleme. Omdat die mure en wonings gedurig nat en koud bly, is inwoners ook gedurig verkoue of siek. Sommige respondente het ook gesê dat 'n vorige woning beter is as dié een, want hulle was gesonder daar. Eenhonderd-en-dertig (32,5%) van die respondente was van mening dat dié woning beter was as hulle vorige blyplekke. Redes hiervoor sluit onder meer in dat hulle bly is om 'n dak oor hulle kop te hê. Sommige beskou ook die huis as goed:

*"Die huis dra tot mate by tot gesondheid aangesien ek voorheen op 'n aaklige, ongesonde plek gewoon het. "*



**Figuur 4.13: Redes: bydrae tot gesondheid**

Die woonomgewing is 'n belangrike bepaler van lewensgehalte, en behalwe dat dit beskerming teen uiterste temperature moet bied, moet dit ook beskerming bied teen stof, insekte en plae (Lawrence, 2004:1). Biologiese faktore soos virusse, muf, bakterieë, peste, plae en diere is bydraende faktore tot siektes, byvoorbeeld oog- en respiratoriese infeksies, allergiese reaksies van die vel en keel, asma, algemene infeksies en oordraagbare siektes, voedselvergiftiging, toksisiteit en onveiligheid (Braubach en Bonnefoy, 2003:4).

Die meeste gesondheidsprobleme wat deur inwoners ondervind is, was direk of indirek toe te skryf aan die materiaal wat vir die konstruksie van die woning gebruik is, asook die grootte en struktuur van die woonplek. Bogenoemde word geïllustreer deur sommige van die response tydens die fokusgroepsessies:

*" Kinders wat op die grond slaap se beddens word nat saans as hulle slaap."*

*"Die teringsyfer is verskriklik hoog as gevolg van die toestande waarin ons woon. "*

*"'n Kind het vier jaar gelede hier gesterf van die koue, so koud en nat is hierdie huise."*

*"Ek is 'n man met vyf kinders, drie het al tering opgedoen en ander twee asma."*

*"Die huise gee die kinders brongitis. Ek het ses maande hier gebly toe kry ek tering. "*

*"Die kokkerotte, vlooië en muise broei in hierdie "neste" (hul wonings). Ons het 'n groot geveg met hierdie plae."*

*"Die muise hardloop oor en weer van huis tot huis, maar kan nie uitgeroei word nie."*

*"Ons het al van ons huise gepleister, maar die weeluisse, vlooië, kokkerotte, asook muise broei nog steeds."*

Uit inligting wat uit die opname verkry is, blyk dit duidelik dat die woonstruktuur beslis nie tot goeie gesondheid bydra nie – 'n gevolgtrekking wat deur die fokusgroepe bevestig word. Gegewens rondom dienste wat deur die munisipaliteit (tabel 4.17) verskaf word, weerspieël duidelik die respondente se tevredenheid, wat daarop dui dat dit dus die huis en die konstruksie daarvan is wat kommer wek. Respondente se gevoel oor die gehalte van die fisiese struktuur en die invloed daarvan op hulle gesondheid word bevestig deur vraag 30, waar 89,5% van die respondente hulle sterk ontevredenheid uitgespreek het oor die gehalte van die woning. Dieselfde gevoel word weerspieël teenoor die toestand van die woning waar 89,9% negatief gereageer het. Die grootte van die woning het ook nie hulle goedkeuring weggedra nie, want 87,2%




was ontevrede. Hierdie getalle bevestig dus die gevoelens wat tydens die fokusgroepsessies uitgespreek is.

#### **4.4.2.3 Fisiese sekuriteit**

Hierdie afdeling handel oor die veiligheid van die woonomgewing, en of die woning waarin respondente woonagtig was aan hulle basiese behoeftes voldoen het.

##### 4.4.2.3.1 Veilige woonomgewing

Volgens die Departement van Behuising (2002b:3) moet inwoners veilig voel in hulle wonings en woonomgewing. Dit is belangrik dat lae-inkomstegroepe moet veilig voel, omdat hulle nie bykomende veiligheidsmaatreëls soos alarmstelsels en elektriese heinings kan bekostig nie. Volgens Bennet (2003 in Darkwa, 2005:118) versterk veiligheid die selfbeeld en ingesteldheid van lae-inkomstegroepe. Op die vraag hoe hulle die veiligheid van Wesbank as woonomgewing ervaar, het 53% van die respondente gesê dat hulle Wesbank as veilig ervaar, terwyl 47% dit as onveilig en baie onveilig ervaar het (sien fig. 4.14). Alhoewel die meerderheid van respondente die woongebied as veilig ervaar, is dit egter kommerwekkend dat net minder as die helfte van die respondente die gebied as onveilig ervaar.




**Figuur 4.14: Veilige woonomgewing**

Op die vraag (vraag 30) oor hoe hulle voel ten opsigte van die woonomgewing (sien tabel 4:18), het sekuriteit en veiligheid groot ontevredenheid uitgelok, veral met betrekking tot sekuriteit by die voetbrug (92,4%), veiligheid by die rivier/bos (83,2%) en veiligheid in die strate (73%). Slegs 23,7% van die respondente was tevrede met die veiligheid van die strate.

#### 4.4.2.3.2 Basiese behoeftes

Die meeste respondente (45%) het aangedui dat die behuising in Wesbank slegs in 'n geringe mate aan die familie se basiese behoeftes voldoen. Twee-en-sestig respondente (15%) was egter daarvan oortuig dat dit in 'n groot mate aan die basiese behoeftes voldoen. Daar was egter 39% respondente wat aangedui het dat die behuising glad nie voldoen aan hulle basiese behoeftes nie, wat uiters kommerwekkend is.



**Figuur 4.15: Basiese behoeftes**

Die resultate soos aangedui in tabel 4.16 is soos volg deur respondente in die opname gemotiveer: 'n opmerklik lae persentasie (20,7%) respondente het positief oor hulle woning gevoel en hulle onder meer soos volg uitgespreek:

*"Die woning is gerieflik, ons is gelukkig in die woning, sommige van ons het min mense woonagtig in die huis vandaar die voorsiening in ons behoefte."*

*"Ons het niks meer nodig nie, ons is te dankbaar dat ons nou dak oor ons kop het. "*

Die meerderheid (46,7%) het egter meer negatief gereageer soos deur die volgende stelling geïllustreer word:

*"Die huis is te klein en gevolglik te min slaapkamers, dit vererger die probleem van geen privaatheid aangesien ouers en kinders dieselfde vertrek moet deel. "*

Een respondent het gesê:

*"Ek beskik nie oor die finansies om aan te kan bou nie en sodoende kan ek nie my leefruimte vergroot nie, moet dus maar aanbly in wat ek het. "*

**Tabel 4.16: Motivering: basiese behoeftes**


<b>MOTIVERING: BASIESE BEHOEFTE</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Slaapkamers	187	46,7
Positief – geen probleem	83	20,7
Meer ruimte	77	19,3
Self vergroot	18	4,5
Moet eie huis wees/aan my behoort	19	4,7
Geen respons	13	3,3
Beter lewensgehalte	1	0,3
Struktuur	1	0,3
Duur om aan te bou	1	0,3
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

Uit die bogenoemde inligting (tabel 4.16) is dit duidelik dat meer slaapkamers en gevolglik meer ruimte 'n belangrike basiese behoefte is. Dit blyk dus dat die huise oor die algemeen te klein is om aan gesinse se behoeftes te voldoen.

#### **4.4.2.4 Sosio-sielkundige aspekte**


Die laaste konsep van die mikro-/individuele vlak is die sosio-sielkundige aspekte, wat konsepte soos identiteit, menswaardigheid, lewensgehalte, selfverwesening en toevlug insluit. 'n Bespreking van resultate wat uit die opname verkry is, volg hierna.

Die Witskrif oor Behuising (1994:21) erken dat die omgewing waarbinne 'n huis geleë is, net so belangrik as die huis self om aan die behoeftes van die inwoners te voldoen. Behuising, as sosiale en ideologiese konstruksie, sluit in gevoelens, beleefde ervarings, en bewuste en intellektuele realiteit (Penderis, 1996:22), en moet bydra tot die sosiale welstand van die individu en die gesin en dit wat nodig is om die individu en die gesin tot die gemeenskap te verbind (Merrington in Meyer, 1998:3). Voldoende behuising moet dus voorsiening maak vir kulturele uitlewing, vry wees van die moontlikheid van onteiening; kapasiteit bou; geleenthede vir deelname en selfuitdrukking skep; 'n veilige omgewing bied, en ook sekuriteit en privaatheid vir sy inwoners verseker (Smit, 2003a:1-2). By vraag 29 moes die respondente aandui of hulle beslis saamstem, saamstem, nie saamstem nie, of beslis nie saamstem met die stellings nie. Sestig persent (n=240) het saamgestem dat hulle wel gelukkig is in Wesbank, teenoor 22,4% wat nie saamgestem het nie (fig. 4.16).




**Figuur 4.16: Ek is gelukkig om in Wesbank te woon**

Ses-en-veertig persent (46.3%) van die respondente het saamgestem dat hulle kan vertrou of staatmaak op die res van die gemeenskap om hulle te help as hulle 'n probleem het, teenoor 15,2 % wat beslis nie saamgestem het nie (fig. 4.17).




**Figuur 4.17: Ek kan op die res van die gemeenskap vertrou om my te help as ek 'n probleem het**

Op die vraag (vraag 29) of Wesbank 'n goeie gebied is om kinders in groot te maak, het 59,9% (n=240) van die respondente nie saamgestem nie, soos aangedui in figuur 4.18.



**Figuur 4.18: Goeie gebied om kinders in groot te maak**


Op die vraag (vraag 29) of behuisingsontwikkeling in Wesbank gelei het tot die verbetering in die sosio-ekonomiese welstand van die gemeenskap, het 44,2% van die respondente saamgestem, 26,7% het neutraal op die vraag gereageer, en 28,7% het nie saamgestem nie (sien fig. 4.19).



**Figuur 4.19: Behuisingsontwikkeling in Wesbank het gelei tot die verbetering in die sosio-ekonomiese welstand van die gemeenskap**

Drie-en-veertig persent van die respondente het saamgestem dat daar voordele verbonde is om in die gemeenskap betrokke te wees. Vyf-en-twintig persent (25,7%) het egter neutraal teenoor hierdie vraag gereageer (sien fig. 4.20).






**Figuur 4.20: Voordele verbonde om betrokke in die gemeenskap te wees**


Die meerderheid (67,4%) van die respondente het gevoel hulle kan hul kulturele en godsdienstige gebruike in Wesbank uitleef (sien fig. 4.21).

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE




**Figuur 4.21: Kan my kulturele en godsdienstige gebruike in Wesbank uitleef**

Op die vraag (vraag 29) of respondente 'n menswaardige bestaan in Wesbank voer, het 46% instemmend geantwoord, teenoor 33% wat nie saamgestem het nie en 20,2% van die respondente wat neutraal teenoor die vraag gestaan het (sien fig. 4.22).




**Figuur 4.22: Het 'n menswaardige bestaan in Wesbank**

Die grootste aantal van die respondente (49,2%) het gevoel dat hulle hul kan uitleef in Wesbank, teenoor 34,7% wat nie saamgestem het nie (sien fig. 4.23).



**Figuur 4.23: Kan my uitleef in Wesbank**

Op die vraag (vraag 29) of hulle hul woning as plek van toevlug ervaar, het 57,7% van die respondente hiermee saamgestem, terwyl 26,7% nie saamgestem het nie (sien fig. 4.24).



**Figuur 4.24: Beskou my woning as plek waarna ek kan terugkeer as toevlug**

Baie respondente, soos geïllustreer in Figure 4.16 – 4.24, was neutraal, en die afleiding is dat hulle moontlik nie sterk voel oor genoemde aspekte nie, of eenvoudig net nie sterk menings het nie. Dit kan dalk ook wees dat hulle magteloos voel, omdat hulle dink dat hulle menings moontlik nie saak maak nie. Onkunde en 'n tekort aan kennis ten opsigte van die betekenis van die verskeie fasette van 'n woning kan hier 'n rol speel. Dit bewys weereens dat menslike ekoloë 'n aansienlike bydrae tot hierdie onderrig, opleiding, opvoeding en gevolglike bemagtiging van mense kan maak.

#### 4.4.3 Gemeenskapsvlak

Die tweede vlak van die model is die gemeenskapsvlak, wat saamgestel is uit konsepte soos infrastruktuur, omgewing, gemeenskapsbou en grondgebruik.

#### **4.4.3.1 Infrastruktuur**

##### 4.4.3.1.1 Verskaffing van dienste

Vervolgens word 'n bespreking van die infrastruktuur in Wesbank aangebied, met verwysing na die verskaffing van dienste en fasiliteite. Die voorsiening van veilige en omgewingsgeskikte sanitêre stelsels is noodsaaklik om die risiko van siektes soos gastro-enteritis te verminder, asook om ontslae te raak van sanitêre afval sonder om die natuurlike omgewing te benadeel (Sowman en Urquhart, 1998:103; Moser, 1995:168). Op die vraag of die woning van dienste voorsien word, het respondente oor die algemeen aangedui dat al die dienste aan die inwoners van Wesbank voorsien word, maar drie respondente (0,7%) het aangedui dat hulle geen riooldiens ontvang nie, terwyl twee individue nie die vraag beantwoord het nie.

Op die vraag van watter toiletgeriewe die huurders gebruik maak, het drie respondente (0,75%) aangedui dat huurders 'n eie toilet het, terwyl 12% (n=47) van die huurders die toilet in die hoofhuis gebruik.

By vraag 30 (sien Tabel 4:18), waar respondente hulle tevredenheid/ontevredenheid oor aangeleenthede rakende hulle woonomgewing moes aandui, het die meerderheid respondente baie positief reageer oor dienste soos watervoorsiening (66%), elektrisiteitsvoorsiening (58,2%), vullisverwydering (66,5%) en sanitasie (61,2%) binne hulle gebied. Dit word ook weerspieël deur die statistieke oor die verskaffing van dienste soos in tabel 4.17 vervat. Tevredenheid (65%) is oor die skoonmaak van strate uitgespreek.

Alhoewel voldoende dienste verskaf is, soos uit tabel 4.18 blyk, was die klaarblyklike volhoubare lewering en gevolglike instandhouding daarvan egter problematies en het dit probleme geskep wat nie positief deur die inwoners beleef word nie. Hierdie

gevolgtrekking word ondersteun deur inligting wat uit die fokusgroepe na vore gekom het.

Dreine, die rioolstelsel en sanitasie was 'n verdere knelpunt wat deur die fokusgroepe genoem is. Die betrokkenes in die fokusgroepe het die volgende menings gehuldig:

*"Dreine van vier persone kom uit in een persoon se agterplaas; wanneer die dreine oorloop dan is die agterplase vol sewerage, vol riool van al vier huise."*

*"As ons die chain trek kom die sewerage op in die bad of in die wasbak in die kombuis."*

*"Dit veroorsaak 'n slegte reuk in ons huise."*

*"Die sewerage-pype is te smal, omdat sommige mense papier of koerante gebruik, dus blok dit die pype – mense kan nie toiletpapier bekostig nie."*

*"Die strate bly nat van die stink water wanneer die dreine geblok is, dit is 'n ongesonde saak omdat die kinders in die straat speel."*

*"Kanse om hier gesond te bly, is swak."*

Uit die reaksies van respondente is dit duidelik dat onvoldoende sanitasie 'n gesondheidsrisiko is.


#### 4.4.3.1.2 Fasiliteite

Die huidige regering se Behuisingsbeleid "*seeks to embrace the principle of the 'built environment'*", waar die fisiese omgewing waarin die huis geplaas is, as net so belangrik beskou word as die huis self. Daar het dus 'n duidelike klemverskuiwing plaasgevind vanaf die huis as 'n fisiese struktuur, na 'n bewoonbare, stabiele en

volhoubare openbare en private residensiële omgewing, wat toegang tot ekonomie, geleenthede, en gesondheids- en opvoedkundige geriewe insluit (Brügge, 1996:72).

#### 4.4.3.1.3 Toeganklikheid van fasiliteite

Respondente moes aandui hoe toeganklik of ontoeganklik bepaalde fasiliteite vir die inwoners van Wesbank is. (Sien tabel 4.17). Van die toeganklike fasiliteite sluit in: primêre skole (99,5%), sekondêre skole (99,2%), dagskool/kleuterskool (94%), kulturele fasiliteite (81,5%) en 'n gesinskliniek (88,5%). Respondente het die daghospitaal (93,2%), polisiekantoor (95%) ontspanningsfasiliteite (74,7%) en sportgeriewe (54,5%) ontoeganklik gevind. Hierdie statistieke word ook deur die fokusgroepe bevestig. Redes hiervoor sluit onder meer in dat die daghospitaal en polisiekantoor slegs in naburige woonbuurte beskikbaar is.



**Tabel 4:17 Toeganklikheid van Fasiliteite**

FASILITEIT	GEEN RESPONS		TOEGANKLIK		ONTOEGANKLIK		%	TOTAAL
	n	%	n	%	n	%		
Primêre skole			398	99,5	2	0,5	100	<b>400</b>
Sekondêre skole			397	99,3	3	0,8	100	<b>400</b>
Openbare vervoer			398	99,5	2	0,5	100	<b>400</b>
Dagskool/ kleuterskool	2	0,5	376	94,0	22	5,5	100	<b>400</b>
Ontspannings- fasiliteite	2	0,5	99	24,8	299	74,8	100	<b>400</b>
Kulturele fasiliteite	2	0,5	326	81,5	72	18,0	100	<b>400</b>
Sportgeriewe	1	0,3	182	45,2	218	54,5	100	<b>400</b>
Hospitaal/ daghospitaal			27	6,7	373	93,3	100	<b>400</b>
Gesinskliniek	1	0,3	355	88,5	45	11,2	100	<b>400</b>
Polisiekantoor			20	5,0	380	95,0	100	<b>400</b>
Ander	396	99			4	1,0	100	<b>400</b>

#### 4.4.3.1.4 Fasiliteite en aangeleenthede binne woonomgewing

Artikel 27 (1) van die Grondwet beskryf dat elkeen die reg het op toegang tot gesondheidsorgdienste (Grondwet van Suid-Afrika, 1996:12-14). Die respondente is ook gevra of hulle heeltemal tevrede, tevrede, ontevrede of heeltemal ontevrede is ten opsigte van verskeie fasiliteite/aangeleenthede binne hulle woonomgewing. Respondente was oor die algemeen tevrede (66%) met die skole in hulle omgewing.

Groot ontevredeheid is uitgespreek ten opsigte van die gesondheidsorg (kliniek/daghospitaal) (65,4%), jeugsentrum (74%), gemeenskapsaal (75,4%), biblioteek (78,2%) en polisiekantoor (92,2%). Hulle was egter tevrede met die kleuterskool (70,2%) en kerke (78,4%) in hulle woongebied.

Oor die toeganklikheid en/of ontoeganklikheid van fasiliteite binne hulle gemeenskap het dit uit die fokusgroepe sterk na vore gekom dat hulle 'n behoefte aan 'n polisiestrasie het:

*"Ons moet na Kuilsrivier polisiestrasie bel, hulle vat lank, kom soms eers die volgende dag aan."*

*"Kuilsrivier se polisie kom wanneer hulle wil; kom soms glad nie uit nie."*

Hulle was ook ontevrede oor die toegang tot die daghospitaal, aangesien daar nie een binne die woonbuurt is nie:

*"Ons wil ons eie daghospitaal hê, want ons moet vanaf drie-uur soggens in toue staan om seweur eers gehelp te word by Delft."*

*"Sommige mense slaap daar buite terwyl hulle wag."*

*"Ons is bang om daarheen te stap vir die bendes. Ons gaan vroeg daarheen dan kry ons soms nie eers medikasie nie."*

Hulle was ook van mening dat onvoldoende ambulansdienste 'n gesondheidsrisiko inhou.

*"Ons moet baie rondbel wanneer ons 'n ambulans benodig, hulle kom soms nie wanneer ons hulle bel nie."*

*"Ek het al drie sterfgevälle gehad van bure na die hospitaal toe moet ry. "*



*"Hulle kom op hulle eie tyd wanneer ons bel, hulle bel ons oor 'n uur terug om te vra hoe die persoon is."*

Ander fasiliteite wat die respondente in die opname belangrik geag het, was 'n biblioteek, toiletgeriewe, 'n kleuterskool, afdakke by die taxi-staanplek en meer kragpunte waar krag aangekoop kan word:

*"Ons moet ver loop om krag te koop, dan word ons kinders beroof. "*

*"Dit is 'n gevaar, omdat mense en kinders daaglik beroof word. "*

*"Score gee nie vry eenhede nie, dan moet ons moet Delft toe stap daarvoor. "*

Oor die behoefte aan 'n sportveld het respondente gemengde gevoelens uitgespreek. Een-en-vyftig persent (51,7%) was ontevrede of heeltemal ontevrede, maar 46% het aangedui dat hulle tevrede is. Oor aspekte soos vervoer en die taxi-staanplek het 97,4% aangedui dat hulle tevrede tot heeltemal tevrede is. Sekuriteit en veiligheid het ook groot ontevredenheid uitgelok, onder andere sekuriteit by die voetbrug (92,4%), veiligheid by die rivier/bos (83,2%) en veiligheid in die strate (73%). Slegs 23,7% van die respondente was tevrede met die veiligheid van die strate. Hierdie gegewens is vervat in tabel 4.18.

**Tabel 4:18 Aangeleentheid en fasiliteit**

AANGELEENTHEID	GEEN RESPONS		HEEL-TEMAL TEVREDE		TEVREDE		ON-TEVREDE		HEELTE-MAL ONTEVREDE		%	TOTAAL
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%		
Gehalte van woning	2	0,5	1	0,3	39	9,8	188	47,0	170	42,5	100	<b>400</b>
Toestand van woning	2	0,5			38	9,5	197	49,2	163	40,7	100	<b>400</b>
Grootte van woning	2	0,5	3	0,8	46	11,5	144	36,0	205	51,2	100	<b>400</b>
Ligging van woning in Wesbank	3	0,8	43	10,7	181	45,2	105	26,2	68	7,0	100	<b>400</b>
Onderverhuring van woning	3	0,8	28	7,0	200	50,0	111	27,7	58	14,5	100	<b>400</b>
Privaatheid in woning	2	0,5	30	7,5	126	31,5	148	37,0	94	23,5	100	<b>400</b>
Watervoorsiening	2	0,5	125	31,2	264	66	6	1,5	2	0,5	100	<b>400</b>
Elektrisiteitsvoorsiening	2	0,5	128	32,0	233	58,2	9	2,3	28	7,0	100	<b>400</b>
Vullisverwydering	2	0,5	129	32,5	266	66,5	1	0,3	2	0,5	100	<b>400</b>
Sanitasie, dreine/rioolstelsel	2	0,5	98	24,5	245	61,2	40	10,0	15	3,8	100	<b>400</b>
Skoonmaak van strate	2	0,5	93	23,2	260	65,0	37	9,3	8	2,0	100	<b>400</b>
Vervoer, taxi-staanplek	2	0,5	115	28,7	275	68,7	7	1,8	1	0,3	100	<b>400</b>
Sportgronde	3	0,8	6	1,5	184	46,0	130	32,5	77	19,2	100	<b>400</b>
Speelparke	3	0,8	7	1,8	175	43,7	152	38,0	63	15,7	100	<b>400</b>
Gesondheidsorg (kliniek/daghospitaal)	2	0,5	9	2,3	127	32,0	91	22,7	171	42,7	100	<b>400</b>

AANGELEENTHEID	GEEN RESPONS		HEEL-TEMAL TEVREDE		TEVREDE		ON-TEVREDE		HEELTE-MAL ONTEVREDE		%	TOTAAL
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%		
Skole	4	1,0	116	29,0	264	66,0	9	2,3	7	1,8	100	<b>400</b>
Jeugsentrum	3	0,8	3	0,8	98	24,5	162	40,5	134	33,5	100	<b>400</b>
Gemeenskapsaal	2	0,5	5	1,3	91	22,7	165	41,2	137	34,2	100	<b>400</b>
Biblioteek	2	0,5	1	0,3	84	21,0	129	32,2	184	46,0	100	<b>400</b>
Kleuterskool/crèche	2	0,5	71	17,7	281	70,2	25	6,3	21	5,3	100	<b>400</b>
Kerke	5	1,3	83	20,7	231	57,7	57	14,2	24	6,0	100	<b>400</b>
Polisiekantoor	2	0,5	1	0,3	28	7,0	116	29,0	253	63,0	100	<b>400</b>
Sekuriteit by voetbrug	2	0,5			28	7,0	123	30,7	247	61,7	100	<b>400</b>
Veiligheid by die rivier/bos	2	0,5			25	6,3	118	29,5	255	63,7	100	<b>400</b>
Veiligheid in strate	2	0,5	11	2,8	95	23,7	118	29,5	174	43,5	100	<b>400</b>


#### 4.4.3.2 *Omgewing*

Omgewing verwys na die aspekte van die ligging/woonomgewing waarbinne die fisiese struktuur van respondente geleë is, asook die impak wat klimaatstoestande op die struktuur het, al dan nie.

##### 4.4.3.2.1 Ligging en woonomgewing

Behuisingsontwikkeling staan sentraal in die visie van die Stedelike Ontwikkelingsraamwerk (SOR) (*Urban Development Framework*), wat gedurende 1997 vrygestel is as 'n beleidsraamwerk wat die sewe strategieë omvat soos voorgestel in die Witskrif oor Behuising (1994). Behuisingsontwikkeling word in die SOR gedefinieer as "*a variety of processes through which habitable, stable and sustainable public and private residential environments are created for viable households and communities*" (Stedelike Ontwikkelingsraamwerk, 1997:24). Hierdeur erken en beklemtoon die SOR, soos vervat in die Wet op Behuising (107 van 1997), dat die omgewing waarin die huis geleë is net so belangrik is as die huis self, dat die behoeftes van die inwoners bevredig moet word en dat die behuisingsproses 'n positiewe bydrae lewer tot die totstandkoming van 'n nierassige, nieseksistiese, demokratiese en geïntegreerde samelewing (Departement van Behuising, 2001: 2).

Wat die ligging van Wesbank betref, het 45,2% van die respondente hulle tevredenheid aangedui, maar 43,2% van inwoners was nie tevrede nie. Respondente is ook gevra hoe baie of hoe min hulle van die woonomgewing in Wesbank hou (sien figuur 4.25). Die meerderheid (63%) het min of glad nie van die woonomgewing gehou nie, teenoor 36% (n=146) van die respondente wat weer baie daarvan gehou het.




**Figuur 4.25: Woonomgewing**

Die meerderheid (59,9%) van die respondente dink nie dat Wesbank 'n goeie gebied is om kinders in groot te maak nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat fasiliteite vir jeug- en gemeenskapsontwikkeling beperk was. Onveilige en onvoldoende beskutting bedreig fisiese en geestelike gesondheid en die algemene lewensgehalte, en dus die menswaardigheid (Smit, 2003a:1-2).

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

#### 4.4.3.2.2 Klimaatstoestand

Op die vraag tot watter mate die struktuur/woning enigsins deur wind en reën beskadig is (vraag 24), het 44% (n=175) aangedui dat dit wel voorgekom het, teenoor 55% van die respondente wat nie sulke skade ervaar het nie (sien figuur 4.26).



**Figuur 4.26: Wind en reënskade aan woning**

Die gevolge van die beskadiging deur weerstoestande word in tabel 4.19 vervat. Tweehonderd-vyf-en-twintig (56,2%) van die respondente het nie die vraag beantwoord nie, maar 25,7% (n=103) het aangedui dat reën en wind wel skade veroorsaak, dat mure lek, die pleister afval, en dat mure kraak en muf. Sewentig (17,5%) van die respondente het gesê as dit reën, lek die dak baie. Een respondent het aangedui dat dit baie koud is omdat alles nat is wanneer dit reën.

**Tabel 4.19: Gevolge van wind en reënskade**

<b>WIND EN REËNSKADE</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Mure	103	25,8
Dak lek	70	17,5
Baie koud	1	0,3
Herstelwerk	1	0,3
Geen respons	225	56,3
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

\*gevalle waar die totaal nie tot 100% sommeer nie, is toe te skryf aan die afronding van die desimale syfer.

In die lig van die bogenoemde gegewens blyk die logiese gevolgtrekking te wees dat die ergste probleme gedurende die Kaapse winter ervaar word, en 91% (n=368) van die respondente het dit dan ook so bevestig.

Op die vraag watter tipe wind- en weerprobleme ervaar word, het 92,5% aangedui dat dit baie koud word en dat die koue vererger word omdat alles nat is. Volgens drie respondente is alles altyd nat as gevolg van die mure wat lek en muf. Mure kraak ook as gevolg van swak pleisterwerk en pleister wat uit die mure val.

Binnenshuise luggehalte, humiditeit, lae temperature en oorbewoning is 'n bedreiging vir die gesondheid van inwoners (The World Health Organization, 2004:5). Voldoende ventilasie en genoegsame vensters is belangrik, aangesien onvoldoende ventilasie die kondensasie op mure en dakke veroorsaak (Sowman en Urquhart, 1998: 142). 'n Tekort aan voldoende ventilasie en swak temperatuurbeheer vererger die muf en klamheid, en probleme wat daarmee verband hou (San Francisco Department of Public Health, 2004:5). Muf en klamheid in huise affekteer die gesondheid van inwoners want dié toestand stel inwoners bloot aan die risiko van respiratoriese siektes soos asma, ekseem, tuberkulose (TB) en nasale allergieë. Waterlekkasies in huise stimuleer die groei van muf, en dit beïnvloed die luggehalte in die huise (Winston en Turner, 2001:65). Klam huise kan beskou word as 'n bydraende faktor tot reumatiek, jig en respiratoriese infeksies, en siektes soos longontsteking en brongitis (Smit, 2000; Marsh, 1999; Ranson, 1991). Probleme met ventilasie is ook deur die fokusgroepe geïdentifiseer en soos volg verwoord:

*"Die dak sweet geweldig in die winter, moet toe kop slaap, want sweet tap bo-op ons wanneer ons slaap; moet letterlik skuil vir die water wat van die dak af loop. Ons en ons kinders bly siek."*

*"Die huise het min ventilasie in daarom word die mense en kinders so siek van tering en asma. Die vier skakelhuise het net een venster in elke huis, maar die ander huise het net twee vensters."*

*"Dit veroorsaak ook te min ventilasie."*

*"In die somer lyk dit asof 'n mens kan doodgaan so warm word hierdie huise."*

*"Sommige van die vensters was agterstevoor ingesit en kan nie oopgemaak word nie, ons woon in varkhokke."*

*"Ons huis stink permanent. "*

*"Ventilasie te min vir ons groot huisgesinne. Ons huise ruik en lyk permanent vermuf, omdat daar net een ventilasieblok in die huis, veral die huise wat vier aanmekaar is. "*

*"Klere word nat dan word dit vermuf, dan moet ons dit weggooi; klere word muf binne kaste, in somermaande moet ons dit buite hang om droog te word. "*

Uit die bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat die inwoners van mening was dat hulle huise nie 'n bydrae lewer tot gesonde leefomstandighede nie. Suid-Afrika se behuisingsbeleid en programme is in ooreenstemming met die "International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights" van 1966 se definisie van voldoende behuising, wat lui dat "*adequate housing' is measured by certain core factors: availability of services; materials, facilities and infrastructure and location*" (The UN Committee on Economic, Cultural and Social Rights, 1992:230), maar dit word nie in die praktyk weerspieël nie (Public Service Commission, 2003: 74).

#### **4.4.3.3 Gemeenskapsbou**

'n Verdere aspek van die gemeenskapsvlak van die behuisingsevalueringsmodel is gemeenskapsbou. Hieronder resorteer gemeenskapsbetrokkenheid, kulturele of godsdienstige gebruike en steundienste. Ses-en-veertig persent (46%) van die respondente het aangedui dat hulle op die res van die gemeenskap kan vertrou om hulle te help as hulle 'n probleem het. Op die vraag of daar enige voordele aan verbonde is om in die gemeenskap betrokke te wees, het 43% van die respondente saamgestem, teenoor 25,7% wat neutraal op hierdie vraag gereageer het. Hieruit



blyk dit dat mense verskil oor die waarde van betrokkenheid binne die gemeenskap, aangesien 31,5% nie saamgestem het nie.


Die meerderheid van die respondente (67,4%) was van mening dat hulle hul kulturele en godsdienstige gebruike in Wesbank kan uitleef. Hierdie siening word bevestig deur respondente se tevredenheid ten opsigte van die voorsiening van kerke in Wesbank. Agt-en-sewentig persent (78,4%) het positief gereageer op die vraag “is u oor die algemeen heeltemal tevrede, tevrede, ontevrede of heeltemal ontevrede ten opsigte van die volgende sake rakende u woonomgewing?” (kyk Tabel 4.18). Voldoende behuising moet dus voorsiening maak vir kulturele uitlewing, vry wees van die moontlikheid van onteiening, dit moet kapasiteit bou, geleenthede vir deelname en selfuitdrukking skep, ’n veilige omgewing bied, en ook sekuriteit en privaatheid aan die inwoners verseker (Smit, 2003a:1-2).



#### **4.4.3.4 Grondgebruik**

Grondgebruik is die laaste aspek op die gemeenskapsvlak van die model. Dit sluit aspekte in wat verband hou met hervestiging en uitbreiding van die fisiese struktuur. Op die vraag of behuisingsontwikkeling in Wesbank gelei het tot die verbetering in die sosio-ekonomiese welstand van gemeenskap, het 44,2% van die respondente saamgestem, 26,7% het neutraal op die vraag gereageer en 28,7% het nie saamgestem nie. Grondgebruik is in Wesbank weerspieël deur die aanbou van strukture aan die bestaande woning om bykomstige blyplek vir familie te skep, maar ook in ’n beperkte mate vir huurders, soos onderstaande inligting getuig.

Slegs 6% (n=25) van die respondente het aangedui dat die plek waarin hulle huurders woon, ’n aangeboude of los struktuur was.




**Figuur 4.27 Aangeboude of los struktuur**

Die meeste respondente, 8,7% (n=35) het aangedui dat die huurders in 'n los struktuur agter die hoofhuis woonagtig was, en 2,3% (n=9) van die huurders het in die hoofhuis geslaap. Slegs 1,5% (n=6) van die huurders het in 'n aangeboude gedeelte van die hoofhuis gewoon. Vyf-en-twintig (n=25) van die respondente het aangetoon dat hulle self die struktuur aangebring het. Tabel 4.20 verskaf inligting oor waar die huurders slaap.

**Tabel 4.20: Waar huurders slaap**

<b>HUURDERS</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Geen respons	350	87,5
Los struktuur agter die hoofhuis	35	8,7
In die hoofhuis	9	2,3
Aangeboude gedeelte van hoofhuis	6	1,5
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

Uit Tabel 4.21 blyk dit dat die meerderheid (n=34) van die strukture wat huurders bewoon, uit hout bestaan of 'n "Wendy"-huis is (n kommersieel vervaardigde houtstruktuur).

**Tabel 4.21: Samestelling van struktuur**

<b>GEBOU/STRUKTUUR</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
Geen respons	356	89,0
Hout/Wendy-huis	34	8,5
Sinkplaat	4	1,0
Hout/sink	3	0,8
Bakstene/semmentblok	1	0,3
Asbesplate	1	0,3
Ander	1	0,3
<b>TOTAAL</b>	<b>400</b>	<b>100</b>

\*gevalle waar die totaal nie tot 100% sommeer nie, is toe te skryf aan die afronding van die desimale syfer.

Uit die voorafgaande resultate is dit duidelik dat respondente gemengde gevoelens openbaar ten opsigte van gemeenskapsbou, asook oor grondgebruik. Dit blyk dat gemeenskapsbetrokkenheid wel deur respondente geopenbaar en ervaar word. Respondente bou hoofsaaklik vir hul eie gebruik aan, en dit sluit aan by respondente se gevoelens oor die beperkte ruimte en hul mening dat die wonings te klein is. Slegs 'n klein persentasie het huurders, en het derhalwe strukture aangebou om hierdie persone te huisves.

#### **4.5 HOLISTIESE EVALUERINGSMODEL**

Menslike ekoloë bestudeer die gesin/huishouding in sy geheel en hulle verhouding en interaksie met verskeie omgewings (mensegemaakte, die sosio-kulturele asook die natuurlike fisiese-biologiese omgewing) waarbinne hulle elke dag funksioneer. Ten einde hierdie interaksie te kan verstaan, is dit noodsaaklik dat die benadering tot behuising holisties en geïntegreerd moet wees. Met die ontwikkeling van die model vanuit 'n perspektief van menslike ekologie, is vakliteratuur, fokusgroepbevindinge en wetgewing bestudeer. Die doel van hierdie gedeelte is om die toepassing van die holistiese behuisingmodel vir die evaluering van laekostebehuising vanuit 'n menslike ekologiese perspektief te bespreek, soos in die doelwit van hierdie navorsing omskryf.

Die behuisingsevalueringmodel, soos geïllustreer in figure 3.1 en 3.2, is in Wesbank toegepas, waar 'n ondersoek, by wyse van 'n opname en fokusgroepe, geloods is, om te bepaal of behuisingwetgewing toegepas word om behuising vir gesonde lewensomstandighede of leefwyse in Wesbank te bewerkstellig. Figure 4.28 en 4.29 illustreer die somtotaal van die resultate van die verskeie aspekte op die model. Die bevindinge van die onderskeie subaspekte word op die model geïllustreer deur 'n groen, geel en rooi strepie wat saamgestel word deur die persentasies soos verkry by elke aspek. Die groen strepie verteenwoordig 'n positiewe uitslag, die geel strepie 'n neutrale uitslag en die rooi strepie dui die negatiewe gevoel van die respondente aan. Met hierdie voorstelling kan daar visueel en met die eerste oogopslag gesien word wat die uitslag by elke subaspek van die vraelys (model) was. Die interpretasie van die bevindinge van die

evalueringsmodel kan vervolgens in die model ingevoer word vir die samestelling van 'n gemeenskapsprofiel (sien figure 4.28 en 4.29). Doelwit 5, die samestelling van 'n gemeenskapsprofiel, is dus hierdeur bereik.


Soos geïllustreer in figuur 4.28, blyk dit dat bekostigbaarheid en besitreg op die mikrovlak deur die inwoners as baie positief ervaar word. Dit is waarskynlik omdat dit binne die inwoners se finansiële vermoë is, en ook 'n gevoel van sekuriteit weerspieël. Volgens die model word die woonplek nie as bron van inkomste of broodwinning gebruik nie. Dit hou moontlik verband met die feit dat die wonings te klein is, aangesien die grootte van wonings in Wesbank as baie negatief ervaar word. Daar kan ook duidelik uit die model afgelei word dat die behuising in Wesbank beslis nie tot die gesondheid van die inwoners bydra nie. Dit word weerspieël en bevestig deur die uiters negatiewe beskrywings van die gehalte en konstruksiemateriaal van die strukture. Die sosio-sielkundige aspekte blyk baie meer bevredigend deur die inwoners ervaar te word.

Op gemeenskapsvlak was oor die algemeen tevredenheid oor dienste uitgespreek. Dit bevestig dat dit wat deur wetgewing nagestreef word as een van die vereistes vir voldoende behuising, wel bereik is. Bevindinge van die studie het ook daarop gedui dat die inwoners van Wesbank oor die algemeen tevrede was met opvoedingsfasiliteite, maar dat gemeenskapsfasiliteite, 'n biblioteek, polisiekantoor en gesondheidsorg dringende aandag moet geniet. 'n Interpretasie van die bevindinge soos uiteengesit in die model, weerspieël dat die uitbreiding van bestaande wonings uiters beperk is. Dit is ook slegs moontlik indien die inwoner finansiël by magte is om veranderinge of verbeterings aan te bring.


Hierdie holistiese behuisingsevalueringsmodel illustreer visueel watter aspekte vir die inwoners van Wesbank belangrik was, en dié wat kommerwekkend en negatief was. Uit hierdie visuele illustrasie (figure 4.28 en 4.29) kan afleidings oor die samestelling van elke gemeenskap wat bestudeer word, gemaak word; insig kan verkry word in die behoeftes van 'n bepaalde gemeenskap om gevolglik die behuisingsprogramme en/of -benadering by sodanige gemeenskappe aan te pas. Dit sou dan kon lei tot 'n beter implementering van wetgewing, met die gevolglike verbetering in lewensgehalte van alle inwoners.

Met die inagneming van bogenoemde, is dit duidelik dat die omvattende benadering dat mense nie los van hul omgewings bestudeer kan word nie, soos deur menslike ekoloë voorgestaan, die sleutel tot 'n beter begrip van gemeenskappe is. Met hierdie evalueringsmodel kan die plaaslike regering en ontwikkelaars van lae-inkomstebehuising eers 'n volledige en deeglike behoeftebepaling doen van die begunstigdes van beoogde behuisingsontwikkelinge. Deur die identifisering van behoeftes kan so 'n bepaling 'n aanduiding gee van die profiel van die bepaalde gemeenskap, en gevolglik kan beter beplanning en konstruksie plaasvind. Hierdie holistiese model kan verder verfyn, aangepas en op 'n verskeidenheid van gemeenskappe en inkomstevlakke toegepas word.





**FIGUUR 4.28: EVALUERINGSMODEL: MIKROVLAK**



**FIGUUR 4.29: EVALUERINGSMODEL: GEMEENSKAPSVLAK**



#### 4.6 SAMEVATTING

Hoofstuk vier dokumenteer die resultate van die studie om lae-inkomstebehuising in Wesbank te evalueer, ten einde te bepaal in hoe 'n mate dit aan die behoeftes van individue en gemeenskappe voldoen. In hierdie hoofstuk is die resultate van die opname sowel as die fokusgroepsessies aangebied om die navorsingsdoelwitte, soos uiteengesit aan die begin van hierdie hoofstuk, te bereik. Die data is voorgestel met die hulp van tabelle en figure. In die volgende hoofstuk word die gevolgtrekkings van die navorsing uiteengesit.



## HOOFSTUK 5

### OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 5.1 INLEIDING

Die navorsing het onderneem om regeringswetgewing ten opsigte van lae-inkomstebehuising in Wesbank aan die hand van die holistiese behuisingsevalueringsmodel te evalueer. Die doelwit van hierdie hoofstuk is om gevolgtrekkings oor, en implikasies van die bevindinge van die studie te bespreek. Voortspruitend uit die resultate word aanbevelings vir praktiese implementering, asook vir verdere navorsing in hierdie verband gemaak.

Wesbank, 'n nuutontwikkelde lae-inkomstebehuisingontwikkeling is bestudeer deur die evalueringsnavorsingstechniek aan die hand van die holistiese behuisingsevalueringsmodel (HBEM) toe te pas. Die doel van die navorsing was om regeringswetgewing ten opsigte van lae-inkomstebehuising in Wesbank te evalueer. Sodoende is daar bepaal in welke mate die behuising aan die behoeftes van individue in die Wesbank-gemeenskap voldoen, en kon aanbevelings vir behuisingsonderrig en -opleiding vir professionele persone, insluitende menslike ekoloë in die betrokke veld, asook vir behuisingpraktisyns, gemaak word.

In hierdie studie het die navorser ondersoek ingestel na die regering se beleid wat toegepas is tydens die beplanning en bou van die behuisingseenhede in Wesbank. Daarby is vasgestel of dit, soos deur die Wet op Behuising voorgeskryf, aan die vereistes van meer as net 'n struktuur voldoen het. Die navorsingdoelwitte was eerstens om inligting oor omstandighede en toestande binne die gemeenskap in te win. Die studie het ook (doelwit 2) die ontwikkeling van 'n holistiese behuisingsevalueringsmodel, saamgestel uit behuisingindikatore vir gesonde behuising, ten doel gehad. Dit is bereik deur wetgewing en vakliteratuur te analiseer en met individue in fokusgroepe binne die gemeenskap van Wesbank te konsulteer. Derdens is 'n vraelys na aanleiding van die saamgestelde model opgestel om te identifiseer in welke mate die behoeftes van individue in die Wesbank-gemeenskap

(doelwit vier) aan die hand van die indikatore bevredig is. Dit het tot die samestelling van 'n gemeenskapsprofiel (doelwit 5) gelei.

## 5.2 GEVOLGTREKKINGS

Menslike ekologie is gemoeid met die bemagtiging van individue en gesinne deur op die verbetering van hulle lewensgehalte te fokus, en is begrond binne die bemagtigings- en ekologiese-sisteemteorieë wat konsentreer op die interverwantskappe tussen individue en gesinne met hulle verskeie omgewings. Die kern van die regering se behuisingsstrategieë behels die erkenning van gewenste residensiële omgewings wat geskep moet word. Die enigste manier om langtermyn-lewensvatbaarheid (en dus volhoubaarheid) te vestig, is om te verseker dat behuisingsareas aan die voorkeure, strewes en veranderende behoeftes van bestaande en voornemende inwoners voldoen. Derhalwe berus die ontwikkeling van die holistiese behuisingsevalueringsmodel daarop dat menslike ekoloë oor wetenskaplik gefundeerde hulpmiddels beskik wat gebruik kan word om 'n gemeenskapsprofiel op te stel van aangeleenthede (op mikro- en gemeenskapsvlak) van 'n bepaalde gemeenskap, om 'n aanduiding te kry van hoe die gemeenskap binne so 'n behuisingsopset voel en lyk. Die samestelling van die behuisingsevalueringsmodel, soos vervat in doelwit twee en bespreek in hoofstukke 2 en 3 onderskeidelik, het onder meer die inwin van inligting (doelwit een) en evaluering van die behuisings Wesbank tot gevolg gehad, wat as bevestiging dien dat die doelwitte bereik is.


Die holistiese behuisingsevalueringsmodel lei tot die konsolidasie van verskeie relevante konstrunkte wat die geheel van gemeenskappe op drie vlakke aanbied. Die model skep die geleentheid om die konstrunkte diagnosties te evalueer, en deur die resultate visueel voor te stel, en dit vir ontwikkelingspraktisyns toeganklik en maklik interpreteerbaar te maak. Die holistiese behuisingsevalueringsmodel kan deur menslike ekoloë as maatstaf gebruik word om 'n gemeenskapsprofiel saam te stel wat inwoners se omstandighede, behoeftes en ervarings beskryf ten einde te verseker dat daar in die beplanningsfase van 'n behuisingsprojek vir die regte tipe behuisingsvoorsiening gemaak word. In gevestigde behuisingsprojekte kan die profiel toegepas word om doeltreffende intervensieprogramme te beplan en aan te pas wat gefokus is op die bemagtiging van individue binne die gemeenskap binne hulle bepaalde

konteks. Doelwit 5, die samestelling van 'n gemeenskapsprofiel, is dus ten opsigte hiervan bereik.

Doelwit drie, naamlik die opstel van 'n vraelys wat gegrond is op die behuisingsevalueringsmodel, asook die hou van samesprekings met individue in die gemeenskap van Wesbank, is bereik deur middel van die opname en die skep van fokusgroepe soos bespreek in hoofstuk 3. Die bespreking van die bevindinge in hoofstuk 4 bevestig dat die genoemde doelwit bereik is. Vervolgens word 'n opsomming aangebied van die belangrikste bevindings van hierdie studie in terme van die evalueringsmodel en die konsepte wat dit onderlê.

### **5.2.1 MIKROVLAK**

Binne die ekologiese-sisteemteorie behels hierdie vlak die mikro-omgewing as die onmiddellike en/of nabye omgewing waarmee die gesin in noue interaksie verkeer. Dit sluit onder meer konsepte in soos die ekonomiese aspekte, fisiese struktuur, fisiese sekuriteit, privaatheid en die sosio-sielkundige faktore wat met behuising verband hou.



#### **5.2.1.1 Ekonomiese aspekte**

Analises van die data en die resultate dui daarop dat die behuisingontwikkeling in Wesbank wel daartoe gelei het dat die grootste persentasie van die respondente eienaars van wonings geword het. Die oorgrote meerderheid van inwoners gebruik nie hulle wonings as bron van bykomende inkomste nie, waarskynlik as gevolg van die feit dat die wonings alreeds te klein is vir hulle eie gesinne. Omdat hulle moontlik nie die konsep en waarde van eienaarskap en sekerheid van besitreg verstaan nie, beskou hulle die fisiese struktuur ook nie as 'n ekonomiese belegging of aanwinst nie. Hierdie aspek kan ook toegeskryf word aan die feit dat die strukture van so 'n swak gehalte is, dat dit weinig waarde blyk te hê. Inwoners ervaar wel hulle wonings as bekostigbaar, as gevolg van die feit dat hulle niks daarvoor betaal het nie. In dié verband moet onthou word dat die wonings deur middel van die regering se behuisingssubsidie bekom is. Slegs munisipale dienste is deur die inwoners betaalbaar.

Die oorgrote meerderheid van die inwoners van Wesbank was in skakelhuis woonagtig. Volgens die literatuur is dit belangrik dat verskillende behuisingsopsies vir die inwoners van lae-inkomstebehuisingsontwikkelings beskikbaar moet wees. Die rede hiervoor is dat verskeie opsies groter moontlikhede bied vir verskillende groottes huishoudings met hul variërende behoeftes, en ook inwoners in verskillende stadia van die lewensiklus kan akkommodeer.

#### **5.2.1.2 Fisiese struktuur**

Die definisie van behuisingsontwikkeling, soos vervat in die Behuisingswet (107 van 1997), stel dit onder meer dat alle landsbewoners toegang tot permanente residensiële strukture met versekerde besitreg moet hê, wat interne en eksterne privaatheid verseker en voldoende beskerming teen die elemente bied. Ten opsigte van die nakoming van die voorgenoemde kriteria het die resultate van hierdie studie die teendeel bewys, deurdat respondente hulle sterk uitgespreek het oor die gehalte van die fisiese strukture. Die wonings was van 'n swak gehalte en hoofsaaklik gebou van sementblokke met 'n hoë water-retensievermoë. Die klagtes oor die bouwerk dui op swak vakmanskap en vermoedelik ontoepaslike konstruksietegnieke. Die swak gehalte van die boumateriaal het veroorsaak dat mure gekraak en dakke en vensters gelek het, met die gevolg dat die geboue of fisiese strukture muf en altyd nat en klam gebly het. Die feit dat alles voortdurend nat bly, bring mee dat die koue in wonings vererger word. Dit op sigself beïnvloed die gemak en leefbaarheid van die woning, en gevolglik die inwoners se tevredenheid ten opsigte van hulle behuisingseenheid. Hierdie belewenis is dus in stryd met die definisie van behuisingsontwikkeling soos vervat in die Behuisingswet (107 van 1997), wat noem dat leefbare, stabiele en volhoubare publieke en private leefomgewings geskep moet word. Die Wesbank-behuisingsontwikkeling blyk dus minder suksesvol te wees met betrekking tot die beantwoording aan hierdie verlangde uitkomst.

Uit die resultate blyk dit ook duidelik dat die swak gehalte van die fisiese struktuur nie bydra tot die algemene gesondheid van die inwoners nie. Gesondheidsprobleme, onder andere tuberkulose, verkoues, brongitis en verwante respiratoriese infeksies, kom algemeen in Wesbank voor. Dit kan verwag word dat gesondheidsprobleme sal vererger as gevolg van die toestand van die fisiese struktuur, die tipe boumateriaal wat

gebruik is, onvoldoende ventilasie (nie genoegsame vensters nie), en die gepaardgaande swak temperatuurbeheer. Hierdie toestande neem gedurende die wintermaande toe waar reën- en windskaad die situasie vererger. Gevolglik is dit duidelik dat gesinne nie los gesien kan word van hulle omgewings nie, wat beteken dat die wedersydse impak van die gesin en die omgewing op mekaar verstaan, begryp en bestudeer moet word. Menslike ekoloë met hulle begrip en kennis van die ekologiese-sisteemteorie kan dus hier 'n aansienlike bydrae lewer deur individue, gesinne en gemeenskappe te help om die toestand en kwaliteit van hulle lewens te verander en derhalwe te verbeter.

Die lae huishoudelike inkomste (gemiddeld R3 500 en minder per maand) veroorsaak dat respondente nie die vermoë het om enige veranderinge of verbeteringe aan hulle wonings aan te bring nie. Vanweë beperkte finansiële bronne voel respondente dus ontmagtig om enige verbeteringe aan die struktuur aan te bring. Ontwikkelaars van behuising moet dié feit in berekening bring en begunstigdes dus voorsien van strukture met beter afwerkings wat die minste moontlike onderhoud verg.

#### **5.2.1.3 Fisiese sekuriteit**

Sekuriteit en veiligheid, onder andere veiligheid by die bos langs die rivier, in strate asook by die voetbrug, het ook groot ontevreedenheid uitgelok. Hierdie aspekte het gevolglik 'n negatiewe invloed op die inwoners se gevoel oor die ligging van hulle woonomgewing gehad, aangesien respondente aangedui het dat hulle baie min van hulle woonomgewing hou.

#### **5.2.1.4 Privaatheid**

Wat die aspek van fisiese grootte van die woning betref, is daar ook heelwat negatiewe kommentaar gelewer, deurdat die meerderheid respondente dit as “baie klein” ervaar het. Dit is algemeen bekend dat huise wat te klein is kan lei tot oorbewoning, ongerief en 'n gebrek aan privaatheid, wat weer kan lei tot fisiese, geestelike en gesondheidsprobleme. Vanweë die beperkte ruimte en klein wooneenhede is 'n ernstige gebrek aan privaatheid gerapporteer, wat veroorsaak het dat mense nie 'n verbetering in lewensgehalte in vergelyking met hulle vorige woonomstandighede ervaar het nie. Min ruimte en 'n gebrek aan privaatheid bevorder

ook nie goeie gesondheid nie. Uit die resultate blyk dit dat die wonings ook nie in hierdie opsig aan hierdie basiese behoeftes van die inwoners voldoen het nie.

#### **5.2.1.5 Sosio-sielkundige aspekte**

Die meerderheid van die respondente het aangedui dat hulle wel gelukkig is om in Wesbank te woon, maar daarteenoor was meer as die helfte van die mense van mening dat dit nie 'n goeie gebied is om kinders in groot te maak nie, waarskynlik vanweë die beperkte ontwikkeling van jeug- en gemeenskapsfasiliteite. Hoewel hulle van mening was dat hulle wel 'n menswaardige bestaan in Wesbank voer, was daar 'n groep wat neutraal hierteenoor gestaan het. Dit kan wees dat hulle nie sterk hieroor voel nie, óf dat hulle te magteloos voel om hulle opinie te lug. Die grootste getal respondente voel egter dat hulle hul in Wesbank kan uitleef, en beskou ook hulle woning as 'n plek van toevlug waarna hulle kan terugkeer.

Net minder as die helfte van die respondente het aangedui dat hulle op die res van die gemeenskap kan vertrou en/of staatmaak om hulle te help as hulle 'n probleem het. Die meerderheid respondente was ook van mening dat hulle hul kulturele en godsdienstige gebruike in Wesbank kan uitleef. Dié standpunt word bevestig deurdat die meerderheid van respondente hulle tevredenheid ten opsigte van die voorsiening van kerke uitgespreek het. Die menslike ekoloog met sy/haar holistiese benadering tot behuising (wat oor die basiese kennis van behuising beskik, en die behoeftes, begeertes en die interverwantskappe en interaksie van gesinne en gemeenskappe verstaan) is in die ideale posisie om hul vir die regte en behoeftes van die minderbevoorregte en laer opgevoede individue te beywer. Die individu het dalk minder toegang tot inligting om ingeligte besluite te kan neem en/of is nie by magte om hulle menings te lug nie. As objektiewe bron van inligting en 'n rasonale tussenganger tussen die regering en gemeenskappe, kan die menslike ekoloog se insette waarde aan gemeenskappe toevoeg.

#### **5.2.2 GEMEENSKAPSVLAK**

Hoewel gesinne in noue kontak met hulle mikro-omgewings verkeer, tree hulle ook in interaksie met, en sosialiseer hulle ook binne en met bepaalde gemeenskappe buite hulle onmiddellike omgewing. Die gemeenskapsvlak, ook genoem die meso-omgewing, behels onder meer konsepte soos infrastruktuur (dienste en fasiliteite), die

omgewing, gemeenskapsbou en grondgebruik van inwoners. Deur aspekte op hierdie vlak te evalueer en op te som, ontstaan 'n duidelike aanduiding van die omstandighede en fasiliteite waaruit 'n gemeenskap saamgestel is, asook van die tekortkominge van so 'n gemeenskap. Die opname na aanleiding van die evalueringsmodel verleen dus aan menslike ekoloë 'n geheelbeeld van 'n bepaalde gemeenskap se behoeftes en verwagtinge. Hieruit kan die menslike ekoloog dan bepaal watter tipe behuising, fasiliteite en dienste verskaf moet word. Hierna volg 'n kort bespreking van die konsepte infrastruktuur, omgewing, gemeenskapsbou en grondgebruik, soos op die gemeenskapsvlak uiteengesit.

### **5.2.2.1 Infrastruktuur**

Verskeie eenhede van wetgewing, waaronder die Behuisingswet (107 van 1997), het aan plaaslike regerings (munisipaliteite) bepaalde rolle toegeken vir die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van gemeenskappe. Hulle moet onder andere verseker dat ongunstige toestande vir die gesondheid en veiligheid van inwoners verwyder of verhoed word, en dat dienste soos water, elektrisiteit, sanitasie, paaie, stormwater dreinerings en vervoer op so 'n wyse beskikbaar gestel word dat dit ekonomies effektief en voldoende sal wees. Volgens resultate soos uit hierdie studie verkry, blyk respondente ontevrede te wees oor dienslewering met betrekking tot sanitasie, maar was baie van hulle egter tevrede met die verskaffing van munisipale dienste (water, elektrisiteit en vullisverwydering). Respondente was ook tevrede met die toeganklikheid van opvoedingsinstansies (primêre, sekondêre en kleuterskole), kulturele fasiliteite en die gesinskliniek. Hulle het egter fasiliteite soos die polisiekantoor, ambulansdienste, daghospitaal en ontspanningsfasiliteite as baie ontoeganklik ervaar.

### **5.2.2.2 Omgewing**

Omgewing verwys na die aspekte van die woonomgewing waarbinne die fisiese strukture van respondente geleë is, asook na die impak wat klimaatstoestande op die struktuur het, al dan nie.

Die meerderheid van die inwoners het min of glad nie van die woonomgewing gehou nie en dink ook nie dat Wesbank 'n goeie gebied is om kinders in groot te maak nie, aangesien fasiliteite vir jeug- en gemeenskapsontwikkeling beperk is. Wind en



reënskade aan die struktuur is wel gerapporteer, met die ergste probleme wat gedurende die Kaapse winter ervaar word.

### **5.2.2.3 Gemeenskapsbou**

'n Verdere aspek op die gemeenskapsvlak van die behuisingsevalueringsmodel is gemeenskapsbou. Hieronder resorteer gemeenskapsbetrokkenheid, steundienste en kulturele of godsdienstige gebruike. Minder as die helfte van die respondente het gevoel dat hulle op die res van gemeenskap kan vertrou en/of staatmaak om hulle te help as hulle 'n probleem het. Inwoners het ook verskil ten opsigte van die voordele verbonde aan gemeenskapbetrokkenheid. Die meerderheid van die respondente was egter van mening dat hulle hul kulturele en godsdienstige gebruike in Wesbank kan uitleef. Hierdie siening word bevestig deur respondente se tevredenheid ten opsigte van kerke in Wesbank.

### **5.2.2.4 Grondgebruik**

Grondgebruik is die laaste aspek op die gemeenskapsvlak van die model. Dit sluit aspekte in wat met hervestiging en uitbreiding van hulle fisiese strukture verband hou. Deur die behuisingsevalueringsmodel tydens 'n opname te gebruik, kan 'n deeglike aanduiding verkry word van die verspreiding en/of tekort aan grondgebruik. Grondgebruik word in hierdie studie weerspieël deur die aanbou van strukture aan die bestaande woning om bykomende blyplek vir familie te verskaf, maar ook in 'n beperkte mate ruimte vir huurders te skep.

Uit die voorafgaande resultate is dit duidelik dat respondente gemengde gevoelens geopenbaar het ten opsigte van gemeenskapsbou en grondgebruik. Dit blyk dat gemeenskapsbetrokkenheid wel deur respondente geopenbaar en ervaar is. Baie beperkte uitbreiding is hier waargeneem, want respondente bou hoofsaaklik aan vir eie gebruik. Dit sluit aan by respondente se gevoelens oor beperkte ruimte en dat die wonings te klein is. Slegs 'n klein persentasie het huurders, en het derhalwe strukture aangebou om hierdie persone te huisves.

Binne die konteks van die Wesbank-gemeenskap blyk dit duidelik dat aangeleenthede soos die voorsiening van dienste (water, elektrisiteit, vullisverwydering) en die toeganklikheid van sekere fasiliteite (opvoedingsinstansies, kulturele fasiliteite en die

gesinskliniek) oor die algemeen 'n gevoel van tevredenheid by die inwoners geskep het. Dit opsigself lewer uiteraard 'n bydrae tot 'n gesonde omgewing. Ander aangeleenthede, soos byvoorbeeld die gebrek aan privaatheid, die aard van die fisiese strukture en swak boumateriaal, blyk die aspekte waarmee die inwoners van Wesbank die grootste ontevredenheid ervaar het, te wees. Baie van hierdie aangeleenthede dra ook nie by tot 'n toestand van goeie gesondheid nie. Hieruit is dit duidelik watter impak omgewings, hetsy natuurlike, mensgemaakte of die gedragsomgewing, op individue en gesinne het en dat hierdie aspekte nie onafhanklik van mekaar beskou kan word nie.

Uit die navorsing blyk dit duidelik dat die behuising in Wesbank nie 'n bydrae tot al die verskillende aspekte rakende gesonde behuising gelewer het nie. Dit bevestig en bewys wat ondersoek is ten opsigte van doelwit vier, naamlik die identifisering van die mate waarin daar aan die behoeftes van individue in die gemeenskap voldoen is. Dit was ook opmerklik dat die behuisingstrukture wat opgerig is, nie voldoen het aan die vereistes van "meer as net 'n struktuur" nie. Die samestelling van 'n gemeenskapsprofiel wat 'n aanduiding gee van die aspekte en/of behoeftes wat deur behuising gedek moet word, is noodsaaklik. Daarom is dit belangrik dat die plaaslike regering en ontwikkelaars van lae-inkomstebehuising vooraf 'n volledige en deeglike opname sal doen van die begunstigdes van voornemende behuisingsontwikkelings, deur gebruik te maak van die behuisingsevalueringsmodel. Hierdeur word dan ook bepaal wat dié gemeenskappe se behoeftes en verwagtinge is ten einde seker te maak dat gemeenskappe van die regte tipe behuising en die regte tipe fasiliteite en dienste voorsien word.

Nadat die huise ontwikkel is, het menslike ekoloë ook 'n unieke bydrae te lewer in die beplanning en deurvoer van programme vir bemagtiging van gemeenskappe binne die behuisingskonteks. Menslike ekoloë het dikwels, deur die aard van hulle werk en hulle benadering, toegang tot individue in hulle gesinne op grondvlak (mikro- en interpersoonlike vlak). Hulle sien en verstaan egter ook die individue in wisselwerking binne 'n holistiese sisteem (makrovlak). Hulle het dus toegang tot en is werksaam binne die konteks van al drie die vlakke van individue soos geïllustreer deur die ekologiese-sisteemteorie. Menslike ekoloë se doel is bemagtiging; en diegene

wat aan behuisingsprojekte werk, het toegang tot al die vlakke, maar veral tot op makrovlak (waar die onbemaagte persoon dikwels nie toegang het nie). Menslike ekoloë kan ook individue en gesinne binne hulle gemeenskappe help met voorspraak en probleemoplossing, en deur hulle te leer om hulself te laat geld en lewensvaardighede aan te kweek om sodoende ook 'n verskil op die makrovlak te maak.

Menslike ekoloë kyk holisties na beide die individu en die gesin en fokus nie net op die behuisingsprobleem (fisiese) nie, maar spreek die probleem op 'n holistiese manier aan deur te kyk na al die sisteme wat die individu raak, en dan die bemagtiging van die teikengroep te fasiliteer. Menslike ekoloë, met hulle interdisiplinêre agtergrond, moet dus opgelei word om al hierdie rolle te kan vervul. Professionele menslike ekoloë met 'n breë kennis van huishoudings se behoeftes op verskillende terreine en die verskillende stadia in die gesinsiklus, sowel as hulle kennis van behuisingsaangeleenthede, is die mees aangewese persone om gesinne, individue en gemeenskappe te help om hulle eie lewenskwaliteit te verhoog, deur gebruik te maak van die bemagtigende benadering binne die sisteem-ekologiese perspektief. Menslike ekoloë kan dus die behuisingsevalueringsmodel as instrument gebruik om die verantwoordbaarheid ten opsigte van die toepassing van behuisingswetgewing in arm gemeenskappe te help verhoog.

### **5.3 AANBEVELINGS**

Ná oorweging van die gevolgtrekkings hierbo, word die volgende aanbevelings vir 'n verbeterde omgewing vir die Wesbank-gemeenskap, vir behuisingsonderrig en -opleiding van ander gemeenskappe, asook vir behuisingspraktisyns aangebied:

5.3.1 Opvoedingsprogramme in behuising moet op 'n deurlopende basis aan begunstigdes gebied word. Finansiële aspekte rakende behuising, byvoorbeeld behuisingssubsidies, behoort aandag te geniet sodat respondente insig kan verkry in die monetêre waarde van wat hulle ontvang het. As hulle oor hierdie inligting beskik, kan hulle moontlik groter verantwoordelikheid en eienaarskap neem en derhalwe hulle woonstrukture beter oppas en selfs verbeter.

5.3.2 Die ontwikkeling van gemeenskapsfasiliteite moet saam met die fisiese ontwikkeling van enige behuisingsontwikkeling plaasvind, sodat alle sosio-sielkundige, kulturele en sportontwikkeling terselfdertyd binne gemeenskappe kan plaasvind.

5.3.3 'n Ondersoek na alternatiewe behuisingstipes en/of -ontwerpe, boumateriaal, asook konstruksietegnieke, moet geloods word ten einde 'n geskikte produk te vind wat sal verseker dat die struktuur 'n bydrae tot die gesondheid van begunstigdes lewer, en ook aan die verskillende stadia van die lewensiklus voldoen.

5.3.4 Die regering sal ook maatreëls moet toepas om behuisingstandaarde strenger te monitor. Huise moet gemeet word aan vooropgestelde gehaltestandaarde, maar moet steeds beskikbaar wees teen 'n prys wat huissoekers en bewoners kan bekostig.

5.3.5 Bekostigbare en volhoubare behuising en dienste van goeie kwaliteit is noodsaaklik en die regering moet prosesse optimaal fasiliteer ten einde dit te bereik.

5.3.6 Die keuring van kontrakteurs moet deeglik geskied om te verseker dat die werk wat gelewer word van 'n aanvaarbare gehalte is, en dat die kontrakteur bevoeg is om die werk te kan doen. Belangrik ook is die monitering van werk wat gelewer word om gehalte en standaard te waarborg. Dit sal ook verdere verantwoordbaarheid van die kontrakteurs bewerkstellig.

#### **5.4 VERDERE NAVORSING**

Die volgende aanbevelings vir verdere navorsing, gebaseer op die bevindinge en gevolgtrekkings van die navorsing, word gemaak.

5.4.1 Resultate van die opname toon dat daar nie in al die behuisingsbehoefte van respondente voorsien is nie. Dit word dus aanbeveel dat die plaaslike regering en ontwikkelaars van lae-inkomstebehuising eers 'n volledige en deeglike opname van die begunstigdes van beoogde behuisingsontwikkelings sal doen.

Deur middel van die holistiese behuisingsevalueringmodel kan die resultate van sodanige opname 'n aanduiding gee van die aspekte wat deur middel van opvoedingsprogramme onder die aandag van begunstigdes gebring moet word.

5.4.2 Daar word aanbeveel dat die holistiese behuisingsevalueringmodel en die meetinstrument ook in ander areas en vir verdere navorsing toegepas word, en vergelykende profiele van gemeenskappe sodoende beslag kry.

5.4.3 Hierdie behuisingsevalueringmodel kan in ander gebiede met verskillende ekonomiese en inkomstevlakke toegepas word.

5.4.4. Die deelname van begunstigdes in enige behuisingsontwikkelingsproses moet aangemoedig word, aangesien dit hulle in staat stel om, in ooreenstemming met hulle eie aspirasies, volhoubare verbeteringe in hulle lewensgehalte aan te bring,

5.4.5 Die rol van menslike ekoloë in die fasilitering van die ontwikkeling van vaardighede vir moontlike mikro-ondernemings, moet verder ondersoek word. Die ontwikkeling van vaardighede kan lei tot die bemagtiging van individue met 'n lae-inkomste, sodat hulle minder afhanklik van staatstoelae sal wees en sodoende selfversorgend kan raak.

## BIBLIOGRAFIE

- Abrahams, A.A. 1998. Vergelyking tussen vorige en huidige behuisingsbeleide: rolspeleers, doelwitte en grondvlakgebeure. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- Adebayo, A. & Adebayo, P. 2001. Sustainable housing policy and practice: Reducing constraints and expanding horizons within housing delivery. *Journal of South African and American Comparative Studies* III(III).
- Adler, T. 2000. Reclaiming the city. The impact of the Johannesburg Housing Company. Referaat gelewer by die Urban Futures Conference. Johannesburg.
- Albertyn, R.M. 2005: Increased accountability through monitoring empowerment programmes. *Journal of Family Ecology and Consumer Science*, 33: 31-36.
- Albertyn, R.M., Kapp, C.A & Groenewald, C. 2002: Patterns of empowerment in individuals through the course of a life-skills programme in South Africa. *Studies in the Education of Adults*, 33(2): 180-200.
- Anderson, L.M., Shinn, C. & St. Charles, J. 2002. Community interventions to promote healthy social environments: Early childhood development and family housing. *Morbidity and Mortality Weekly Report*, 51: 1-8.
- Anoniem. 1998. In Maart 1998 IN 5,500 drome word bewaarheid. *Housing in South Africa* (Augustus): 24-32.
- Arnstein, S.R. 1969. A ladder of citizen participation. *AIP Journal* (Julie): 216-224.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The Practice of Social Research (South African Edition)*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Bailey, L., Firebaugh, F., Haley, E. & Nickols, S. (1993): Human ecology in higher education surviving beyond 2000. *Journal of Home Economics*, 85(3):3-10
- Baumann, T. 1998. South Africa's Housing Policy: Construction of Development or Development of Construction? Ongepubliseerde referaat gelewer by die The Politics of Economic Reform-konferensie gehou in Kaapstad op 16-18 Januarie 1998.
- Baumann, T. 2003. Housing policy and poverty in South Africa. In F. Khan & P. Thring (red), *Housing Policy and practice in post-apartheid South Africa*. Sandown: Heinemann.
- Baumann, T. & Mitlin, D. 2003. The South African Homeless People's Federation. Interesting in the poor. *Small Enterprise Development*, 14(1):32-41.
- Bernerbaum, S. 1995. Empowerment and the home economist. *Canadian Home Economics Journal*, 45(2):46-49.

Berner, E. & Phillips, B. 2003. Left to their own devices? Community self-help between alternative development and neoliberalism. Referaat gelewer by die jaarlikse N-Aerus-seminaar: Beyond the Neo-Liberal consensus on Urban Development: Other voices from Europe and the South. Parys.

Bernstein, A. 1989. South Africa's new city builders: informal settlers. *Optima*, 37(1): 18-23.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. *Fundamentals of Social Research Methods: An African Perspective*. 2de uitgawe. Kaapstad: Juta & Co. Ltd.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 2000. *Fundamentals of social research: An African perspective*. 3de uitgawe. Kaapstad: Zebra Publications.

Bloor, M., Frankland, J., Thomas, M., & Robson, K. 2001. *Focus Groups in Social Research*. Londen: SAGE Publications Ltd.

Blumenfeld, J. 1997. From Icon to Scapegoat: The Experience of South Africa's Reconstruction and Development programme. In Siebrits, F. (red). *Aspects of Development Economics* (2):736-763. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Bond, P. 2000. Cities of gold, township of coal: Essays on South Africa's new urban crisis. Trenton, N.J: Africa World Press.

Bond, P. 2003. The degeneration of urban policy after apartheid. In P. Harrison, M. Huchzermeyer & M. Mayekiso (reds.). *Confronting fragmentation: Housing and urban development in a democratising society*. Cape Town: UCT Press.

Boshoff, E. (ed). 1997. Focus and content of Home Economics in South Africa. *Journal of Dietetics and Home Economics*, 20(1):53-58.

Braaff, B.A. 1998. Perspectives on informal settlements: with special reference to the CMA. Ongepubliseerde Magister-tesis. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch.

Braubach, M. & Bonnefoy, X. 2003. Health and health perception in relation to housing and housing perception. Referaat gelewer by die World Health Organisation Conference on Healthy Housing: Promoting Good Health. Universiteit van Warwick.

Bronfenbrenner, U. 1977. Towards an Experimental Ecology of Human Development. *American Psychologist*. *American Psychological Association*. July. 513-531.

Brown, M. 1993. *Philosophical studies of Home Economics in the United States*. Michigan: Michigan State University.

Brown, V.J. 2003. Give me shelter: the global housing crisis. *Environmental Health Perspectives*, 111(2): 92(8).

Brown, M. & Paolucci, B. (1979): Home Economics. A definition. Washington. D.C.:



American Home Economics Association.

Brügge, K. 1996. Building the mandate: Developing housing policy. In Rust, K., & Rubenstein, S. (red). *A Mandate to build: Developing consensus around a national housing policy in South Africa*. Randburg: Raven Press.

Brynard, D.J. 1996. Planning the participatory approach. In Bekker, K. (red) *Citizens' participation in Local Government*. Pretoria: Van Schaik.

Bubolz, M. 1990. The family ecosystem: macro and micro environment. Referaat gelewer by die 1990-konferensie van die Society for Human Ecology. East Lansing. MN.

Bubolz, M. 1995. 'An Ecological Approach to Building the Smallest Democracy' in Vaines, E., Badir, D., Kieren, D. (reds) (1995) *People and Practice: International Issues for Home Economists*, Vol V, No 1.

Bubolz, M & Sontag, M.S. (1993): Human Ecology theory. In P. Boss, W. Doherty, R. LaRossa, W. Schumm, & S. Steinmetz, (eds) *Sourcebook of families theories and methods: A contextual approach*. New York: Plenum.

Bubolz, M.M. & Whiren, A. P. (1984): The Family of the Handicapped: an ecological model for policy and practice. *Family Relations*. January.

Budlender, D., Mokate, R., Rogerson, C. & Stravrou, A. 1998. Poverty and Equality. In May, J., & Williams, N. (reds). *Report of the executive Deputy President and the Inter-Ministerial Committee on Poverty and Inequality*. Pretoria. Suid-Afrikaanse Regering.

Burkey, S. 1993. *People First. A guide to self-reliant, participatory, rural development*. Londen: Zed Books.

Burkey, S. 1998. *People First. A guide to self-reliant, participatory, rural development*. Londen: Zed Books.

Caffarella, R.S. 1982. Identifying client needs. *Journal of Extension*, (Julie/Augustus): 5-11.

Charlton, S. & Kihato, C. 2006. Reaching the poor? An analysis of the influences on the evolution of South Africa's housing programme. In Pillay, U., Tomlinson, R. & du Toit, J. (reds). *Democracy & Delivery Urban Policy in South Africa*. Pretoria: HSRC Press.

Choguill, C.L. 1987. *New Communities for Urban Squatters. Lessons from the plan that failed in Khaka, Bangladesh*. New York: Plenum Press.

Clarke, A. & Dawson, R. 2000. *Evaluation Research. An Introduction to Principles, Methods and Practice*. Londen: SAGE Publications Ltd.



- Cloete, F. & Wissink, H.F. 2000. *Improving Public Policy*. Pretoria: Van Schaik.
- Cohen, C.S., Mulroy, E., Tull, T., White, C. & Crowley, S. 2004. Housing plus services: Supporting vulnerable families in Permanent Housing. *Child Welfare* LXXXIII (Sept/Okt).
- Connell, V.A. 2002. Urbanisation and Migration. Carving out Issues. [www.abc.net.au/ra/caring\\_out/issues/urbanisations.htm](http://www.abc.net.au/ra/caring_out/issues/urbanisations.htm) Gelees op 1/10/2002.
- Cornelissen, J.J. 2006. Professional Socialization of Family Ecology & Consumer Science Students at South African universities. Ongepubliseerde Doktorale proefskrif. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- Crofton, O.J. 1997. Housing Education and Training at Local Government Level: Provision and needs. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- CSIR. 1999. *The State of Human Settlements in South Africa 1994-1998* (Weergawe 3). Department of Housing.
- Daniels, D.V. 2000. Election promises and public policy: Never the twain shall meet? The case of Housing. Ongepubliseerde Magister-verhandeling. Universiteit van Wes-Kaapland, Kaapstad.
- Darkwa, I. 2005. Post-occupancy evaluation of state-subsidised housing units in Kayamandi, Stellenbosch. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- De Beer, F. & Swanepoel, H. 1994. Viewpoint: developing and using skills in community development to achieve the objectives of the Reconstruction and Development Programme. *Development Southern Africa*, 11(4): 629-631.
- De Beer, F. & Swanepoel, H. 1998. *Community Developmental and Beyond: Issues, structures and Procedures*. Pretoria: Van Schaik.
- Deacon, R.E. & Firebaugh, F.M. (1988): Family resource management. Boston MA: Allyn & Bacon.
- De Loor, J.H. 1992. Housing in South Africa – proposals on a policy strategy. Suid-Afrikaanse Behuisingsadviesraad. Taakgroep vir Nasionale Behuisingsbeleid en -strategie.
- Departement van Behuising. 2001. Housing. [www.housing.gov.za](http://www.housing.gov.za). Gelees op 23/04/2003.
- Departement van Behuising. 2002a. Housing. [www.housing.gov.za](http://www.housing.gov.za). Gelees op 8/06/2005.
- Departement van Behuising. 2002b. Housing Subsidy Scheme. [www.housing.gov.za](http://www.housing.gov.za). Gelees op 8/06/2005.

Departement van Behuising. 2004. Breaking new Ground. [www.housing.gov.za](http://www.housing.gov.za). Gelees op 15/07/2007.

Desprès, C. 1991. The meaning of home: literature review and directions for future research and theoretical development. *The Journal of Architectural and Planning Research*, 8(2): 96-109.

De Silva, V. 2002. Creating quality neighbourhoods in low cost public housing in Sri Lanka. [www.hdm.lth.se](http://www.hdm.lth.se). Gelees op 05/09/2003.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, E. & Schurink, W. 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: Van Schaik.

Dewar, D. 1988. Towards a housing framework. Urban Problems Research Unit, Working Paper no. 39. Universiteit van Kaapstad, Kaapstad.

Dewar, D. 1999. Housing challenges of the future. *Housing in Southern Africa*, (Desember) 6-7.

De Wet, N.P. 1997. Beplanning van informele nedersettings met spesifieke verwysing na die opgraderingsproses. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Diesendorf, M. 2000. Sustainability and sustainable development. In Dunphy, D., Benveniste, J., Griffiths, A., & Sutton, P. (reds) *Sustainability: The Corporate Challenge of the 21<sup>st</sup> Century*. St. Leonards, NSW: Allen & Unwin.

Dinham, A. 2005. Empowered or over-powered? The real experiences of local participation in the UK's New Deal for Communities. *Community Development Journal*, 40(3):301-312.

Dunn, J.R. 2002. *A population health approach to Housing: a framework for research*. Ottawa: National Housing Research Committee and Canada Mortgage and Housing Corporation.

Dye, T.R. 1987. *Understanding Public Policy*. Sesde uitgawe. New York: Prentice-Hall.

Erasmus, V.W.H. 2000. Administrative support services for community participation in the IDP: A case study of the Oostenberg Municipality. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Esman, M. J. 1991. *Management dimensions of development: perspectives and strategies*. West Hartford, Connecticut: Kumarian Press.

Family and Consumer Sciences at Western Michigan University: Preparing students for the New Millennium. Undated. White Paper prepared by faculty in the Department of Family and Consumer Sciences. [www.mich.edu](http://www.mich.edu). Gelees op 24/04/2007.

Ferreira, G.M., Van Wyk, W.J. & Odendaal, M. 1994. Public Administration (Honours). Only study guide for HURAN (Government and urbanization). Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Fowler, A. 1994. Development, democratization, and NGOs in development and democracy. Johannesburg: Urban Foundation.

Gillis, M., Perkins, D.H., Roemer, M. & Snodgrass, D.R. 1996. *Economics of Development*. Vierde uitgawe. New York: W.W. Norton & Company.

Goldsmith, E. (1996): Resource Management for individuals and families. Minneapolis: West Publishing.

Granruth, L.B. & Smith, C.H. 2001. "Low income housing and service programs: Towards a new perspective." National Low Income Housing Coalition, Washington, DC.

Greenberg, S. 2003. *Power and politics in the shaping of rural development in post-apartheid South Africa. Development update*. Braamfontein: Interfund.

Griffore, R.J. & Phenice, L.A. 2004. Decision Making for Environmental Justice: a Human Ecological Perspective. *American Association of Behavioural Social Science Online Journal*.

Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996. *Staatskoerant*. Kaapstad: Staatsdrukker.

Guba, E.G. & Lincoln, Y.S. 1989. *Fourth generation evaluation*. Londen: SAGE Publications, Inc.

Gusler, F. 2000. 'Toilets in the Veld': Similarities in the Housing Policy of the New South Africa and the former Apartheid State. Ongepubliseerde Magister-tesis. Virginia Polytechnic Institute and State University, Virginia.

Hall, I. & Hall, D. 2004. *Evaluation and social research. Introducing small-scale practice*. New York: Palgrave Macmillan.

Harpham, T. & Tanner, M. 1995. *Urban health in developing countries: progress and prospects*. Londen: Earthscan.

Harding, D. 1994. *From global to local: issues and challenges facing NGOs*. Olive Organisation Development & Training, Durban.

Harriot, S. & Matthews, L. 1998. *Social Housing. An introduction*. Londen: Addison Wesley Longman Limited.

Hedding, T. 1999: Urbanisation – An Environmental Crisis. *Environmental Education Bulletin* (Nr. 3, Maart).

Hellberg-Phillips, A. 2000. Towards the right to adequate housing – the application of a 'Rights-Based Approach' to sustainable development. *Strategies for a Sustainable Built Environment* [www.sustainablesettlement.co.za](http://www.sustainablesettlement.co.za). Gelees op 30/07/2006.

Herandien, C. 1999. "The Western Cape: An Holistic Approach to Housing. International Federation for Housing and Planning." Cape Metropolitan Conference, Kaapstad.

Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP). 1994. *Staatskoerant*. Kaapstad: Staatsdrukker.

Hogg, G. 1998. Managing Community Participation in Health and Welfare Service Delivery. *Focus Forum*, 6(1):23-27.

Hook, N. & Paolucci, B. 1970. The family as an ecosystem. *Journal of Home Economics*, 62, 315-318.

Hope, K.R. & Lekorwe, M.H. 1999. Towards a managed framework for the sustainability of cities. Urbanization and the environment in Southern Africa. *Urban Forum*, 10(3): 837-855.

Huitt, W. 2004. Maslow's hierarchy of needs. *Educational Psychology Interactive*. Valdosta State University. <http://chiron.valdosta.edu/whuitt/col/regsys/maslow.html>. Gelees op 31/08/2006.

Huchzermeyer, M. 2001. Housing for the poor? Negotiated housing policy in South Africa. *Habitat International*, 25: 303-331.

Huchzermeyer, M. 2003. A legacy of control? The Capital Subsidy and Informal Settlement interventino in South Africa. *International Journal of Urban and Regional Research*, 27(3):591-612.

Irurah, D. & Boshoff, B. 2003. An interpretation of Sustainable Development and Urban Sustainability in Low-cost Housing and Settlements in South Africa. In Harrison, P., Huchzermeyer, M. & Mayekiso, M. (reds) *Confronting Fragmentation: Housing and Urban Development in a Democratising Society*. Cape Town: UCT Press.

Ivanitskaya, L., Clark, D., Montgomery, G. & Primeau, R. 2002. Interdisciplinary learning: process and outcomes. *Innovative Higher Education*, 27(2):95-111.

Jackson, N. & Southers, C.L. 1993. Housing and Family well-being: a classroom approach to examining resource availability. *Journal of Home Economics*, 85(2):15-25. (Somer).

Janse van Rensburg, H. (red). 1994. *South African Yearbook 1995*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens.

Jenkins, P. 1999. Difficulties Encountered in Community Involvement in Delivery under the New South African Housing Policy. *Habitat International*, 23(4): 31-446.

Jeppe, W.J.O. 1985. *Community Development: An African rural approach*. Afrika-instituut van Suid-Afrika, Pretoria.

Jeppe, W.J.O. 1992. "Die ontwikkelingsrol van Nie-Regerings Organisasies [sic] (NGOs)." Departement Ontwikkelingsadministrasie. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Kaapse Metropolitaanse Raad (KMR). 1999. *Metropolitan Spatial Development Framework for the Cape Metropolitan Area*. Statutory MSDF. Ongepubliseerde verslag.

Kaapstad Stadsraad. 1999. *Cape Metropolitan Newspaper* 1 (Junie).

Key, R. & Firebaugh, F. 1989. Family resource management: Preparing for the 21st century. *Journal of Home Economics*, 81(1):13-17.

Khan, F. & Ambert, C. 2003. Voorwoord. In Khan, F., & Thring, P. (reds) *Housing Policy and practice in post-apartheid South Africa*. Sandown: Heinemann.

Kiangi, A.N. 1998. *Habitat and Health in Kayamandi*. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Kok, P.C. & Gelderblom, D. 1994. *Urbanisation: South Africa's challenge*. Pretoria: RGN.

Kothari, Verenigde Nasies se spesiale verslaggewer. [www.choike.org](http://www.choike.org) Gelees op 3/01/2004.

Krueger, R.A. 1994. *Focus groups: a practical guide for applied research*. Tweede uitgawe. Londen: SAGE Publications, Inc.

Krueger, R.A. & Casey, M.A. 2000. *Focus groups: a practical guide for Applied Research*. Derde uitgawe. Londen: SAGE Publications, Inc.

Lahiri-Dutt, K. 2004. 'I plan, you participate': A southern view of community participation in urban Australia. *Community Development Journal*, 39(1):13-27.

Laloo, K. 1999. Arenas of Contested Citizenship: Housing Policy in South Africa. *Habitat International*, 23(1):35-47.

Lawrence, R.J. 2004. Housing and Health: From Interdisciplinary Principles to Professional Practice. *Futures*, 36: 1-18.

Lemon. A. 1991. *Homes Apart; South Africa's Segregated Cities*. Londen: Paul Chapman Publishing.

Lerner, R. M., Miller, J.R. & Ostrom, C.W. 1995. Integrative knowledge, accountability, access, and the American university of the twenty-first century: A

family and consumer sciences vision of the future of higher education. *Kappa Omicron Nu Forum*, 8(1):11-27.

Letompa, B.I. 2002. Housing Delivery in the Western Cape Province of South Africa: A Comparative study of Langa and Mfuleni Townships. Ongepubliseerde Magister-verhandeling. Universiteit van Wes-Kaapland, Kaapstad.

Lohse, U.W. 2002. Evaluating Housing finance initiatives for low-income groups in Sub-Saharan Africa. Referaat gelewer by die ENHR Conference on Housing and Urban Development for Low-Income Groups in Sub-Saharan Africa.

Lombard, W. 1998. The NGO sector in South Africa: Their role in Housing Education and Training. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Lombard, W. & Van Wyk, A.S. 2001. The Housing Development NGOs offering Housing Education and training programmes in South Africa. *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences*, 29:28-36.

Mackay, C.J. 1996. The development of Housing Policy in South Africa in the Post-Apartheid period. *Housing Studies*, 11(1):133.

Manathunga, C., Lant, P. & Mellick, G. 2006. Imagining an interdisciplinary doctoral pedagogy. *Teaching in Higher Education*, 11(3):365-379.

Mansuri, G. & Rao, V. 2004. Community-based and -driven Development: A Critical Review. *The World Bank Research Observer*, 19(1):1-39.

Marlow, C. 1993. *Research methods for generalist social work*. Pacific Grove, Kalifornië: Brooks/Cole.

Marsh, A. 1999: Housing and Health: the nature of the connection. [www.radstats.org.uk](http://www.radstats.org.uk). Gelees op 21/07/2006.

Massey, O.T. 1996. *Evaluating human resource development programmes: a practical guide for public agencies*. Massachusetts: Allyn & Bacon.

Max-Neef, M. 1991. *Human scale development – conception, application and further reflection*. Londen: Apex Press.

Mayo, S.K. 1993. "South African Housing Sector Performance in International Perspective." *Proceedings of the 21<sup>st</sup> IAHS World Housing Congress*, 3:1219-1237.

McGranahan, G. 1993. Household environmental problems in low-income cities: an overview of problems and prospects for improvement. *Habitat International*, 17(2):105-121.

McGregor, S.L.T. 1997. The impact of different paradigms on Home Economics practice. *Journal of Home Economics Institute of Australia*, 4(3):23-33.



McGregor, S.L.T. 1997. Envisioning our collective journey into the next millenium. *Journal of Home Economics Education*, 35(1):26-38.

McGregor, S.L.T. 2004. The nature of transdisciplinary research and practice. Human Sciences working papers archive. Kappa Omnicron Nu Leadership Academy. [www.kon.org](http://www.kon.org). Gelees op 20/02/2007.

McGregor, S.L.T. 2006. Sustaining Home Economics in the 21<sup>st</sup> Century: Root System as Metaphor. Keynote Address. First International Home Economics Congress Sustainable Development and Quality of Life. Ankara Üniversitesi, Ev. Ekonomisi Yüksekokulu Ankara, Türk ye.

McGregor, S.L.T. 2007. Consumer scholarship and transdisciplinarity. *International Journal of Consumer Studies*, Journal Compilation. Blackwell Publishing Ltd.

McNeill, P. 1985. *Research Methods*. Londen: Tavistock Publications.

Merg, A. 1993. Making Democracy work – a framework for macroeconomic Policy in South Africa. Ongepubliseerde Magister-verhandeling. Universiteit van Wes-Kaapland, Kaapstad.

Meyer, I.H. 1989. Beleidsinhoudsanalise van behuising in Suid-Afrika 1970-1983. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Meyer, I.H. 1997. Low-cost housing under the Mandela administration. In Liebenberg, S & Steward, P (reds). *Participatory Development Management and the RDP*. Kaapstad: Juta.

Meyer, I.H. 1998. Theoretical Perspectives on low-cost housing. Referaat gelewer tydens 'n Behuisingsbeleid- en Bestuurskursus, 24-28 Augustus. Skool vir Publieke Administrasie, Bellville, Universiteit van Stellenbosch.

Meyer-Weitz, A. 1998. Health Promotion: vital link in sustainable development. *Focus Forum*, 6(1):1929.

Mfalatsane, P.M. 1999. Community Development and housing in the rural North-West Province. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Miraftab, F. 2003. The Perils of Participatory Discourse: Housing Policy in Postapartheid South Africa. *Journal of Planning Education and Research*, 22:226-239.

Mmakola. M.D. 2000. Housing in Ivory Park. A critical assessment. Ongepubliseerde Magister-tesis in Publieke Administrasie. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Mokhobo, D. 1996. The challenging road ahead for people: growth and development. In APJ Burger, F Theron & Van Rooyen (reds.). *Challenges in Change*. Skool vir Publieke Administrasie, Bellville, Universiteit van Stellenbosch.

- Moser, C. 1995. Urban social polity and poverty reduction. *Environment and Urbanization*, 7(1):159-171.
- Mouton, J. 2001. *How to succeed in your Master's and Doctoral studies. A South African Guide and Resource Book*. Pretoria: Van Schaik.
- Mtembi-Mahanyele, S. 2001. "Budget Speech by the Minister of Housing. National Assembly." [www.gov.za](http://www.gov.za). Gelees op 11/05/2001.
- Mtembi-Mahanyele, S. 2002. "Keynote address by the Minister of Housing at the Sustainable Environment Conference: Some perspectives on sustainable built environments in Africa." Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg. [www.gov.za](http://www.gov.za). Gelees op 10/01/2002.
- Napier, M. 1998. Core housing and residents' impacts. Personal experiences of incremental growth in two South African settlements. *TWPR*, 20(4):391-417.
- Narsoo, M. 2000. "Critical policy issues in the emerging housing debate". Referaat gelees by die Urban Futures 2000 Conference. Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.
- Nasionale Behuisingskode. 2000. Departement Behuising. [www.gov.za](http://www.gov.za). Gelees op 15/03/07.
- Neuman, W.L. 2000. *Social Research Methods. Qualitative and Quantitative approaches*. Vierde uitgawe. Boston: Pearson Education, Inc.
- Neuman, W.L. 2003. *Social Research Methods. Qualitative and Quantitative approaches*. Vyfde uitgawe. Boston: Pearson Education, Inc.
- Neutens, J.J. & Robinson, L. 1997. *Research techniques for the Health Sciences*. Tweede uitgawe. Londen: Allan & Bacon.
- Nickols, S.Y. 2003. Human Eco-System Theory: A tool for working families. *Journal of Family and Consumer Sciences*, 95(2):5-12.
- Nicolescu, B. 1997. The Transdisciplinary evolution of the university condition for sustainable development. [www.nicol.club.fr/ciret/bulletin/b12/b12c8.htm](http://www.nicol.club.fr/ciret/bulletin/b12/b12c8.htm). Gelees op 18/02/2007.
- Nicolescu, B. 2005. Towards Transdisciplinary Education and Learning. Paper prepared for "Science and Religion: Global Perspectives" in Philadelphia, PA, USA. A program for the Metanexus Institute. [www.metanexus.net](http://www.metanexus.net). Gelees op 12/06/2007
- Nxumalo-Nhlapo, M. 1998. A New Voice – the new Director General of Housing speaks out. *Housing in Southern Africa*, (Maart/April): 9-10.
- Oakley, P. 1991. *Projects with People: The Practice and Participation in Rural Development*. Geneve: International Labour Office.



Oakley, P. & Marsden, D. 1991. *Projects with People: The Practice and Participation in Rural Development*. Geneva: International Labour Office.

O'Sullivan, E. & Rassel, G.R. 1989. *Research methods for Public Administrators*. New York: Longman.

Page, N. & Czuba, C.E. 1999. Empowerment: What is it? *Journal of Extension*, 37(5):106.

Paul, S. 1987: *Community Participation in Development Projects: The World Bank Experience*. Washington: World Bank.

Patton, M.Q. 1986. *Utilization-Focused Evaluation*. Beverly Hills: SAGE publications.

Patton, M.Q. 1990. *Qualitative evaluation and Research Methods*. Tweede uitgawe. Kalifornië: SAGE publications Inc.

Penderis, S.P. 1996. Informal settlements in the Helderberg basin: People, place and community participation. Ongepubliseerde Magister-tesis. Unversiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Pillay, U., Tomlinson, R. & Du Toit, J. 2006. Introduction. In *Democracy and delivery: urban policy in South Africa*. Pillay, U., Tomlinson, R. & Du Toit, J. (reds). Kaapstad. HSRC Press.

Provinsiale Ontwikkelingsraad van die Wes Kaap. 2002. "Integrated Development Planning and Urban Renewal in Cape Town." Besprekingsdokument. Ongepubliseer. Public Service Commission. 2003. "Report on the Evaluation of the national Housing Subsidy Scheme." Pretoria.

Ranson, R. 1991. Healthy Housing: A practical guide. *Published on behalf of the World Health Organization Regional Office for Europe*. Londen: Chapman & Hall.

Rosnow, R.L. & Rosenthal, R. 1999. *Beginning behavioural research*. Upper Saddle River, New Jersey: Prentice Hall.

Rust, K. 2003. No short cuts: South Africa's progress in implementing its housing policy 1994-2002. Johannesburg: Institute for Housing of Southern Africa.

Rust, K. & Rubenstein, S. 1996. A Mandate to Build. Developing consensus around a national housing policy in South Africa. Johannesburg: Ravan Press.

San Francisco Department of Public Health. 2004. Unaffordable Housing: The Costs to Public Health. *Program on Health, Equity, and Sustainability*. [www.dph.sf.ca.us/ehs](http://www.dph.sf.ca.us/ehs). Gelees op 16/06/2006.

Satterthwaite, D. 1993. The impact of health on urban environment. *Environment and Urbanisation*, 5(2): 87-111.

Scholand, M. & Tubeni-Ndzube, B. 1999. Environmentally sound low cost housing. *Electrical Energy Conference*. [www.ctech.ac.za](http://www.ctech.ac.za). Gelees op 24/08/2003.

Schutte, D.W. s.a (a). "Fokusgroepe as Data-insamelingstegniek." (Konsep). Ongepubliseerde verslag.

Schutte, D.W. s.a. (b) "Notes on the dendrogram technique for the development of questionnaires." UNISEARCH-navorsingskonsultante, Strand.

Schutte, D.W. 2002. Persoonlike kommunikasie met navorsingskonsultant en statistikus. UNISEARCH-navorsingskonsultante, Strand.

Silverman, D. 2001. *Interpreting Qualitative data. Methods for analyzing talk, text and interaction*. Tweede uitgawe. Londen: SAGE Publications Ltd.

Smit, W. 2000. The impact of the transition from informal housing to formalized housing in low-income housing projects in South Africa. Rereraat gelewer by die Nordic Africa Institute Conference on the Formal and Informal City – What happens at the Interface? Copenhagen.

Smit, W. 2003a. No Place like home. Housing Rights. [www.csls.org.za](http://www.csls.org.za). Gelees op 10/08/2003.

Smit, W. 2003b. Housing Finance Policy in South Africa. Development Action Group for the Urban Sector Network. [www.dag.org](http://www.dag.org). Gelees op 26/03/07.

Smit, W. 2004. The problem of inadequate subsidized housing in South Africa. Urban Sector Network.

Sowman, M. & Urquhart, P. 1998. A Place called Home. Environmental issues and low-cost housing. Kaapstad: University of Cape Town Press.

Stage, S. & Vincenti, E.L. 1997. Rethinking Home Economics. Women and the history of the Profession. Itchaca: Cornell University Press.

Stedelike Ontwikkelingsraamwerk. 1997. *Staatskoerant*. Kaapstad: Staatsdrukker.

Suid Afrikaanse Jaarboek 2003/04. Departement van Behuising. [www.gov.za](http://www.gov.za). Gelees op 23/04/2004.

Swanepoel, H. 1992. Community Development. Putting plans into action. Tweede uitgawe. Kaapstad: Juta.

Swanepoel, H. 1997. Community Development. Putting plans into action. Derde uitgawe. Kaapstad: Juta.

Sydow, M. 1993. A normative stage model for Housing Policy. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Taylor, J. 2006. Country Diagnostic Paper: South Africa. International Union for Housing Finance. [www.housingfinance.org](http://www.housingfinance.org). Gelees op 12/04/2007.

The UN Committee on Economic, Cultural and Social Rights. 1992. General Comment No. 4 – Sixth session 1991, Un Doc E/ 1992. [www.housing.gov.za](http://www.housing.gov.za): Gelees op 4/04/2001.

The World Health Organization 2002. The World Health Report 2002 – reducing risks, promoting health life. Geneva.

The World Health Organization 2004. Review of evidence on housing and health. Fourth Ministerial Conference on Environment and Health. Background Document No. 5046267. Geneve.

Theron, F. & Barnard, D. 1997. Participation and Development Planning. In Liebenberg, S & Stewart, P (reds). *Participatory Development Management and the RDP*. Kaapstad: Juta.

Todaro, M.P. 1994. *Economic Development*. Vyfde uitgawe. New York: Longman.

Todes, A. 2003. Housing integrated urban development and the compact city debate. In Harrison, P., Huchzermeyer, M. & Mayekiso, M. (reds) *Confronting fragmentation: Housing and urban development in a democratising society*. Cape Town: UCT Press.

Tomlinson, M.R. 1998. South Africa's new housing policy. An assessment of the first two years, 1995-96. *International Journal of Urban and Regional Research*, 22(1): 137-146.

Tomlinson, M.R. 1999. From rejection to resignation: Beneficiaries's views on the South African Government's New Housing Subsidy system. *Urban Studies*, 36(8):1349-1359.

Trzcinski, E. 1995. An Ecological Perspective on Family Policy: A conceptual and Philosophical framework. *Journal of Family and Economic Issues*, Spring. 16(1):7-33.

Vaines, E.L. 1980. Home Economics: A Definition. A summary of the Brown and Paolucci paper and some implications for Home Economics in Canada. *Canadian Home Economics Journal*, 30(2):111-114.

Vaines, E.L. 1993. An empowerment orientation for home economics. *Home Economics Forum*, Spring. 21-25/29.

Van Rensburg, N.E.J., Botes, L.J.S. & De Wet, M. 2001: Upgrading and low-income housing initiatives: indicating their value to the people of Freedom Square, Bloemfontein. *Development Southern Africa*, 18(1):107-114.

Wet op Behuising. 107 van 1997. *Staatskoerant*. Kaapstad: Staatsdrukker.

White, L.G. 1987. *Creating opportunities for change approaches to managing development programmes*. Londen: Lynsee Reinner.

Wilkinson, P. 1998: Housing Policy in South Africa. *Habitat International*, 22(3): 215-229.

Williams, P. 1998. The Costs of Children - Impacts on Family Decision-making. Changing families, challenging futures. 6th Australian Institute of Family Studies Conference. Melbourne.


Winston, A. J. & Turner, C. J. 2001. Technical elements of a housing structure: the effects of elements on everyday life. [www.ourworld.org.htm](http://www.ourworld.org.htm). Gelees op 5/08/2005.

Witskrif oor Behuising. 1994. A New Housing Policy and Strategy for South Africa. *Staatskoerant*. Pretoria: Staatsdrukker.

Wyngaard, D.A.C. 2002. Evaluating the provision of low cost housing in the context of Developmental Local Government: The case of Wesbank. Ongepubliseerde Magister-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Wyngaard, D.A.C. & Theron, F. 2004. The provision of low-cost housing in the context of Developmental Local Government: The Wesbank Project. *Africanus*, 34(2): 45-64.

Zack, T. & Charlton, S. 2003. Better but ... Beneficiaries' perceptions of government's housing subsidy scheme. Housing Finance Resource Programme Occasional Paper No.12. Johannesburg: Housing Finance Resource Programme.



# ADDENDA



**ADDENDUM A**  
**BRIEF AAN PROFESSIONELE BEHUISINGKUNDIGE**

(Die brief is nie geredigeer nie om die integriteit van die oorspronklike dokument te bewaar.)





**UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE**

Private Bag X17 BELLVILLE 7535 South Africa Telegraph:

UNIBELL

Telephone: 27 021 959-2760 Fax: 27 021 959-3686

*HUMAN ECOLOGY en DIETETICS*

---

Dept. Verbruikerswetenskappe

Universiteit van Stellenbosch

Stellenbosch

7600

14 Maart 2005

Geagte Heer/Dame



**EVALUERING VAN VRAELYS**

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

Ek is tans ingeskrewe PhD student aan die Universiteit van Wes-Kaapland. My fokus is op individue in gemeenskappe se mening/gevoel oor gesonde behuising. As deel van die toetsing vir geldigheid van my vraelys is ek genoop om drie deskundiges in die gebied van Behuising te nader ten einde my vraelys te evalueer om genoemde aspek te bevestig.

Ek nader u dus in hierdie verband en sal graag wou weet of u gewillig sou wees om my vraelys krities te evalueer. Ek vertrou op u kundigheid om insae te lewer ten einde my meetinstrument te kan verfyn.

Ek beplan om my veldwerk in die tweede kwartaal van stapel te stuur en wil dus hiermee vra of u dit so spoedig moontlik aan my terug kan besorg.

Ingesluit vind ook die volgende dokumente:

- Vraelys
- Teoretiese model

- Tabel met koppeling tussen stellings op vraelys en konsepte op teoretiese model

By voorbaat dank

Die Uwe

C J ERASMUS

[cjerasmus@uwc.ac.za](mailto:cjerasmus@uwc.ac.za)

Tel: 988 – 1989 (h)

959 - 2456 (w)

Sel: 083 – 441 – 8034





## **ADDENDUM B**

### **GESTRUKTUREERDE VRAELYS**

(Die vraelys, soos aangeheg, verskyn in die formaat waarop dit aan respondente voorgelê is. Die vraelys is nie geredigeer nie ten einde die herhaalbaarheid van die studie te verseker.)



**UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE  
UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND**



**GEMEENSKAPSVRAELYS**

Die Universiteit van Wes-Kaapland is tans besig met ondersoek na die rol van en die impak wat behuisingsontwikkeling in die daarstelling en/of skepping van gesonde behuising het.

Omdat die navorser van 'n steekproef gebruik maak, is u insette van kardinale belang vir die ondersoek om in sy doel te slaag. Alle respondente is anoniem en die navorser en onderhoudvoerder onderneem om geen inligting wat u verskaf aan enigiemand bekend te stel anders as vir die doeleindes van statistiese verwerking nie.

Daar is ook geen regte of verkeerde antwoorde nie. Ons stel slegs belang in u eerlike mening.

Dankie dat u bereid is om aan die ondersoek deel te neem.

**TOESTEMMING:**

Ek is bereid om deel te neem aan hierdie navorsing met die wete/kennis dat die vraelys anoniem en vertroulik hanteer sal word.

Handtekening: .....

Datum.....

**Omkring die syfer teenoor die antwoord wat die meeste met u inligting/gevoel/ervaring ooreenstem.**

1. Geslag

Vroulik	1	<input type="checkbox"/>
Manlik	2	<input type="checkbox"/>

2. Wat is u ouderdom?

16 – 20	1	<input type="checkbox"/>
21 – 30	2	<input type="checkbox"/>
31 – 40	3	<input type="checkbox"/>
41 – 50	4	<input type="checkbox"/>
51 – 64	5	<input type="checkbox"/>
65 en ouer	6	<input type="checkbox"/>

3. Wat is u huidige huwelikstatus?

Getroud	1	<input type="checkbox"/>
Ongetroud	2	<input type="checkbox"/>
Geskei	3	<input type="checkbox"/>
Woon saam	4	<input type="checkbox"/>
Weduwee/Wewenaar	5	<input type="checkbox"/>
Ander (spesifiseer)	6	<input type="checkbox"/>
.....		<input type="checkbox"/>

4. Watter taal praat u meestal by die huis?

Afrikaans	1	<input type="checkbox"/>
Engels	2	<input type="checkbox"/>
Afrikaans/Engels	3	<input type="checkbox"/>
Xhosa	4	<input type="checkbox"/>
Ander (spesifiseer)	5	<input type="checkbox"/>
.....		<input type="checkbox"/>

5. Met watter etniese groep assosieer u uself die meeste?

Swart	1	<input type="checkbox"/>
Indiër	2	<input type="checkbox"/>
Kleurling	3	<input type="checkbox"/>
Wit	4	<input type="checkbox"/>
Ander (spesifiseer)	5	<input type="checkbox"/>
.....		<input type="checkbox"/>

6. Wat is u hoogste opvoedkundige kwalifiasie/opvoedingspeil.

Geen	1	
Gedeeltelik primêr (Gr. 1-6)	2	
Volledige primêr (Gr. 7)	3	
Gedeeltelik sekondêr (Gr. 8-11)	4	
Volledige sekondêr (Gr. 12)	5	
Kollege	6	
Tegniese college	7	
Technikon	8	
Universiteit	9	
Ander (spesifiseer)	10	
.....		

7. Wie in die huishouding verdien almal 'n inkomste en wat die verskillende bronne van die inkomste?

Verwantskap	Ja	Nee	Formele sektor	Informele sektor	Eie besigheid	Staats-toelaag/Pensioen	Onge-Skiktheid-pensioen	Kinder-toelaag	Huur/losies	Ander
Man	1	2	1	2	3	4	5	6	7	8
Vrou	1	2	1	2	3	4	5	6	7	8
Tante/Oom	1	2	1	2	3	4	5	6	7	8
Een of meer van die kinders	1	2	1	2	3	4	5	6	7	8
Ander (spesifiseer)	1	2	1	2	3	4	5	6	7	8
.....										
...										

9. Het u vaste inkomste

Ja	1	
Nee	2	

9.1 Indien ja, Hoe word u betaal?

Maandeliks	1	
Weekliks	2	
Daagliks	3	
Ander (spesifiseer)	4	
.....		

10. Wat is die huishouding se totale/gesamentlike inkomste?

Per week	=	Per maand	=	Per jaar	
0 - R 500	=	0 - R2 165	=	0 - R26 000	1
R 501 - R 600	=	R2 166 - R2 600	=	R26 001 - R31 200	2



14.1 Wat is oor die algemeen die gehalte daarvan?

Baie goed	1
Goed	2
Swak	3
Baie swak	4


15. Is u oor die algemeen tevrede met die grootte van u woning?

Ja	1
Nee	2


Motiveer u antwoord:

.....

.....

--

15.1 Indien nee, wat doen u daaromtrent?

.....

.....

--

16. Is u tevrede met die kwaliteit van u woning?

Ja	1
Nee	2


16.1 Motiveer u antwoord:

.....

.....

--

16.2 Indien nee, wat doen u daaromtrent?

.....

.....

--

17. Beskou u u woning as ...

Beskou woning as...	Ja	Nee
17.1 Bron van inkomste/broodwinning	1	2
17.2 U eiendom	1	2
17.3 Ekonomiese belegging/aanwins	1	2
17.4 Bekostigbaar vir u sak	1	2
Ander (spesifiseer)	1	2
.....		


18. Het u enige huurders op u perseel?

Ja	1
Nee	2


**Indien Nee, gaan na Vraag 19**

18.1. Indien Ja, waar slaap die loseerders?

In die hoof huis	1
Aangeboude gedeelte aan hoof huis	2


Los struktuur agter die hoof huis	3	<input type="checkbox"/>
-----------------------------------	---	--------------------------

18.2. Indien in aangeboude of los struktuur, het u dit self aangebring/gebou?

Ja	1	<input type="checkbox"/>
Nee	2	<input type="checkbox"/>

18.3. Waaruit bestaan die gebou/struktuur?

.....

18.4 Hoeveel huur vra u per maand?

.....

18.5 Watter water en toiletgeriewe gebruik u huurders?

Eie toilet	1	<input type="checkbox"/>
Buite toilet	2	<input type="checkbox"/>
Hoofhuis se toilet	3	<input type="checkbox"/>

19. Om watter rede dink u sal iemand u uit die huis kan sit?

.....

20. Hou u baie, min of glad nie van die woonomgewing in Wesbank nie?

Baie	Min	Glad nie	<input type="checkbox"/>
1	2	3	<input type="checkbox"/>

21. Voel u oor die algemeen baie veilig, veilig onveilig of baie onveilig in Wesbank as woonomgewing?

Baie veilig	Veilig	Onveilig	Baie onveilig	<input type="checkbox"/>
1	2	3	4	<input type="checkbox"/>

22. Watter van die volgende twee keuses sou u in Wesbank verkies?

Groter huise maar nie so mooi nie	1	<input type="checkbox"/>
Kleiner huise maar mooier?	2	<input type="checkbox"/>

22.1 Waarom?

.....

23. Voldoen u behuising in groot mate, geringe mate of glad nie aan u familie se basiese behoeftes (slaap, eet, rus) nie?

Groot mate	Geringe mate	Glad nie	<input type="checkbox"/>
1	2	3	<input type="checkbox"/>

23.1 Motiveer u antwoord:

.....

24. Was u huis al ooit deur wind of reën beskadig?

Ja	1	<input type="checkbox"/>
Nee	2	<input type="checkbox"/>

24.1 Indien ja, wat het gebeur?

.....

25. Ervaar julle enige probleme gedurende die wintermaande?

Ja	1
Nee	2

<input type="text"/>
<input type="text"/>

Indien Ja, watter tipe probleem/probleme?

.....

.....

.....

25.2 Watter tyd van die jaar kom dit die meeste voor?

.....

26 Indien u dink aan u vorige woonplek, in watter mate dra hierdie woning by tot beter gesondheid vir u gesin?

26.1 Verduidelik

.....

27. Word u woning van die volgende dienste voorsien?



Dienste	Ja	Nee
27.1 Water	1	2
27.2 Elektrisiteit	1	2
27.3 Riool/Sanitasie	1	2
27.4 Vullisverwydering	1	2

<input type="text"/>
<input type="text"/>
<input type="text"/>
<input type="text"/>

28. Is die volgende fasiliteite vir u oor die algemeen toeganklik of ontoeganklik indien u daarvan gebruik wou maak?

<i>Fasiliteit</i>	Toe-ganklik	Ontoe-ganklik	Indien ontoeganklik: Rede			
28.1 Primêre skole	1	2	.....			
28.2 Sekondêre skole	1	2	.....			
28.3 Openbare vervoer (treine, taxi's, ens)	1	2	.....			
28.4 Dagskool of kleuterskool	1	2	.....			
28.5 Ontspanningsfasiliteite bv. Gemeenskaps sentrum	1	2	.....			
28.6 Kulturele fasiliteite soos kerke, moskees	1	2	.....			



28.7 Sportgeriewe	1	2	.....		
28.8 Hospitaal/ daghospitaal	1	2	.....		
28.9 Gesinskliniek	1	2	.....		
28.10 Polisiestasie	1	2	.....		
Ander, spesifieer .....	1	2	.....		

29. Kies een opsie by elke stelling wat die beste aandui of u met die volgende stellings **beslis saamstem, saamstem, nie saamstem nie** of **beslis nie saamstem nie**.

	Stelling	Stem besli s saam m	Ste m saam m	Neut raal	Stem nie saam nie	Stem besli s nie saam nie		
29.1	Ek is gelukkig om in Wesbank te bly	1	2	3	4	5		
29.2	Ek kan vertrou/staatmaak op die res van die gemeenskap om my te help as ek probleem het	1	2	3	4	5		
29.3	Dit is goeie gebied om kinders in groot te maak.	1	2	3	4	5		
29.4	Die behuising ontwikkeling in Wesbank het gelei tot die verbetering in die sosio-ekonomiese welstand van die gemeenskap?	1	2	3	4	5		
29.5	Daar is voordele daaraan verbonde om betrokke in die gemeenskap te wees.	1	2	3	4	5		
29.6	Ek kan my kulturele/ godsdienstige gewoontes/ gebruike in Wesbank utoileef.	1	2	3	4	5		
29.7	Ek het menswaardige bestaan in Wesbank.	1	2	3	4	5		
29.8	Ek kan myself in Wesbank utoileef.	1	2	3	4	5		
29.9	Ek beskou my woning as plek waarna ek terug kan keer as toevlug (van veiligheid).	1	2	3	4	5		

30. Is u oor die algemeen heeltemal tevrede, tevrede, ontevrede of heeltemal ontevrede tenopsigte van die van die volgende sake rakende u woonomgewing?

	Aangeleentheid	Heeltem al tevrede	Tevred e	Ontevred e	Heeltem al ontevrede		
30.1	Kwaliteit van woning	1	2	3	4		
30.2	Toestand van woning	1	2	3	4		
30.3	Grootte van woning	1	2	3	4		

30.4	Ligging van woning binne Wesbank	1	2	3	4		
30.5	Onderverhuring van woning	1	2	3	4		
30.6	Privaatheid in woning	1	2	3	4		
30.7	Watervoorsiening	1	2	3	4		
30.8	Elektrisiteitsvoorsiening	1	2	3	4		
30.9	Vullisverwydering	1	2	3	4		
30.10	Sanitasie, Dreine/rioolstelsel	1	2	3	4		
30.11	Skoonmaak van strate	1	2	3	4		
30.12	Transport, vervoer, taxi-rank	1	2	3	4		
30.13	Sportsveld	1	2	3	4		
30.14	Speelparke	1	2	3	4		
30.15	Gesondheidsorg (Kliniek/Daghospitaal)	1	2	3	4		
30.16	Skole	1	2	3	4		
30.17	Jeugsentrum	1	2	3	4		
30.18	Gemeenskapsaal	1	2	3	4		
30.19	Biblioteek	1	2	3	4		
30.20	Kleuterskool/crèche	1	2	3	4		
30.21	Kerke	1	2	3	4		
30.22	Polisiestasie	1	2	3	4		
30.23	Sekuriteit by voetbrug	1	2	3	4		
30.24	Veiligheid by die rivier/bos	1	2	3	4		
30.25	Veiligheid in strate	1	2	3	4		

**BAIE DANKIE VIR U TYD EN SAMEWERKING.**

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

**ADDENDUM C**  
**FOKUSGROEPDATA**

(Die response van die deelnemers is nie taalkundig gekorrigeer nie om die integriteit van die inligting te bewaar.)



## 1. Ruimte van die huis.

## 2. Hoogte van die dak

Ons het geen privaatheid nie, ons kinders slaap saam met ons in een vertrek. Ons eet letterlik by die toilet, so naby is dit aan hierdie een vertrek. Ons moet fluister in ons huis, omdat die huise met 'n enkele muur gelas is.

## 3. Gehalte van huise

Dit reën dwarsdeur die geboue, amper asof ons buite woon. Hier is geen fondasie gelê onder die geboue nie. Wanneer ons 'n gat kap kan jy die sand dwarsdeur voel. Die wind en reën kom dwarsdeur die vensters. Die vensters en deure verrot daardeur. Die huise se mure kraak van buite. 'n Dag nadat dit gereën het is ons huise nog steeds nat. Wanneer ons die deure te hard gooi dan breek daar stukke van die sement uit die mure. Daar is ook krake in die asbes van die dakke.

Die waarde van die huise is veronderstel om R17 500 te wees, maar dit is basies net R5000 tot R9000 werd. Mary Okhuis het lankal 'n vergadering gehou waar gesê was dat nog 'n kamer by ons aangebou gaan word. Dit was gesê dat daar 'n R500 vir elke huisgesin in trust geplaas was deur 'n kontrakteur wat dit geskenk het. Die kamer sou daarvan gebou word, maar ons wag nog steeds. Die teringsyfer is verskriklik hoog as gevolg van die toestande waarin ons woon.

## 4. Dreine en Rioolpype

Die rioolpype van die toilet en die pype vanaf die kombuis van vier huise is by een drein gekoppel. Dit veroorsaak 'n slegte reuk in ons huise.

## 5. Krag

Ons huise het net twee kragproppe. Die kragproppe is baie swak en ons krag slaan baie af. Die Telkom-kragpale staan binne in ons erwe. Eendag het iets daar afgeval amper op my kop, wat baie gevaarlik is. Ek betaal belasting en voel dat die kragpale nie in ons erwe geplaas word nie.

6. Fasiliteite wat benodig word

- A. Kerke, omdat ons skole of huise gebruik.
- B. Daghospitaal, omdat ons net 'n babakliniek hier het, moet ons Delft se daghospitaal gebruik. Daar moet al vieruur soggens gaan staan om dokter te sien. Soms word jy nie eers gehelp nie. Kraamsaal, omdat ons vrouens soggens na die daghospitaal moet gaan. Hulle moet ook Macassar toe ry om te kraam.
- C. Ambulansdiens, omdat ons baie rond moet bel wanneer ons 'n ambulans benodig. Hulle kom soms nie uit wanneer ons hulle bel nie. Ek, as mnr. Dokter het al drie sterfgevallen gehad van bure na die hospitaal toe ry.
- D. Polisiekantoor, omdat ons na Kuilsrivier se polisiekantoor moet bel. Wanneer ons die polisie bel kom hulle eers die volgende dag of nooit.
- E. Afdakke by die taxi-rank, omdat ons mense in lang toue in die reën moet wag vir vervoer werk toe.
- F. Kragpunt, omdat ons te ver moet loop om krag te koop, dan word ons kinders beroof. Ons wil graag 'n sentrale kragkooppunt hê.
- G. Ontspanningsgeriewe vir jeug, om hulle besig te hou, dan sal hulle minder met dwelms betrokke raak.
- H. Water. Van ons mense word enige tyd gesny. Wanneer hulle nie kan betaal nie, word hulle gedreig en ons het mos 'n reg tot water.
- I. Spoedwalle in strate, sommige mense ry baie onverskillig en dit is gevaarlik vir ons mense asook kinders. Sypaadjies is nie ordentlik nie. Ek gooi sand in die straat wat dien as spoedwalle.

### 1. Ruimte van huise

Ons het geen privaatheid nie, want ons slaap saam met ons kinders in een vertrek.

### 2. Gehalte van huise

Ons huise is permanent koud en nat in die winter, wat baie ongesond is. Die natheid kom onder deur die vloer, omdat ons huise op 'n vlei gebou is. Ons huise stink permanent. Ek het net 6 maande hier gewoon toe kry ek toring. Die huise gee die kinders brongitis, die reën kom dwarsdeur die vensters en mure, dus bly ons huise nat binne. Ek moet saans my bed weg van die muur skuif anders word my beddegoed nat.

Ons moet dik koerante onder die tapyt gooi anders breek die tapyt gou. Ons kan nie te hard op die vloere trap nie, dan kom daar 'n tipe van 'n sementpoeier af, dan is ons vloere vol gate. Die water loop onder deur die bad wanneer ons water daarin tap. Dit veroorsaak gate dan broei die muise onder die bad, omdat dit hol is. Die mure skei van mekaar dan kan ek die bure se lig dwarsdeur sien brand. Dit veroorsaak ook kokkerotte en weeluse. Ons kan nie die deure te hard gooi nie, anders val die sement by stukke af.

Saans sweet die dak dan tap die sweet bo-op ons wanneer ons slaap. Ons komberse bly nat van die dak van die sweet. Die kragbokse teen die muur, veroorsaak dat ons skok, omdat dit nat word van die water wat deur die mure kom. Sommige van die vensters was agterstevoor ingesit en kan nie oop gemaak word nie. Ons woon in varkhokke.

### 3. Fasiliteite

A. Ons wil graag ons eie polisiekantoor hê.

B. Daghospitaal, omdat ons Delft se daghospitaal moet gebruik. Ons het net 'n babakliniek hier. Die verpleegsters is baie beledigend.

C. Ambulansdiens, omdat ons Kuilsrivier moet bel wanneer een benodig is. Dan maak hulle verskriklik lank as ons hullele bel. Ons het 'n baie hoë misdad- en

verkragtingsyfer. Wanneer ons die ambulans bel dan bel hulle ons oor 'n uur terug om te vra hoe die persoon is.

D. Vervoer, ons taxidiens is baie duur. Dit werk na R30 per week.

E. Werkloosheid, die syfer is baie hoog, dus drink die mense so baie om hulle warm te hou.



### 1. Ruimte

Ma, pa en kinders slaap in een kamer. Dit is baie ongesond om so te lewe. Ons het geen privaatheid nie, omdat die mure baie dun is kan ons bure alles hoor wat ons praat en andersom.

### 2. Dak

Die dakke sweet saans, dan val dit bo-op ons terwyl ons slaap. Die klippe val net so vanself vanaf die dak, bo-op ons koppe.

### 3. Gehalte van struktuur

Die reën kom dwarsdeur die mure dan bly dit nat. Die mure binne is nie gepleister nie. Die deure is van 'n swak gehalte en was nie reg aangesit nie. Die deure swel in die winter dan moet ons dwarsdeur die winter oopdeur slaap. Dit is baie gevaarlik vir inbrake. Die kosyne is ook nie reg gelê nie.

### 4. Dreine

Die dreine van vier huise kom uit in een persoon se agterplaas. By die kombuisdeur, dan gee dit 'n reuk af wat binne-in ons huise kom. Die dreine was nog nooit skoongemaak vir vyf jaar nie. Die munisipaliteit sê ons moet betaal om die dreine skoon te laat maak. Wanneer die dreine oorloop dan is die agterplase vol *sewerage*. As een die *chain* trek kom die *sewerage* op in die bad of in die wasbak in die kombuis.

### 5. Ventilasië

Die ventilasië is te min vir ons groot huisgesinne. Ons huise lyk en ruik permanent verduf, omdat daar net een ventilasiëblok in die huis is. Ons was gesê dat daar 1000 warmwatertoestelle geborg was vir Wesbank. Daar was ook gesê dat die wat nie warmwatertoestelle sou kry nie, 'n kamer sou aangebou kry.

Ons wag nog steeds daarvoor. Hier is 'n shebeen in 15 Marlothstraat wat 24 uur oop is. Mense kom van alle areas na die shebeen toe. Ons kinders hou daaruit, omdat daar *pool*-tafels en speletjies is wat hulle besig hou. Ons wil hulle nie daar hê nie want so kan hulle dronklappe word. Die munisipaliteit moet kyk na minderjariges wat huise hier besit. Dit was gesê dat vroue met kinders kwalifiseer vir die behuisingsprojek. Die mense wat almal huise het voldoen nie



aan die ouderdomsvlak nie. As hierdie minderjariges nie kan bekostig om die huise te betaal nie, koop die bendeleiers dit van hullele. Mense gebruik ook ander se name om huise te bekom, maar dan huur hullele dit uit. Kraaifontein behuisingskema se werker, mnr. Paks, verkoop sommer mense se huise aan ander mense wat hom R500 of R600 betaal om so te doen. Wesbank se kommitee gee die huise aan wie hullele wil. Dit wil sê as 'n mens miskien vir 'n maand familie gaan besoek en iemand vra om na jou huis te kyk, wil dit nie sê dit is nog steeds jou huis wanneer jy terugkeer nie. By 45 Strandloperstraat het 'n vrou gesterf, toe word daar iemand gesoek om die huis te bewoon. Die 28's bende het self daar ingetrek en die huis vir hulle geneem.

## 6. Fasiliteite

### A. Vullisverwydering

Dit vind elke week plaas, maar ons het geen vullisdromme nie. Ons moet ook self vullissakke koop.

### B. Daghospitaal

Ons benodig 'n daghospitaal, omdat ons drieur soggens moet opstaan om na die daghospitaal te gaan. Ons staan buite tot 6:30 vm, tot werkers kom. Sommige mense slaap daar buite terwyl hulle wag. Die meeste van die tyd is daar geen medisyne nie, dan gee hulle resepte aan ons om ons eie medisyne te maak. Ons moet ook buite staan by die babakliniek in die reën met babas.

### C. Polisiekantoor

Kuilsrivier se polisie kom wanneer hulle wil. Hulle is soos bende hulleself. 'n Mens se lewe is meer in gevaar as jy hulle bel. Misdaad is baie hoog.

### D. Ambulansdienste

Hulle kom ook op hulle eie tyd, wanneer ons hulle bel.

### E. Straatligte en telefoonkabels

Die volgende strate het nie hierdie fasiliteite nie: Proto, Wolwegat, Stapelkop, Potberg, Marloth, Malgas en Tradouw.

### F. Gemeenskapsentrum

Ons het nie een nie, en wil graag een hê vir 'n crèche. Die crèche hier is in 'n Wendy-huis wat geen toilette het nie.

### G. Biblioteek en Speelpark

Om ons jeug en kinders besig te hou, asook om te ontspan.

#### H. Kerke

Ons benodig kerke, want dienste word in skoolsale gehou. Hier is net drie A.G.S.- kerke.

#### I. Kragpunte

Ons wil graag 'n kragpunt hê in ons area, omdat ons by Score moet gaan koop. Dit is 'n gevaar omdat mense en kinders daaglik beroof word. Score gee ook nie ons vry eenhede nie, dan moet ons Delft toe stap daarvoor.

Ons moet self ons starte skoon vee, want dit word nie gedoen deur die munisipaliteit nie.



## 1. Ruimte

Die huis se instansie is nie die omgewing vir familie om te groei en te bevorder nie. Ruimte vir bevordering is beperk. Huis het geen fondasie nie. Dit is 'n krot waarin ons woon, omdat dit nie volgens boueregulasie gebou is nie. Die huis is nie volgens standaardhoogte gebou nie, daarom word ons siek. Ons woonoppervlak is laer as die padoppervlak. Ons het geen ruimte om te ontspan in jou slaap nie. Geen ruimte om kos voor te berei nie. Die beplanners het “cheap psycho” gebruik om hierdie huise vir ons te bou. Die Hope Foundation – RDP het beplan om hierdie huise vir minderbevoorregtes te bou. Hulle het dit toe aan kontakteure gegee om te bou, wat die helfte van die geld in hulle sakke gestee het en van die res hierdie plakkerskamp gebou het. Die regering kweek siektes en plakkers asook broeineste vir muise en kokkerotte.

## 2. Toiletgeriewe

Hulle het 'n vierkantige plastiekbad vir ons in kom sit. Dit lyk amper soos 'n perdestal. Ek dink die tronk het beter geriewe as ons.

## 3. Gehalte van huise

Die asbes waarmee dak gebou is maak mense dood. Die dak sweet so dat 'n mens afkop moet slaap, anders drup dit in jou gesig. Die reën loop langs die huis af en maak dan die huis van onder nat. Die konkryt wat gebruik was, word grid konkryt genoem, wat water hou en later dit opstoot. Die kosyne is sommige van hout en ander van konkryt. Die deure moet toegetrap word. Die huise besit net een ventilasieblok wat baie ongesond is. Die mure is so dun, jy kan jou bure dwarsdeur hoor. 'n Kind het 4 jaar gelede hier gesterf van koue, so koud en nat is hierdie huise. Dit is dan beter om buite te staan as om binne in die huise te wees.

## 4. Dreine

Die *sewerage*-pype is te smal, omdat sommige mense papier of koerante gebruik, dus blok dit die pype. Almal kan nie toilet papier bekostig nie. Die pype is al 3 weke geblok en dit stink geweldig. Dit is ook baie ongesond. Die kans hier om gesond te bly is swak.

Ek het Oostenberg-munisipaliteit gevra vir 'n plan toe ek 'n muur om my huis wou bou. Hulle het aan my gese dat hulle nie die huise gebou het nie, dat ek

moet gaan na die mense wat dit gebou het. Hulle kon nie vir my my erf sny nie en sê toe ek moet na 'n private persoon gaan om my erf te sny. Niemand het bewyse dat hierdie ons huise is nie, die bewyse lê by BKS-prokureurs. Die mense wat hulle eie reg gebruik om aan te bou word toegesluit.

5. Fasiliteite

- A. Polisiekantoor – ons eie kantoor. Mense wat nie die huise benodig nie, gebruik dit vir shebeens. Ek vra graag dat polisie bewys het wanneer hulle wil deursoek, want hier kom hulle net in jou huis soos hulle wil. Hulle moet sien na die voetbrug wat so 'n gevaar is.
- B. Daghospitaal – ons soek graag ons eie daghospitaal maar dit moet beter as Delft se daghospitaal wees. Delft se daghospitaal is 'n skande.
- C. Afdakke by taxi-rank
- D. Crèche
- E. Biblioteek
- F. Sportfasiliteite
- G. Speelpark



### 1. Ventilاسie

Ons dink dit is onderstebo ingesit, omdat dit geen werk verrig nie. Dit lyk asof dit reën binne die huis, so sweet die dak as gevolg van te min ventilاسie. Ma van drieling se klere en beddegoed word vermuf van die sweet. Ons gooi baie goed weg. Ek moet my “slippers” wegsteek in my eie huis, want as dit voor my bed staan, dan is dit sopnat soggens as ek opstaan. Ons moet letterlik skuil vir die water wat van die dak afloop. Ons en ons kinders bly siek.

### 2. Gehalte van huise

Skakelhuise, wanneer bure hulle deur te hard klap, dan val daar stukke van ons mure uit. Hulle het nie regte boumateriaal gebruik nie. Huise is bouvallig. Ons het al van ons huise gepleister, maar die weeluisse, vlooië, kokkerotte, asook muise broei nog steeds. My man het eendag per ongeluk te hard teen die muur gestamp, toe voel ons dat die muur los is. My buitemure is ook los, dit gaan enige tyd val.

Ons het geen privaatheid in ons huise nie, want die mure is te dun. Die bure en ons kan met mekaar dwarsdeur die mure gesels. My buurman hoës my wakker saans, ek kan nie behoorlik slaap nie. Ons is te bang om ons kinders te laat huil. Die vloere is vol gate, dit was nie reg gelê nie. Die vensterbanke bly vol sand, omdat die wind dwarsdeur die vensters kom al is dit toe.

### 3. Toiletgeriewe

Wanneer ons die *chain* trek dan loop die water die vloer nat. Dit gebeur al van ons hier kom woon het. Skoonwater loop weg, wat vloere permanent nat hou. Dit veroorsaak baie siektes onder ons familie.

### 4. Natheid van huise

Die reën loop dwarsdeur dak, deur die balke bo-op ons. Ek trek my aan om saans bed toe te gaan. ‘n Sweetpak, kouse, ens. Dit veroorsaak probleme tussen my en my man, deur die natheid wat die koue veroorsaak. Die vier huise aanmekaar bly nat, omdat daar te min lug deurkom. ‘n Ander vrou het al haar huis *gecrete stone* en verf dit jaarliks, maar dit word vermuf dwarsdeur olie verf. Ander mense se huis is gepleister binne en buite, aerolite en *pine ceiling* ingesit, maar

dit word dwardeur nat. Die mure word so nat dat ek somtyds nie 'n oproep kan maak van my Telkom-telefoon nie.

5. Dak van huise

My bed bly vol sand soos die klippies van die dak afval. Daar is gate op die dak buite wat vanself ingeval het, wat veroorsaak dat reën inkom. Ons is te bang om ons kinders elke aand te bad, want hulle kry altyd 'n trek, dan is hulle siek. Die mans drink hulle dronk om warm te bly.

6. Rioolpype

Die rioolwater loop permanent in Alcantara- en Diepwaterstrate. Die strate bly nat en dit stink gevaarlik. Dit is ongesond vir ons en ons kinders. Ons koop die duurste medisyne vir ons kinders.

7. Fasiliteite

A. Daghospitaal

Die babakliniek hier gee net inspuitings en geen medikasie nie. Hulle sê altyd daar is nie medisyne nie, dan gee hulle resepte aan ons. Ons moet dan die bestanddele gaan koop en ons het nie altyd geld nie. Hulle gee net antibiotika wat ons nie altyd vir die kinders kan gee nie.


B. Speelpark

Waar ons kinders kan speel.

C. Biblioteek

Ons moet Delft of Kuilsrivier se biblioteek gebruik.

D. Polisiekantoor



## 1. Grootte van huise

Die huise lyk soos perdestalle. Die Munisipaliteit Oostenberg gee nie om vir ons nie. Die huise is te klein en dit veroorsaak siektes. Man met 5 kinders, 3 het al tering opgedoen en ander 2 asma. Almal is nie so bevoorreg om aan te bou nie. Ons het geen privaatheid nie, ons bure hoor alles wat ons praat en doen. Almal se erwe is nie ewe groot nie.

## 2. Toiletgeriewe

Die toilet is te na aan die kombuis. Die toilet is so klein, jy moet eers omdraai voor jy die deur toe kan maak. Wanneer die *chain* trek, dan loop die water die vloer nat. Hulle het vir ons 'n vierkantige plastiekbak ingesit.

## 3. Gehalte van huise

Die reën loop binne in huis wanneer dit reën. Die vloere bly klam, nat. Die water kom by die vloer op so nat is dit onder. Ons huise is op 'n vlei gebou, daarom is ons huise nat. Ons het geen fondasie nie. Die sement van die huise is baie swak gemaak. Ek het eendag op die rusbak gelê toe val daar 'n stuk sement op my kop. Die vloere is grof en nie reg gelê nie. In die winter sweet die dakke dan drup die water op ons wanneer ons slaap. Ons klere word muf binne in die kaste. In die somer moet ons dit buite hang om droog te word. Die kosyne is van konkryt gebou en nie rame nie. Ons moet dit self insit. In my muur wat my badkamer en kombuis skei, is 'n groot gat. Wanneer iemand op die toilet sit, kan jy dwarsdeur die muur uit die kombuis sien. Ek het my toiletdeur eendag oopgemaak toe val dit inmekaar.

## 4. Waterpype

Alle pype van die huis loop aanmekaar, so dus kom die *sewerage* reuk deur die kombuiswasbak. Die pype is ook te vlak gelê, dit is 100 cm diep en waterpype 30 cm diep. Die pype van huise is gekoppel aan die hoofdrein in die straat. So alle kieme stoot terug na die huise.

## 5. Dreine

Die rioolwater stink permanent in die straat. As dit reën, loop hier 'n rivier deur omdat die sand die dreine blok. Ons het al Oostenberg-munisipaliteit gebel,

maar hulle kom nooit nie. Baie mense is werkloos hier. Ek het al gevra dat ons eie mense die strate kan vee, maar dit was net vir 'n ruk nou is dit weer dood. Ons kinders kry sere van die stinkwater in die straat. Ek het al vir die munisipaliteit gesê van my kind wat onder die dokter is, maar hulle gee nie om nie.

## 6. Fasiliteite

A. Geen geriewe vir jongmense om hulle besig te hou.

B. Daghospitaal

Ons kry geen medisyne by die babakliniek nie. Dit is gevaarlik vir ons om Delft toe te gaan, want die skollies wag vir ons. Ons staan daar buite vanaf 3-uur soggens tot op heeldag, dan word ons soms nie gehelp nie.

C. Biblioteek

Weer eens moet ons Delft toe gaan, wat baie gevaarlik is.

D. Crèche

'n Wendy-huis word hier gebruik sonder toiletgeriewe.

E. Polisiekantoor

Vir ingeval ons hulle benodig. Op die oomblik moet ons Kuilsrivier bel, maar hulle maak verskriklik lank. Soms kom hulle glad nie uit nie.



### 1. Ventilاسie

Te min ventilاسie in ons huise omdat dit nat bly as dit reën. Ons huise ruik en lyk permanent vermuf. Veral die huise wat vier aanmekaar is. Ons huise het net een ventilاسieblok. Probeer om ons huise skoon te hou, maar ons kan nie in hierdie omstandighede nie. Ons en ons kinders is permanent siek as gevolg van die nat huise.

### 2. Ruimte

Hierdie is nie huise wat hulle vir ons gebou het nie, maar varkhokke. Ons het groot families wat almal in een vertrek moet slaap. Dit is baie ongesond vir ons as ouers om 'n kamer te deel met ons kinders. Almal van ons kan nie bekostig om ons huise aan te bou nie. Die toilet en die badkamer is baie naby mekaar, wat ook baie onhigiënies is. Ons bly soos 'n klomp plakkers in hokkies. Hulle kon maar net so goed vir ons hokkies aanmekaar gesit het. Dit is net weer eens 'n plakkerskamp van voor af.

### 3. Gehalte van huise

Die huise is baie goedkoop gebou. Die kontrakteur wat hier gebou het, het ons beroof. Die sement is van 'n swak gehalte, want die stukke sement val net so uit die mure. Ons huise is al vol gate van die klippe wat so uitval. Wanneer jy teen die muur urineer bv. dan val daar gate in die mure. Daar is geen rame by die deure nie. Die deure maak nie reg toe nie, wat baie gevaarlik is vir ons. Die wind kom deur die vensters wat nie reg toemaak nie. Dit reën dwarsdeur die mure, so die huise bly nat binne. Die vloere kan nie eers tapyt op kom nie, want dit bly nat onder, dan breek dit gou. Hierdie mure broei ook kokkerotte en muis. Die dakke sweet saans so gevaarlik wanneer ons slaap. 'n Mens moet jou kop toetrek, anders ward jy sopnat oornag. Dit veroorsaak dat 'n mens siek bly.

#### 4. Toiletgeriewe

Die skoon water loop weg wanneer ons die toilet spoel. Die vloer bly altyd nat en vol gate. Die bad wat hulle aan ons gegee het, is so 'n klein, plastiese, vierkantige ding. Dit lyk amper soos 'n dier se wasbak.

#### 5. Dreine en waterpype

Die dreine blok hier, dan kom die munisipaliteit nie om dit reg te maak nie. Ons kan hulle maar bel, maar hulle stel nie belang nie. Ons waterpype loop almal in een. Die riool kom sommige tye in die bad of kombuiswasbak op. Dit is mos morsigheid en ons waardeer dit mos nie. Die dreine in die strate blok dan stink die hele plek na riool. Die kinders speel buite daarin dan word hulle vol sere en siektes.

#### 6. Fasiliteite

##### A. Polisiekantoor

Wanneer ons noodgevalle het, bel ons Kuilsrivier polisiekantoor. Hulle laat 'n mens baie lank wag of kom glad nie uit nie.

##### B. Daghospitaal


Ons wil ons eie daghospitaal hê, want ons moet drieuur soggens in toue gaan staan om sewe-uur eers gehelp te word by Delft. Ons is ook bang om daarheen te stap vir die bendes. Ons gaan vroeg daarheen dan kry ons soms net 'n babakliniek hier.

##### C. Biblioteek

Ons kinders moet Delft se biblioteek gebruik, dan word hulle beroof op pad daarheen.

##### D. Gemeenskapsentrum

Waar ons gemeenskap ons funksies kan hou. Ons jongmense kan ook vir hulle besig hou wanneer hulle ledig is. Dan hoef hulle nie na die smokkelhuise te gaan, wat speletjies vir hulle aanbied daar nie. So sal hulle minder tienerswangerskappe voortbring.



### 1. Ruimte

Die huise is baie klein 'n mens kan nie eers 'n gedagte verander nie. Ons kinders slaap almal saam met ons in een kamer. Dit is hoekom die kinders so vroeg ryp en vroeg vrot is. Hulle dink hulle is net so groot soos ons as ouers. Daar is geen privaatheid nie. Ons is te arm om ons huise aan te bou. Sommige van ons moet maar 'n ekstra hokkie aan die huise heg vir groterige kinders. Dit veroorsaak ook groot probleme.

### 2. Natheid

Die dak lek nou bly ons huise nat. Die reën kom dwarsdeur die mure. Ons gordyne en beddegoed bly nat. Die kinders wat op die grond slaap se beddens word nat saans as hullele slaap. Hulle word baie siek van die natheid. Die dakke sweet wanneer dit koud is. Dan tap dit op ons wanneer ons slaap. Ons klere word nat dan word dit vermuf, dan moet ons dit weggooi. Ons verloor baie en reeds kan ons dit nie bekostig nie. Ons kinders het permanent verkoue. Ons kry gevaarlik koud gedurende die wintermaande.

### 3. Ventilasië

Die huise het te min ventilasië in. Daarom word die mense en kinders so siek van toring en asma. Die huise word nie behoorlik droog binne nie. Die vier skakelhuise het net een venster in elke huisie, maar die ander huise het twee vensters. Die veroorsaak ook te min ventilasië. In die somer lyk dit 'n mens kan doodgaan so warm word hierdie huise.

### 4. Gehalte van huise

Die dak bestaan net uit asbes en balke. Die wind en reën kom dwarsdeur die dak. Die mure is vol krake en gate. 'n Mens is te bang die mure val inmekaar bo-op ons. 'n Mens kan nie te hard loop of stamp nie, dan val 'n stuk van die muur uit. Die mure is so dun, jy kan alles hoor wat in jou bure se huise plaasvind. Ons het al van ons huise gepleister maar dit help nie. Daar is niks salf te smeer aan hierdie huise nie. Die kokkerotte, vlooië en muise broei in hierdie neste. Ons het 'n groot geveg met hierdie plae. Die muise hardloop oor en weer van huis tot

huis, maar kan nie uitgegroeï word nie. Ons as vroue het regtig 'n groot probleem.

#### 5. Dreine

Die vier skakelhuse het een drein wat gekoppel is. Wanneer daardie drein oorloop dan is die persoon se agterplaas, waar dit geleë is, vol riool van al vier huse. Die strate bly nat van die stinkwater wanneer die dreine geblok is. Dit is 'n ongesonde saak omdat die kinders in die straat speel, want hulle het nie 'n speelpark nie. Die mense gebruik ook baie papier, of koerante, so dit blokkeer die dreine. Die munisipaliteit het nie 'n saak aan met ons nie, ons kan maar bel, maar hulle kom net nooit nie.

#### 6. Fasiliteite

##### A. Daghospitaal

Ons kinders word baie siek, asook ons self. Dan moet ons vroegoggend ure by Delft se daghospitaal gaan staan. Somtyds word ons nie eers gesien deur 'n dokter nie. Hier is 'n babakliniek, maar daar moet ons ook vroeg in toe gaan staan. Hulle het ook baie weinig medisyne, dan gee hulle resepte aan ons. Ons kan dit nie altyd bekostig om die bestandele te koop wat voorgeskryf word.

##### B. Polisiekantoor

##### C. Fasiliteite vir jongmense

Ons kinders gaan verlore hier in die plek. Hulle word ingesluk deur drank en dwelms.


##### C. Biblioteek


##### D. Kleuterskool

Die een hier is in 'n Wendy-huis wat baie onveilig is. Daar is ook geen fasiliteite nie.

**ADDENDUM D**  
**WESBANK – LIGGING**







## **ADDENDUM E**

### **PLANNE VAN ENKELWONING EN SKAKELWONING**

